

**DIE INVLOED VAN DIE VERANDERENDE
SAMELEWING OP DIE PSIGIESE LEWE VAN
DIE KIND-IN-OPVOEDING**

M.E. BECKER

1995

**DIE INVLOED VAN DIE VERANDERENDE SAMELEWING
OP DIE PSIGIESE LEWE VAN DIE KIND-IN-OPVOEDING**

**MARTHA ELIZABETH BECKER
B.A. (UP); H.O.D. (UP); B.ED. (UP)**

**Verhandeling
voorgelê ter
nakoming van die
vereistes vir die graad**

MAGISTER EDUCATIONIS

in die

DEPARTEMENT OPVOEDKUNDIGE SELKUNDE

van die

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

aan die


UNIVERSITEIT VAN ZOELOELAND

**Durban
Maart 1995**

**Studieleier : Dr. A. van der Merwe
Mede-studieleier : Prof. G. Urbani**

VERKLARING

"EK VERKLAAR HIERMEE DAT: 'DIE INVLOED VAN DIE VERANDERENDE SAMELEWING OP DIE PSIGIESE LEWE VAN DIE KIND-
IN-OPVOEDING' MY EIE WERK IS EN DAT EK ALLE BRONNE WAT EK
GEBRUIK HET DEUR MIDDEL VAN VOLLEDIGE VERWYSINGS
AANGEDUI EN ERKEN HET."



M.E. BECKER
DURBAN
MAART 1995

DANKBETUIGINGS

By voltooiing van hierdie taak wil ek my opregte dank en waardering betuig teenoor:

- Die almagtige God wat aan my die wysheid, krag en deursettingsvermoë gegee het om hierdie studie aan te pak en te voltooi.
- Dr. A. van der Merwe, my studieleier en Prof. G. Urbani, vir hulle inspirasie en aanmoediging, die ure van opoffering, hul gewaardeerde vriendskap en hulle vertrouwe in my vermoëns.
- My wonderlike man Hennie, wat my deurgaans met opregte liefde, ondersteuning en geduld bygestaan het.
- My allerliefste kleinding Francis, wat so baie aandag moes verbeur.
- Me T. Botha, vir die netjiese tikwerk en finale versorging.

Opgedra aan
Hennie en Francis

SAMEVATTING

DIE INVLOED VAN DIE VERANDERENDE SAMELEWING OP DIE PSIGIESE LEWE VAN DIE KIND-IN-OPVOEDING.

Die doel van hierdie studie was om vas te stel of die veranderende samelewing die psigiese lewe van die kind-in-opvoeding – met spesifieke verwysing na die adolessent – beïnvloed.

Uit die literatuurstudie het dit geblyk dat die hedendaagse samelewing deurstrom word met skadelike opvoedingsbelemmerende faktore, soos byvoorbeeld gesinsverbrokkeling, kontakinflasie, massafikasie, bewussynsmanipulasie, vertegnisering, verpolitisering en verseksualisering – om maar net enkeles te noem. Snelle veranderinge vind ook plaas op die terreine van die demografie, ekonomie, politiek, ekologie, beroepsbeoefening, rekreasie en sosiaal-maatskaplike verhoudinge.

Die adolessent beleef hierdie veranderende leefwêreld deur homself tot die totale werklikheid te oriënteer. Deur sy belewing stig hy 'n netwerk van verhoudinge met homself, betekenisvolle ander in sy lewe, dinge/idees en God.

Dit is die taak van die opvoeder om aan die nog-nie-volwasse opvoedeling, te midde van die veranderende samelewing wat opvoedingsbelemmerend op beide inwerk, 'n veilige ruimte as leefwêreld te skep waarvandaan hy relasies kan stig.

Ten einde die aard van die adolessent se belewing van sy veranderende leefwêreld te bepaal, is 'n empiriese ondersoek deur middel van 'n selfgestruktureerde vraelys onderneem.

Uit die ondersoek het dit geblyk dat die veranderende samelewing die adolessent wel ten opsigte van bykans al sy verhoudinge beïnvloed.

Op grond van hierdie bevindinge is sekere aanbevelings rakende die kerngesin, die ouer- en skoolgemeenskap en die kerk gemaak.

Met hierdie navorsing is daar gepoog om meer te wete te kom aangaande die adolessent se relasies in 'n veranderende samelewing. Die hoop word uitgespreek dat dit tot beter verhoudinge tussen opvoedlinge en opvoeders sal lei.

SUMMARY

THE INFLUENCE OF THE CHANGING SOCIETY ON THE PSYCHIC LIFE OF THE CHILD IN EDUCATION

The aim of this study was to determine whether the changing society has an influence on the psychic life of the child in education – with specific reference to the adolescent.

From the literature study it became clear that the southern African society of the twenty-first century will probably be characterized and controlled by technological advancements to such an extent that it will justifiably be labelled as technocratic. Changes can be expected in fields of demography, economy, ecology, value orientations, labour, recreation and societal relationships and politics. In many ways society has also become sexualized.

The adolescent experiences this changing life-world through a network of relations – with himself, his parents, his teachers, his peer-group, with ideas/things and with God.

The young person of today and tomorrow will have to be educated in such a way that he can participate in the social life within such a technocratic society in a morally self-determining, constructive and decent way.

After the literature study an empirical investigation was done by means of a self-structured questionnaire. During the discussion of the research design, the questionnaire, pilot study and statistical methods were discussed in detail. This questionnaire was administered to the standard 9 pupils of three high schools.

Subsequently, the results of the investigation were analyzed. It was found that the changing society has a definite influence on almost all of the adolescent's relations.

In the light of the findings certain recommendations were made regarding the family, school and church.

With this research an effort was made to establish certain recommendations in order to improve the relation between educands and educators.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN ORIËNTERING

	Bladsy
1.1 INLEIDING	1
1.2 PROBLEEMSTELLING	2
1.3 BEGRIPSVERHELDERING	4
1.3.1 Die teorie van beleving	4
1.3.2 Gesin	5
1.3.3 Gemeenskap	6
1.3.4 Portuurgroep	6
1.3.5 Selfaktualisering	7
1.4 DOEL MET DIE ONDERSOEK	7
1.5 METODE VAN ONDERSOEK	8
1.6 VERDERE VERLOOP VAN DIE STUDIE	8
1.7 SAMEVATTING	9

HOOFSTUK 2

DIE VERANDERENDE SAMELEWING

	Bladsy
2.1	INLEIDING 10
2.2	VERANDERINGE IN DIE SAMELEWING 10
2.2.1	Vertegnisering 11
(1)	Demografiese verandering 16
	(a) Verstedeliking 16
	(b) Bevolkingsaanwas 16
	(c) Hoër lewensverwagting 17
	(d) Veranderde ouderdomsamestelling 17
(2)	Ekonomiese veranderinge 17
	(a) Vervlegte wêreld ekonomie 17
	(b) Die Suid-Afrikaanse ekonomie 18
	(c) 'n Veranderde lewenstandaard 18
(3)	Ekologiese veranderinge 19
	(a) 'n Besoedelde ekologie 19
	(b) Kwynende goudreserwes 19
	(c) Uitputting van marine-lewe 19
	(d) Skadelike afval 20
	(e) Gevaarlike kernkrag 20
(4)	Waarde-oriëntasie-verandering 20
	(a) Eie krag en vernuf versus afhanklikheid 20
	(b) Kriteria vir beoordeling 21
	(c) 'n "Wil-hê-oriëntasie" 21
	(d) Geëksploteerde biosfeer 21
	(e) Verwarrende denkstrominge 22
(5)	Beroepslewe-veranderinge 22

	Bladsy
(a) Matelose beroepskeuse	22
(b) Voortgesette leer	22
(c) Beroepsmatige mobiliteit	23
(6) Vryetyds- en rekreasieverandering	23
(a) Meganisasie en outomatisasie	23
(b) Toenemende vrye tyd	24
(c) Massamedia-beïnvloeding	24
(d) Groter mobiliteit	24
(7) Sosiaal-maatskaplike veranderinge	25
(a) Kontakinflasie	25
(b) Samelewingsonbehaaglikheid	25
2.2.2 Verpolitisering van die onderwys	25
(1) Verandering ten opsigte van die onderwyser	27
(2) Verandering ten opsigte van die kind	28
(3) Veranderinge ten opsigte van die kurrikulum	29
(4) Verandering ten opsigte van die samelewing	29
(5) Die relativiteitsbeginsel	31
(6) 'n "Wêreldkultuur as oogmerk	32
2.2.3 Verseksualisering	33
(1) Seksualiteit en kulturele verskeidenheid	35
(2) Seksualiteit en die massamedia	36
(a) Musiek	37
(i) Seksualiteit en popmusiek	39
(ii) Okkultisme en popmusiek	41
(iii) Dwelmmiddels en popmusiek	44
(iv) Geweld en popmusiek	45
(b) Lektuur	46
(c) Televisie en rolprente	48
(d) Advertensies en reklame	49
2.3 SAMEVATTING	51

HOOFSTUK 3

DIE ADOLESSENT SE BELEWING VAN DIE VERANDERENDE LEEFWêRELD

	Bladsy
3.1	INLEIDING 53
3.2	DIE ADOLESSENT 53
3.2.1	Die periode van adolessensie 53
3.2.2	Verskillende beskouinge oor adolessensie 56
(1)	Biologiese beskouinge 56
(2)	Psigoanalitiese beskouinge 58
(3)	Sosio-psigoanalitiese beskouinge 59
(4)	Sosiologiese beskouinge 61
(5)	Antropologiese beskouinge 62
(6)	Die Psigologiese benadering 63
(7)	Die psigososiale beskouing 64
(a)	Aanvaarding van die eie liggaamsbou en die doeltreffende beskerming en gebruik van die liggaam 64
(b)	Verwerwing van emosionele onafhanklikheid van ouers en ander volwasse nes 65
(c)	Aanknoping van nuwe en meer volwasse verhoudings met portuurs van beide geslagte 66
(d)	Begeerte na en verwerwing van sosiaal verantwoordelike gedrag 66
(e)	Verwerwing van 'n stel waardes en 'n etiese sisteem as riglyn vir gedrag – ontwikkeling van 'n lewens- en wêreldbeskouing . 67
(f)	Verwerwing van 'n manlike of vroulike geslagsrol 67
(g)	Voorbereiding vir 'n beroep 68
(h)	Voorbereiding vir 'n huweliks- en gesinslewe 69
(8)	Fasetorieë 70

	Bladsy
(iv) Verantwoordelikheid	96
(v) Vertroue	96
(b) Konflik tussen adolessente en hulle ouers	96
(c) 'n Versteurde ouer-kind-relasie	99
(2) Portuurgroep	100
(a) Die aard en ontwikkeling van die portuurgroep	101
(b) Funksies van die portuurgroep	103
(i) Emansipasie	104
(ii) Sosiale aanvaarbaarheid	104
(iii) Die portuurgroep as verwysingsgroep	105
(iv) Eksperimentering	106
(v) Kompetisie	106
(vi) Sosiale mobiliteit	106
(vii) Rekreasie/Vryetydsbesteding	107
(c) Sosiale probleme gedurende adolessensie	107
(i) Masturbasie	107
(ii) Homoseksualiteit	107
(iii) Tienerswangerskap en aborsie	108
(iv) Vroeë huwelike	109
(v) Voorhuwelike seksuele aktiwiteite	1110
(3) Onderwysers	110
(a) Die onderwyser se selfkonsep	111
(b) Positiewe invloed op die leerling se selfkonsep	112
3.4.4 Verhouding met dinge en idees	114
(1) Versteurde verhouding met dinge in die wêreld	115
(a) Versteurde verhouding met tyd	116
(b) Versteurde verhouding met norme en waardes	117
3.4.5 Verhouding met God	119
(1) Rasionele benadering	119

	Bladsy
(b) Voorspellingsgeldigheid	135
4.4 DIE LOODSSTUDIE	136
4.5 VERSPREIDING EN AFNEEM VAN DIE VRAELYS	137
4.6 STATISTIESE TEGNIEKE	138
4.7 LEEMTES IN DIE ONDERSOEK	139
4.8 SAMEVATTING	140

HOOFSTUK 5

DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

5.1 INLEIDING	141
5.2 AANBIEDING EN ONTLEDING VAN DIE DATA	141
5.2.1 Biografiese gegewens	141
(1) Frekwensie volgens skole wat aan die ondersoek deelgeneem het	141
(2) Ouers/voogde	142
(3) Geslag van respondent	143
5.2.2 Response van adolessente op die verhoudingdimensies	143
(1) Verhouding met self	144
(2) Verhouding met ander	147
(a) Verhouding met ouers/voogde	148
(b) Verhouding met onderwysers	151

	Bladsy
(c) Verhouding met portuur	152
(3) Verhouding met dinge/idees	154
(4) Verhouding met God	156
5.3 SAMEVATTING	158

HOOFSUK 6

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

6.1 SAMEVATTING	159
6.1.1 Probleemstelling	159
6.1.2 Die veranderende samelewing	159
6.1.3 Die adolessent se beleving van die veranderende leefwêreld	160
6.1.4 Navorsingsontwerp	161
6.1.5 Die empiriese ondersoek	162
6.1.6 Die doel met die ondersoek	162
6.1.7 Bevindinge van hierdie ondersoek	162
(1) Verhouding met homself	162
(2) Verhouding met ander	163
(a) Verhouding met ouers	163
(b) Verhouding met onderwysers	163
(c) Verhouding met portuur	163
(3) Verhouding met idees en dinge	164
(4) Verhouding met God	164
6.2 AANBEVELINGS	165
6.2.1 Die kerngesin	165
(1) Motivering	165
(2) Aanbeveling	165

	Bladsy
6.2.2 Die opvoedingsopgawe van die skool	165
(1) Motivering	165
(2) Aanbeveling	166
6.2.3 Die kerk	167
(1) Motivering	167
(2) Aanbeveling	168
6.2.4 Voortgesette navorsing	168
6.3 SLOTOPMERKING	168
BRONNELYS	170
BYLAE A	192
BYLAE B	198
BYLAE C	215
 FIGURE	
Figuur 3.1 'n Hiërargiese struktuur van die selfkonsep (aangepas uit Monteith <i>et al.</i> , 1988: 187)	84
Figuur 3.2 Bronne van stres (aangepas uit Gouws & Kruger, 1994: 98)	90
Figuur 3.3 Die simptome van stress (Gouws & Kruger, 1994: 100)	92
Figuur 3.4 Stadia in die ontwikkeling van groepe (Gouws & Kruger, 1994: 119)	101
Figuur 3.5 Verband tussen selfkonsep en gedrag (Burns, 1985: 154)	111

TABELLE

Tabel 1:	Frekwensieverspreiding volgens skole wat aan die ondersoek deelgeneem het	141
Tabel 2:	Frekwensieverspreiding volgens ouers/voogde van respondente	142
Tabel 3:	Frekwensieverspreiding volgens geslag van respondente	143
Tabel 4:	Frekwensieverspreiding volgens respondente se verhouding met hulself	144
Tabel 5:	Frekwensieverspreiding volgens respondente se verhouding met hulle ouers/voogde	148
Tabel 6:	Frekwensieverspreiding volgens respondente se verhouding met hulle onderwysers	151
Tabel 7:	Frekwensieverspreiding volgens respondente se verhouding met hulle portuur	153
Tabel 8:	Frekwensieverspreiding volgens respondente se verhouding met dinge/idees	154
Tabel 9:	Frekwensieverspreiding volgens respondente se verhouding met God	157

HOOFSTUK 1 (Inhoud)

INLEIDING EN ORIËTERING

	Bladsy
1.1	INLEIDING 1
1.2	PROBLEEMSTELLING 2
1.3	BEGRIPSVERHELDERING 4
1.3.1	Die teorie van beleving 4
1.3.2	Gesin 5
1.3.3	Gemeenskap 6
1.3.4	Portuurgroep 6
1.3.5	Selfaktualisering 7
1.4	DOEL MET DIE ONDERSOEK 7
1.5	METODE VAN ONDERSOEK 8
1.6	VERDERE VERLOOP VAN DIE STUDIE 8
1.7	SAMEVATTING 9

Hoofstuk 1

INLEIDING EN ORIËNTERING

1.1 INLEIDING

"South Africa is a disturbed and disturbing society" (Muller, 1990: 1). Die adolessent, soos ook die volwassene, verkeer in 'n moeilike posisie van aanpassing en verandering om deel te word en te bly van die steeds veranderende Suid-Afrikaanse samelewing. Die lewe-in-eenvoud van 'n eeu gelede het 'n lewe-in-meervoud (meervoudige sosiale groeperinge) geraak in 'n materialistiese, kompeterende, stresvolle, massale, dinamiese samelewing en die adolessent het 'n besonder moeilike taak om sy plek te vind en sodoende sy volwasse rol te vervul (Monteith, Postma & Scott, 1988: 216).

Veranderinge vind al vinniger plaas, hoofsaaklik as gevolg van tegnologiese en politieke ontwikkelinge. Wat in die verlede ondenkbaar was, gebeur vandag of is moontlikhede vir die toekoms. Die mens, en by uitstek die jeug, word in toenemende mate blootgestel aan die wêreldkultuur en invloede wat vreemd aan hul eie kultuur is. Bestaande gebruike en tradisies moet vinnig plek maak vir nuwes. Die onsekerheid van die volwassenes self lei tot onsekerheid en 'n verlies aan sekuriteit by die adolessent. Meer as ooit ontbreek dit die mens aan 'n integrerende visie op lewe in die wêreld (Pretorius, 1990: 100).

In ons tyd van chaotiese menslike verhoudinge vra die adolessent na sy plek in die lewe, omdat dit so moeilik is om 'n duidelike plek tussen die mense in

te neem en te handhaaf. Die ontstaan van 'n "kindvyandige kultuur" (Packard, 1983: 3-107) disoriënteer die jeugdige net verder in al sy verhoudinge. Die adolessent moet homself opnuut oriënteer ten opsigte van menseverhoudinge, waardes en tradisies.

Dit het weinig sin om met opvoedingsituasies en opvoedingsdoeleindes besig te wees, sonder om tegelykertyd 'n stryd te voer vir 'n beter en menswaardiger samelewing. Juis daarom moet opvoeding, volgens Traas (Pretorius, 1990: 129), ook gerig wees op die verandering van die samelewing.

Die jeugdige van vandag en môre sal só opgevoed moet word dat hy sedelik selfbepalend, konstruktief en menswaardig deelgenoot kan wees van die veranderende suider-Afrikaanse samelewing. Sodanige opvoeding sal die klem moet laat val op kommunikasie-, leef- en oorleefvaardighede waaraan álmal sal moet saamwerk: kultuurmandaat van élkeen in die land.

Die moderne tydvak mag nie net in terme van die negatiewe beskryf word nie, want daar is ook positiewe elemente wat ter bevordering van die pedagoogiese ingespan kan word. Ouers en onderwysers moet egter bedag wees op die ontwrigtende invloede van die tegnokratiese samelewing, veral ten opsigte van intermenslike verhoudinge. Die kind is mens in nood aan 'n medemens om hom in sy betrokkenheid by menswording te steun. Daarom moet die kind ook in die vertegniseerde en verpolitiseerde wêreld as driedimensionele (kognitief, affektief en normatief) wese begelei word tot verantwoordelike volwassenheid en nie maar slegs tot doeltreffende tegnokraat nie (De Klerk, 1989: 450).

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die kontemporêr-moderne wêreld verwys na die tydvak ná die Tweede

Wêreldoorlog, toe talle ingrypende deurbrake op tegnologiese gebied plaasgevind het. Alhoewel die tegnologie baie voordele vir die mens inhou, word die gees van die tegniek deesdae verabsoluteer en word gemeenskap en samelewing slagoffers van die tegnologie. Hierdie teknokrasie bevorder 'n bepaalde leefwyse wat nie rekening hou met die mens in sy totaliteit nie en ook nie met sy diepste hunkerings nie. Nie alleen word die mens in sy menslikheid aangetas nie, maar dit beïnvloed hom ook in al sy verhoudinge. Die teknokratiese ingesteldheid veroorsaak versteurde en ontwrigte verhoudinge en bring verwydering tussen mens en ding, mens en medemens en mens en God (De Klerk, 1989: 445).

In ons eietydse, verstedelike massasamelewing is sowel opvoedeling as opvoeder sterk onderhewig aan die volgende samelewingsinvloede wat die kwaliteit van gesinsopvoeding kan ondermyn en derhalwe die pedagogiese verhoudingstrukture kan skend: bevolkingsdigtheid, bevolkingsbeweeglikheid en 'n skaalvergroting. Gepaard hiermee gaan anonimiteit en kontakinflasie, massakommunikasie, massafikasie, normkrisis en 'n gejaagde, gekompliseerde en onbestendige lewe wat neurotiserend op die individu inwerk (Louw (red.), 1987: 26).

Die geestelike volksgesondheid van ons samelewing word duidelik weerspieël in daaglikse nuusberigte oor die radio, televisie en in koerante, waaruit blyk dat dwelm- en drankmisbruik, seksuele bedrywighede onder tieners, satansaanbidding, kindermishandeling en tienerselfmoord aan die orde van die dag is.

Die invloed van die veranderende samelewing op die psigiese lewe van die kind-in-opvoeding word gespieël in die belewing van sy verhouding tot homself, ander, God en dinge en idees, en die wyse waarop hierdie

verhoudinge sig binne die raamwerk van die pedagogiese verhoudingstrukture – te wete die vertrouens-, gesags- en kenverhouding – voltrek.

In die lig van die voorafgaande blyk die probleemvrae wat met hierdie navorsing aandag sal kry, die volgende te wees:

- wat is die aard van die veranderende samelewing; en
- wat is die invloed hiervan op die psigiese lewe van die kind-in-opvoeding?

1.3 BEGRIPSVERHELDERING

Begrippe of konsepte behels sekere simboliese konstruksies waardeur die mens sin en betekenis aan sy leefwêreld gee. In die beoefening van wetenskap, waar dit juis gaan om die suiwerheid van uitsprake ten einde tot objektiewe algemeen geldende kennis te geraak, is taalpresiesheid noodsaaklik. Daarom word enkele begrippe waarna gereeld in hierdie studie verwys word, verduidelik.

1.3.1 Die teorie van beleving

Plug, Meyer, Louw en Gouws (1991: 367) definieer "teorie" as: "'n Groep logies samehangende stellings wat aangebied word as verklaring vir 'n groep verwante verskynsels en/of as 'n sistematiese beskrywing van die verbande tussen die feite wat op 'n saak (of 'n groep verwante sake) betrekking het, byvoorbeeld die retineksteorie van kleurwaarneming of enigeen van die persoonlikheidsteorieë. Hipoteses word gewoonlik uit 'n teorie afgelei deur

'n proses van deduksie, en empiriese bevestiging van sulke hipoteses word geïnterpreteer as steun vir die betrokke teorie. 'n Teorie is dus meer omvattend as 'n hipotese".

Belewing hou verband met die affektiewe (gevoelsmatige) dimensie van die menswees. Dit dui op evaluering van 'n vloeibare situasie wat in die breë kategorieë van aangenaam of onaangenaam ingedeel word. Belewing hou dus verband met die situasie waarin die persoon hom bevind. Vreugde, blydschap, opgewondenheid, teleurstelling, opgeruimdheid, frustrasie, simpatie, droefheid, leed en antipatie is gevoelsbelewinge wat aandui hoe betrokkenheid by 'n sekere situasie 'n persoon gevoelsmatig raak (Vrey, 1979: 42-45; Du Toit & Kruger, 1991: 18-19).

Belewing is 'n wyse van singewing en sinbelewing wat op verskillende niveaus (affektief, kognitief en normatief) voltrek word. Sonder belewing is daar nie sprake van 'n leefwêreld nie. Dit is juis deur die talle belewenisse van die werklikheid dat die kind se eie, unieke leefwêreld tot stand kom. Belewing druk die mens se totale betrokkenheid teenoor die wêreld uit. Aangesien die mens by uitstek 'n verhoudingswese is, is dit moontlik om sy belewing te begryp deur sy verhouding tot homself, tot ander, tot dinge en idees en tot God in oënskou te neem. Al die mens se belewinge geskied binne verhoudinge.

Bovermelde teorie in verband met belewing sal die grondslag van hierdie studie vorm.

1.3.2 Gesin

Volgens Le Roux (red.) (1992: 6) is die gesin die kleinste, mees basiese

sosiale eenheid in die samelewing wat deur bloedverwantskap, huwelik of aanneming verbind word. Die samestelling van 'n gesin kan varieer vanaf 'n kinderlose egpaar of enkel-ouergesin, tot 'n egpaar met verskeie eie en/of aangenome kinders. Wat die funksionele organisasie betref, kan die gesin varieer van 'n matriargale monogamie tot 'n patriargale poligamie.

Die "kerngesin" is, volgens Engelbrecht (1994: 21), 'n leefeenheid van 'n man, vrou en kind(ers) wat 'n betreklik vaste en duursame leefgemeenskap vorm, waarin hulle gesamentlik aan aktiwiteite deelneem, samehorigheid ervaar en 'n eie (gesins) identiteit verwerf. Aan die basis hiervan lê 'n gevoel van lotsverbondenheid, 'n belewing van "onsheid", 'n wete van by mekaar te hoort en 'n toewyding om verantwoordelikheid vir mekaar te dra (Angenent, 1985: 19). Dit behels 'n vibrerende eenheid te midde van die "tangle of joy, frustration, delight and love that forms the fabric of a family" (Russel, 1988: 199).

1.3.3 Gemeenskap

Gemeenskap is 'n funksioneel verwante versameling persone met 'n gemeenskaplike kultuur, kollektiewe bedrywighede, belange en identiteit wat op 'n bepaalde tydstip in 'n spesifieke geografiese gebied woon. Dit kan ook met samelewing vertaal word (Le Roux (red.), 1992: 8).

1.3.4 Portuurgroep

'n Hiërargiese groepering van sosiale en ouderdomsgelyke individue, wat as 'n samelewing in die klein funksioneel en deur middel van gemeenskaplike gedragskodes 'n betekenisvolle invloed op die lede se norme, waardes en

gedragpatrone uitoefen, staan bekend as 'n portuurgroep (Le Roux (red.), 1992: 13).

1.3.5 Selfaktualisering

Selfaktualisering is die doelbewuste proses waarvolgens die individu, ooreenkomstig sy selfkonsep, streef na optimale verwesenliking van sy potensiaal, talente en vermoëns (Van Rensburg & Landman, 1986: 194; Le Roux (red.), 1992: 15). Dit is die daadwerklike handeling om gegewe moontlikhede in sosiale situasies te realiseer.

Selfaktualisering as opvoedingsdoel sluit in hulp en steungewing aan die opvoedeling om hom te help om die beste te word wat hy kan (Pretorius, 1990: 20-21). Die selfaktualiseerder is mens in die volle sin van die woord (Kotzé, 1992: 135-139; Plug *et al.* 1991: 318). Om tot selfverwerkliking (selfaktualisering) te kom is lewenservaring nodig. Die opvoedeling het 'n menslike ideaalmodel (die opvoeder) nodig met wie hy hom kan identifiseer. Hy moet kan kies uit die waardes en norme wat deur die ideaalmodelle vir hom voorgeleef word.

1.4 DOEL MET DIE ONDERSOEK

Die doel met hierdie ondersoek kan na aanleiding van die probleemvrae soos volg geformuleer word:

- om 'n literatuurstudie in verband met die veranderinge in die samelewing te onderneem;

- om die invloed van sodanige veranderinge in die samelewing op die psigiese lewe van die kind empiries te bepaal; en
- om op grond van die bevindinge aanbevelings te maak wat opvoeders in hul begeleiding van die kind tot volwassenheid moontlik behulpsaam kan wees.

1.5 METODE VAN ONDERSOEK

Hierdie ondersoek val uiteen in 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek. Die bestudering van gesaghebbende literatuur sal agtergrondkennis aangaande verbandhoudende sake verskaf.

Die empiriese ondersoek word gedoen met behulp van 'n vraelys wat deur al die Standaard 9-leerlinge van die geselekteerde hoërskole ingevul sal word. Hierdie inligting sal met behulp van die Qutro Pro-program statisties ontleed word. Die resultate sal teen die agtergrondkennis, voortspruitend uit die literatuurstudie, gebruik word om tot bepaalde gevolgtrekkings te kom en moontlike aanbevelings te maak.

1.6 VERDERE VERLOOP VAN DIE STUDIE

In hoofstuk 2 sal die veranderende samelewing onder die loep kom.

Hoofstuk 3 sal gewy word aan die psigiese lewe van die kind-in-opvoeding, en sal belig word in terme van sy verskillende verhoudinge.

In hoofstuk 4 sal die navorsingsontwerp uiteengesit word.

Die empiriese ondersoek wat onderneem sal word, sal in hoofstuk 5 bespreek word.

'n Kort samevatting en enkele toepaslike aanbevelings sal die inhoud van hoofstuk 6 vorm.

1.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die probleemstelling, doel en metode van ondersoek behandel. Enkele relevante begrippe is verhelder en die verdere verloop van die studie is aangedui.

In hoofstuk 2 sal die aard van die veranderende samelewing vervolgens toegelig word.

HOOFSTUK 2 (Inhoud)

DIE VERANDERENDE SAMELEWING

	Bladsy
2.1	INLEIDING 10
2.2	VERANDERINGE IN DIE SAMELEWING 10
2.2.1	Vertegniserings 11
(1)	Demografiese veranderinge 16
	(a) Verstedeliking 16
	(b) Bevolkingsaanwas 16
	(c) Hoër lewensverwagting 17
	(d) Veranderde ouderdomsamestelling 17
(2)	Ekonomiese veranderinge 17
	(a) Vervlegte wêreld ekonomieë 17
	(b) Die Suid-Afrikaanse ekonomie 18
	(c) 'n Veranderde lewenstandaard 18
(3)	Ekologiese veranderinge 19
	(a) 'n Besoedelde ekologie 19
	(b) Kwynende goudreserwes 19
	(c) Uitputting van marine-lewe 19
	(d) Skadelike afval 20
	(e) Gevaarlike kernkrag 20
(4)	Waarde-oriëntasie-veranderinge 20
	(a) Eie krag en vernuf versus afhanklikheid 20
	(b) Kriteria vir beoordeling 21
	(c) 'n "Wil-hê-oriëntasie" 21
	(d) Geëksploiteerde biosfeer 21
	(e) Verwarrende denkstrominge 22
(5)	Beroepslewe-veranderinge 22
	(a) Matelose beroepskeuse 22
	(b) Voortgesette leer 22

	(c) Beroepsmatige mobiliteit	23
(6)	Vryetyds- en rekreasieveranderinge	23
	(a) Meganisasie en outomatisasie	23
	(b) Toenemende vrye tyd	24
	(c) Massamedia-beïnvloeding	24
	(d) Groter mobiliteit	24
(7)	Sosiaal-maatskaplike veranderinge	25
	(a) Kontakinflasie	25
	(b) Samelewingsonbehaaglikheid	25
2.2.2	Verpolitisering van die onderwys	25
(1)	Verandering ten opsigte van die onderwyser	27
(2)	Verandering ten opsigte van die kind	28
(3)	Verandering ten opsigte van die kurrikulum	29
(4)	Verandering ten opsigte van die samelewing	29
(5)	Die relativiteitsbeginsel	31
(6)	'n "Wêreldkultuur" as oogmerk	32
2.2.3	Verseksualisering	33
(1)	Seksualiteit en kulturele verskeidenheid	35
(2)	Seksualiteit en die massamedia	36
	(a) Musiek	37
	(i) Seksualiteit en popmusiek	39
	(ii) Okkultisme en popmusiek	41
	(iii) Dwelmmiddels en popmusiek	44
	(iv) Geweld en popmusiek	45
	(b) Lektuur	46
	(c) Televisie en rolprente	48
	(d) Advertensies en reklame	49
2.3	SAMEVATTING	51

Hoofstuk 2

DIE VERANDERENDE SAMELEWING

2.1 INLEIDING

Die suider-Afrikaanse samelewing van die een-en-twintigste eeu sal waarskynlik só sterk deur die tegnologie gekenmerk en beheers word dat dit as tegnokraties bestempel sal kan word. Veranderinge kan verwag word op die terreine van die demografie, ekonomie, politiek, ekologie, waarde-oriëntasies, beroepsbeoefening, rekreasie en sosiaal-maatskaplike verhoudinge. Verder speel die pluraliteit van die samelewingsamestelling in die Republiek van Suid-Afrika geen geringe rol in die onsekerheid, vertwyfeling en angstigheid wat deur beide opvoeders en opvoedlinge ervaar word nie.

Toffler (1974: 3) wys tereg daarop dat alle opvoeding en onderwys uit die een of ander beeld wat die samelewing van die toekoms het, ontspring: "If the image of the future held by a society is grossly inaccurate, its education system will betray its youth."

In die lig van die voorafgaande is dit dus noodsaaklik om die veranderinge in die samelewing te ontleed en te beskryf, met die uitlig van moontlike gevare en konflikte wat daaraan verbonde mag wees, omdat die kind-in-opvoeding in al sy verhoudinge daardeur beïnvloed en selfs ontwig kan word.

2.2 VERANDERINGE IN DIE SAMELEWING

Daar word dikwels gepraat van die krisis waarin die wêreld verkeer en dan

word byna onvermydelik verwys na allerlei problematiese samelewings-verskynsels soos geweld, ongebreidelde bevolkingsgroei, armoede, honger, plakkery, seksuele losbandigheid, gesinsverbrokkeling en die VIGS-pandemie. Vervolgens word 'n paar skadelike samelewingsinvloede bespreek.

2.2.1 Vertegnisering

Die huidige en voorsienbare toekomstige suider-Afrikaanse samelewing kan moontlik getipeer word as 'n massasamelewing; 'n massakonsumpsiesamelewing; 'n ruilsamelewing; 'n industriesamelewing; 'n vryetydsamelewing; 'n prestasiesamelewing; 'n pluralistiese samelewing of selfs as 'n amfibiese Eerste Wêreld-Derde Wêreld-samelewing (Engelbrecht, 1989: 461). Onderliggend aan al hierdie tiperings is die feit dat veral die Eerste Wêreldkomponent van die suider-Afrikaanse samelewing deurtrek is van en gestempel word deur 'n natuurwetenskaplike wêreldbeeld waarin die mens se geestelike vermoëns en sy geestesbesit tweede viool speel teenoor sy tegniese vernuf (Oberholzer, 1989: 526). Die klem val op tegnologie, op toepasbare kennis en toestelle, aparate, rekenaars en outomate.

Hierdie samelewing oriënteer homself al in so 'n hoë mate aan die tegnologie, soos nuus- en rekenaarnetwerke, dat dit haas al as tegnokraties bestempel kan word. Georges Pompidou, 'n voormalige Franse president, se woorde is moontlik ook op die Eerste Wêreldkomponent van die suider-Afrikaanse samelewing van toepassing (Engelbrecht, 1989: 461): "In die menslike samelewing, soos dit vir duisende jare bestaan het, het 'n monster sy verskyning gemaak – 'n monster 'wetenskap' genoem. Dit is voor-die-hand-liggend dat die opmars daarvan nie gestuit kan word nie, maar dit is ewe seker dat daar baie glasskerwe langs die roete gaan bly lê".

Sunter (1987: 11-13) maak die bewering dat dit deesdae nie meer gerade is om langtermynvooruitskouings oor die wêreld of oor Suid-Afrika te maak nie, omdat dit:

- selde bewaarheid word;
- moeilik is om slegte nuus in 'n vooruitskouing oor te dra, omdat mense nie wil weet dat daar moontlik iets slegs op hulle wag nie; en
- die implikasie inhou dat die mens daardeur te kenne gee dat die toekoms min of meer reeds bepaal is. Dit staan egter soos 'n paal bo water dat Suid-Afrika se toekoms glad nie so seker vooruit te bepaal is nie.

In die lig hiervan word Sunter (1987: 11-13) dus genoop om tussen twee soorte "toekoms" te onderskei: Die aktiewe toekoms, waar die mens sake laat gebeur; en die passiewe toekoms, waar die mens sake toelaat om met hom te gebeur. Die toekoms is dus fyn gebalanseerd en elke Suid-Afrikaner kan 'n rol speel om dit ten goede (of ten kwade) te beïnvloed.

Tot onlangs toe was die toekoms waarvoor die jeug voorberei moes word betreklik stabiel en voorspelbaar. Daarom kon die opvoeding en onderwys toegespits word op die verwerwing van gedefinieerde vaardighede en die aanleer van gespesifiseerde leerinhoude. Vir die suider-Afrikaner van môre sal dit egter nie meer voldoende wees nie. Toffler (1980) praat van 'n "third wave" en Shostak (1981: 356-359) van 'n "systems break".

Die "third wave" en "systems break" word op sy beste gekenmerk deur ongekende vooruitgang en deurbrake op tegnologiese gebied. Engelbrecht (1989: 462) noem ondermeer die volgende voorbeelde:

- mikro-elektronika, met sy 'telematique' (Bell) en al die 'kompunikasie'-vernuwings (Shostak) wat alreeds – en waarskynlik nog – uit die rekenaar en transistor na vore gekom het;
- biotegnologie, met veral die vordering op die terrein van die biogenetiese ingenieurswese waardeur byvoorbeeld nuwe kultivars vrugte gekweek kan word wat onder andere 'n hoër produksie vrugte oplewer asook meer pes- en droogtebestand is;
- foton-tegnologie, waar inligting nou deur ligdeeltjies in plaas van elektrone gedra word en waar optiese vesel in plaas van koperdraad gebruik word om sodoende tot 50 boodskappe gelyktydig heen en weer te stuur;
- keramiek-tegnologie, waardeur nuwe kunsharse gevorm word wat verstommend bestand is teen hitte, verwering en slytasie;
- verbeeld-tegnologie wat medici in staat stel om sonder trauma of chirurgiese ingreep die binnekant van die liggaam te sien en lewensbelangrike organe soos die hart, longe, lewer en brein in-funksie te ondersoek; vergroeisels en blokkasies te identifiseer; en selfs dreigende siektetoestande op te spoor nog voor hulle ontwikkel het; en

Via die moderne kommunikasiemedia is die Eerste Wêreld-mens in suider-Afrika ook lid van die breë Eerste Wêreld-samelewing en hy kan sodoende kennis neem van wat elders ter wêreld gebeur. Die moderne mens lewe in 'n dinamiese tegnologiese era waarin veranderings en nuwe deurbrake op navorsings- en (natuur)wetenskapsgebied mekaar so vinnig opvolg dat hy in morele en kulturele sin dikwels nie tred kan hou met sy tegnologiese en (natuur)wetenskaplike vooruitskryding nie. Aan die een kant laat dit hom soms in 'n mate verdwaas en onseker, maar aan die ander kant helaas ook soms geëmansipeerd, vermetel en oppermagtig (Guinness, 1972: 112). Dit kan hom selfs ook oorversadig, afgestomp en *blasé* maak (Engelbrecht, 1989: 462). As gevolg van die snelle tegnologiese ontwikkeling is wat gister nog onmoontlik was, vandag 'n luukse, maar môre reeds 'n alledaagse noodsaaklikheid (Pretorius, 1990: 123-124).

Uit die voorafgaande kan met reg beweer word dat die voorsienbare suider-Afrika van môre ten nouste saamhang met moderne tegnologiese veranderings. Engelbrecht (1989: 462) verwys, na analogie van die fisikus wat 'n bundel wit lig eers deur 'n smal spleet en daarna deur 'n prisma stuur om 'n spektrum van kleure te kry, hier ook na 'n spektrum van veranderinge wat na vore tree wanneer die huidige toestande deur die "spleet van verwagting" en die "prisma van die moderne tegnologie" geprojekteer word.

Engelbrecht (1989: 463-467) bespreek onder andere sewe terreine waar veranderinge deeglik verwag kan word:

- demografie;
- ekonomie;
- ekologie

- waarde-oriëntasies;
- beroepsbeoefening;
- rekreasie; en
- same-lewing.

(1) Demografiese veranderinge

Die demografie van die land word nie ongedeed gelaat deur die tegnologie en ander faktore soos die ekonomie nie. Die volgende is voorbeelde hiervan:

(a) **Verstedeliking**

Verstedeliking is 'n direkte gevolg van die lokkende vooruitsigte wat die stede en metropole met hulle nywerhede, tegnologieë en werkseleenthede bied. In 1980 het verstedeliking in suider-Afrika ongeveer 50% beloop, en sal teen die eeuwenteling na verwagting bykans 80% wees (Suid-Afrika. Republiek, 1983: 151). Dit behels dus dat soveel meer mense as tans in verskaklikte stadsomstandighede tereg sal moet kom, te midde van al die sosiaal-maatskaplike verskynsels wat met 'n groter konsentrasie van mense binne 'n geografiese gebied gepaard gaan.

(b) **Bevolkingsaanwas**

Dit word bereken dat, onder bepaalde aannames soos verwagte fertiliteit- en mortaliteitskoerse, voldoende voedsel en water, ensovoorts, die totale bevolking van suider-Afrika van 28,5 miljoen in 1980 sal aangroei tot tussen 40,8 en 42,0 miljoen in die jaar 2000 (Suid-Afrika. Republiek, 1983: 143). Hierdie bykans ongebreidelde bevolkingsaanwas kan die toekoms van Suid-Afrika se grootste probleem wees (Heese, 1978: 30).

(c) **Hoër lewensverwagting**

'n Effense daling in relatiewe geboortesifers en in relatiewe sterftesifers, kan tog die kwaliteit van die lewe van die suider-Afrikaanse bevolking as geheel teen die jaar 2000 na verwagting verbeter. Verbeterde mediese geriewetegnologie veroorsaak ook 'n styging in die lewensverwagting by geboorte.

(d) **Veranderde ouderdomsamestelling**

Beter voeding, beter mediese geriewe en aldus 'n hoër lewensverwagting, sal die ouderdomsamestelling van die bevolking as geheel ook verander. Teen die jaar 2000 sal daar meer afhanklikes (kinders onder 15 jaar en bejaardes bokant 65 jaar) as tans per broodwinner wees om te versorg. Natuur- en ander rampe (byvoorbeeld oorlog) en veral aansteeklike siektes soos die gevreesde VIGS kan demografiese projeksies egter omverwerp.

(2) **Ekonomiese veranderinge**

Ekonomiese groei en veranderinge hang ten nouste saam met die sofistikasie van 'n land se tegnologie. Engelbrecht (1989: 463) maak onder meer die volgende stellings in dié verband:

(a) **Vervlegte wêreldekonomieë**

Wêreld-ekonomieë raak al hoe meer vervleg met mekaar. Geen land van formaat kan homself meer afsonder van die res van die wêreld nie. Sommige ontwikkelende lande het 'n rykdom aan grondstowwe, maar nie die tegnologie om dit te benut nie, terwyl ander lande weer 'n gesofistikeerde tegnologie het, maar nie die grondstowwe nie.

(b) Die Suid-Afrikaanse ekonomie

Suid-Afrika is in 'n bevoorregte posisie, omdat sekere grondstowwe, asook 'n bepaalde tegniese kundigheid, alhier te vinde is. Daarbenewens besit die land ook sekere voordele wat hom potensieel 'n sterk ekonomie kan besorg (Sunter, 1987: 87):

- 'n goeie infrastruktuur;
- oorvloedige natuurlike hulpbronne;
- belangrike handelsroetes;
- pragtige natuurskoon asook 'n gunstige klimaat;
- goud wat nuttig is vir bilaterale ooreenkomste;
- gesofistikeerde finansiële dienste;
- 'n vermoë om groot projekte te hanteer;
- nabyheid aan Afrika-markte; en
- mediese vaardighede.

Die stand van die Suid-Afrikaanse ekonomie teen die jaar 2000 sal egter ook in 'n groot mate afhang van hoe aanvaarbaar die land se oplossings van sy politieke probleme vir die res van die wêreld is.

(c) 'n Veranderde lewenstandaard

Tans bestaan daar in suider-Afrika 'n kombinasie van Eerste en Derde Wêreld-ekonomieë. Die groot uitdaging van die toekoms behels die uitbreiding van welvaart na so veel as moontlik mense uit die Derde Wêreldkomponent, sonder dat die Eerste Wêreld-toplaag só verdun word dat dit uiteindelik sy

dryfkrag verloor. Die Derde Wêreldkomponent se revolusie van verwagtings kan baie maklik in 'n gedwonge en gefrustreerde berusting in 'n benede peil lewensstandaard vir almal omslaan.

(3) Ekologiese veranderinge

Die tegnologie van 'n land is ook ten nouste gekoppel aan sy ekologie en die bewaring van sy natuurlike hulpbronne.

(a) 'n Besoedelde ekologie

Die Wetenskapskomitee van die Presidentsraad het in 1983 in sy verslag (Suid-Afrika. Republiek, 1983: 157-173) tereg uitgespel hoe noodsaaklik dit is dat te midde van die produksiegerigte materialisme en versnelde tegnologie die omgewing in suider-Afrika teen rooibou en besoedeling beskerm moet word indien verseker wil word dat die snel-groeiende bevolking van dié wêrelddeel in die toekoms nog steeds van voedsel, klere, behuising en veral water voorsien sal kan word.

(b) Kwynende goudreserwes

Tans is goud, wat vir dekades Suid-Afrika se steunpilaar van die ekonomie was, reeds 'n kwynende bate. Deesdae moet daar al hoe dieper gegrawe word en al hoe meer erts uitgehaal word om nog dieselfde hoeveelheid goud as in die verlede te lewer (Garbers, 1985: 12).

(c) Uitputting van marine-lewe

Selfs die see raak uitgeput. Die sardynvangs in Suid-Afrikaanse waters het

byvoorbeeld sedert 1964 van 410 000 ton tot 'n beskeie 27 000 ton in 1984 gedaal (Serfontein, 1985: 2).

(d) **Skadelike afval**

Vervaardiging- en energieopwekkingsprosesse se afvalprodukte het ook 'n nadelige uitwerking op die ekologie. Dááglíks word daar byvoorbeeld soveel as 4 000 ton swaweldioksied in Oos-Transvaal in die atmosfeer vrygelaat. Dit sal dus nie verbasend wees as die Oos-Transvaalse hoëveld binnekort dieselfde suurreënprobleme ondervind wat die industrielande van die noordelike halfrond tans reeds teister nie (Garbers, 1985: 12).

(e) **Gevaarlike kernkrag**

Gegewe die Chernobylramp in Rusland, leef die onsekerheid tereg ook in baie Suid-Afrikaanse gemoedere oor hoe veilig die Koebergkernkragentrale en die kernafvalwegruimingsfasiliteit te Vaalputs in Namakwaland is.

(4) Waarde-oriëntasie-veranderinge

(a) **Eie krag en vernuf versus afhanklikheid**

Gesien in die lig van wat vroeër al gesê is oor die mens se prestasies op tegnologiese gebied, loop die mens van die toekoms gevaar om vir hom 'n wêreld te probeer skep waarin kennis en tegniek mag is en waarin hy deur eie krag en vernuf sy doelstellings kan bereik en nie vir God of sy medemens nodig net nie. Net so dink die mens ook dat hy vir die toekoms en enige moontlike gebeurlikheid voorsiening kan maak deur middel van assuransiepolisse en kapitaalbeleggings.

(b) Kriteria vir beoordeling

In so 'n tegnokratiese en tegantroniese wêreld kom die maatstawwe vir die beoordeling van sake ook sterk in gedrang. Produktiwiteit, sukses, effektiwiteit, (materiële) nut, prestasie en mag is onder meer aangeleenthede wat hoog aangeslaan word. Sodra iets (of iemand) nie (meer) aan hierdie maatstawwe voldoen nie, word dit (of hy) verruil, vervang of selfs weggegooi (dink byvoorbeeld hier aan die toenemende egskeidingsyfer).

(c) 'n "Wil-hê-oriëntasie"

In die 1940's het Mahatma Gandhi al gewaarsku dat "earth provides enough for every man's need, but not for every man's greed" (Du Plessis, 1985: 7). Die tegnologie maak dit vir die mens van die toekoms moontlik om sy sin vir matigheid te verloor, sodat hy onmatig, mateloos en selfs vermetel al hoe meer 'n "wil-hê-oriëntasie" in plaas van 'n "wil-wees-oriëntasie" openbaar. So iets sou eventueel ten koste van die ekologie en/of die medemens moet geskied. Tereg beweer De Beer (1985: 3) oor suider-Afrika: "The blunt truth is that, reckoning our wealth as we should per capita terms, we are not among the world's rich countries. If the more fortunate amongst us persist in demanding a sort of American lifestyle, this country will lack the resources for development which it must have for stability and growth."

(d) Geëksploiteerde biosfeer

Die ekologiese strydvraag sal in soortgelyke trant voortduur tussen diegene wat glo dat die biosfeer geëksploiteer moet word om die mens se behoeftes te bevredig en diegene wat die aarde as 'n geslote ekosisteem beskou en 'n beter ewewig tussen mens en dier bepleit. "Ons het nie die aarde van ons

vaders geërf nie, maar ons is besig om dit van ons kinders te leen" (World Conservation Strategy of 1980).

(e) **Verwarrende denkstrominge**

Daar sal in die toekoms stellig 'n al hoe groter pluralisme van waarde-oriëntasies wees, vanweë die opkoms van allerlei stromings van denke, maar ook omdat die mens meer onbetrokke raak teenoor ander mense en hulle gun om hulle "eie ding te doen" solank hyself net met rus gelaat word. Vir die opgroeiende jeug sal dit ongetwyfeld verwarrend wees.

(5) **Beroepslewe-veranderinge**

Ook in hiërdie lewensverband is daar groot veranderinge in Suid-Afrika te wagte, omdat die tegnologie niks ongedeerd laat nie.

(a) **Matelose beroepskeuse**

Volgens Combs (1981: 369) het daar aan die begin van die dekade sowat 90 000 verskillende beroepe in die westerse samelewingsopset bestaan, maar dié getal vermeerder vinnig. Ou gevestigde beroepe verdwyn en nuwes tree na vore. Veral beroepe wat kennis en (rekenaar) kundigheid vereis is in aanvraag, ten koste van daardie beroepe wat materiale verwerk (Shostak, 1981: 357).

(b) **Voortgesette leer**

Leerlinge wat in die toekoms die hoërskool gaan verlaat, sal waarskynlik selfs vier of vyf keer in hulle lewe van beroep (moet) verander. Soos wat die

woordverwerker byvoorbeeld die tikmasjien vervang, so moet ook die operateur van die masjien aanpassings maak. Dit alles veronderstel dus 'n bereidheid tot byskoling, omskaling en herskaling. "Lewenslange" voortgesette leer is trouens die toekomstige beroepsbeker se voorland.

(c) **Beroepsmatige mobiliteit**

Die toenemende wisseling in ekonomiese optredes vereis 'n beroepsmatige mobiliteit. Terwyl totale industrieë tot 'n einde kom word elders telkens nuwe vervaardigingsmetodes en -prosedures vereis. Die primêre (landbou) en sekondêre (nywerheid) sektore van die ekonomie benodig al hoe minder arbeidskragte, terwyl die tersiêre (dienslewering) sektor al hoe meer arbeidskragte benodig. Alhoewel blote spierkrag tydens die vroeë industrialisasietydperk grootliks voldoende was, word tans al hoe beter opgeleide en geskoolde vakke in die industrie benodig (Engelbrecht, 1989: 464).

(6) Vryetyds- en rekreasieveranderinge

Ook die wêreld van die rekreasie word nie deur die tegnologie onaangeraak gelaat nie. Engelbrecht (1989: 465) noem die volgende punte van belang:

- Meganisasie en outomatisasie.
- Toenemende vrye tyd.
- Massamedia-beïnvloeding.
- Groter mobiliteit.

(a) **Meganisasie en outomatisasie**

Meganisasie en outomatisasie verlos die mens van beide harde fisiese arbeid

en lang werksure. Na verwagting sal die moderne mens 'n verkorte werksdag sowel as 'n verkorte werksweek hê. 'n Futuris soos Polak (1968) voorspel dat die massa mense in die nuwe millennium in 'n oormaat vrye tyd sal "baai".

(b) Toenemende vrye tyd

As gevolg van die toenemende vrye tyd word die mens voortdurend voor die keuse van die vorm en inhoud wat hy aan sy vrye tyd wil gee, geplaas. Daar rus dus op hom 'n bepaalde verantwoordelikheid tot sinvolle benutting van sy vrye tyd.

(c) Massamedia-beïnvloeding

Veral rondom die massamedia bring die tegnologie ook mee dat nuwe vorme van vryetydsbesteding en -beleving na vore tree waardeur die mens verlei word om sy vrye tyd al hoe meer "passief, konsumptief, eensaam en willoos te ondergaan, in plaas daarvan om dit kreatief, re-kreatief, regeneratief en ideatief self te vergestalt" (Engelbrecht, 1989: 465).

(d) Groter mobiliteit

Die moderne vervoerstelsels en -netwerke wat deur die tegnologie moontlik gemaak is, het die mens meer mobiel gemaak, sodat hy sy rekreasie elders as by die huis benut (of bestee?). In aansluiting by Cox (1966: 33) kan daar van die mens as "homo viator" of die "klawerbladmens" gepraat word, om daardeur "the image of simultaneous mobility in many different directions" te verbeeld.

(7) Sosiaal-maatskaplike veranderinge

Al die voorafgaande veranderinge het onteenseglik ook 'n invloed op die verhoudinge tussen mens en medemens – nie net as individu teenoor individu nie, maar ook individueel en kollektief binne instellings- en instituutverband. Engelbrecht (1989: 465) maak die volgende stellings in dié verband:

(a) **Kontakinflasie**

Kommunikasie wat vroeër ondenkbaar was, word deur die tegnologie moontlik gemaak. Dit is egter ironies dat dit juis die kontak met die naaste buurman is wat na verwagting gaan versaaklik (Pretorius, 1990: 112).

(b) **Samelewingsonbehaaglikheid**

Na verwagting sal die verstedeliking ook die suider-Afrikaanse samelewing in ander opsigte verander. Daar is trouens alreeds tekens en simptome van wat Freud die "samelewingsonbehaaglikheid" genoem het: misdaadanargie, egskedings en huweliksverbrokkeling, werkskuheid, "huissleutelkinders" (Louw (red.), 1987: 27), apatie, onbetrokkenheid, stakings en vervreemding op feitlik alle terreine wat sosiaal van aard is.

2.2.2 Verpolitisering van die onderwys

In ons kommunikasielose magsamelewing geld die reg van die sterkste as wet. Daar heers 'n manipulasie van die bewussyn van die mens, 'n ingesteldheid wat aan sekere geen reg toeken nie, maar hom onderwerp of vernietig. In die daaglikse verloop van ons samelewing is voorbeelde hiervan

legio: eksploitasie en manipulasie van die verbruiker, die beswendeling van die kieser, die geestelike ruïnering van mense ter wille van doeltreffendheid, en die opdringing van kennis, waardes en norme aan die opvoeding wat vir hom geen sin en betekenis het nie (Pretorius, 1990: 114).

Wanneer die geraadpleegde literatuur krities bedink word, blyk dit dat daar 'n groot mate van eenstemmigheid bestaan wat betref die gronde vir die ontstaan van die multikulturele denkrigting. Die meeste outeurs is dit met mekaar eens dat die multikulturele gedagte sy ontstaan te danke het aan 'n behoefte om voorsiening te maak vir die onderwys van verskillende etniese en kulturele groepe binne die grense van bepaalde lande. Ten grondslag van hierdie behoefte lê onder andere die feit dat die tegnologie die wêreld figuurlik gesproke in so 'n mate laat krimp het, dat daar van 'n "crowded house" (Corrigan, 1974: 101) gepraat kan word. Daar is trouens sprake van 'n "wêreld-liggaam" wat moet poog om regionale kulturele verskille om te buig tot 'n "wêreldstruktuur" wat deur 'n "wêreld-regering" in een groot massa saamgevat moet word, sodat die mens se leefwyse op "wêreldskaal" verander kan word (Greyling, 1976: 74, 84-85).

In beide Brittanje en die VSA word minderheidsgroepe deur 'n proses van assimilering in die dominante kultuurgroep geabsorbeer (Pratte, 1979: 27; Garcia, 1978: 21). Hierdie berekende pogings om etniese en kulturele verskille geleidelik te laat verdwyn, het gaandeweg tot verset by dié groepe wie se kultuur in gedrang gekom het, gelei. In plaas daarvan dat versoening tussen minderheidsgroepe bewerkstellig is, het wrywing ontstaan – 'n wrywing wat teenswoordig nog van tyd tot tyd in gewelddadige optrede op die voorgrond tree (Verma & Bagley, 1975: 259).

Deel van die verset was onder andere die aandrang op erkenning van rasse,

etniese en kulturele verskille en daarmee gepaardgaande gelyke onderwysgeleenthede vir alle leerlinge, sodat almal aan dieselfde leerstof blootgestel kan word (Oberholzer, 1989: 523). Om egter gelyke onderwysgeleenthede te verseker, verg gelyke inset (leerstof, metode van aanbieding en fisiese skoolfasiliteite), sodat alle leerlinge dieselfde kans op sukses het; gelyke uitset (onus rus op die skool om te sorg dat alle leerlinge 'n minimumstandaard handhaaf) en gelyke sukses vir alle etniese groepe op ekonomiese gebied (gewaarborgde minimum inkomste ongeag produktiwiteit, omdat geglo word dat ekonomiese voorspoed van ouers een van die belangrikste voorwaardes vir prestasie op skool is), aldus Itzkoff (1976: 309-310).

Die huidige ANC-regering in Suid-Afrika het alreeds met berekende pogings begin om die heropbou- en ontwikkelingsplan in aksie te stel. Dit sal onwillekeurig hoër belastings en 'n laer lewenstandaard vir die blankes beteken. Omdat die ekonomiese druk so toeneem, moet moeders die arbeidsmark gedwonge toetree, met verreikende opvoedingsimplikasies (Le Roux (red.), 1992: 86).

Dit blyk verder dat daar 'n vervlegtheid bestaan tussen die voorwaardes vir die doeltreffende implementering van multikulturele onderwys en die oogmerke daarvan (Louw, 1981: 12-13). Die gestelde voorwaardes huisves dus terselfdertyd ook die oogmerke van multikulturele onderwys. Die eerste voorwaarde wat Oberholzer (1989: 524) bespreek is dié van verandering. Uit die aard van die saak raak hierdie voorwaarde die onderwyser, kind en kurrikulum ten nouste.

(1) Verandering ten opsigte van die onderwyser

Ten opsigte van die onderwyser is die opvatting dat hy 'n kulturele agterstand

openbaar, omdat hy nie voorberei is vir 'n multikulturele samelewing nie. Hierdie agterstand moet deur opleidingsprogramme opgehef word. Volgens Klein (1978: 88) word verteenwoordiging van die verskeie etniese groepe op die personeel van 'n skool so hoog geag dat aanstellings nie noodwendig op grond van meriete of kwalifikasies moet geskied nie, maar eerder op grond van etniese oorwegings. Werkloosheid onder blanke onderwysers is alreeds 'n algemene verskynsel en sal uit die aard van die saak slegs eskaleer. Studente-organisasies betoog ook luidkeels teen blanke onderwysers in "swart" skole. Die implikasie van hierdie toekomsonsekerheid kan by die adolessent – wat 'n beroepskeuse moet maak en sy toekoms dienoreenkomsstig moet beplan – angs, verwarring, die spanning van besluitneming ("decision stress"), depressiwiteit, onttrekking (intellektueel, sosiaal en affektief), ensovoorts veroorsaak.

(2) Verandering ten opsigte van die kind

Ten opsigte van die kind lê die belangrikste verandering wat bepleit word op die terrein van gesindheid (Oberholzer, 1989: 524). Gesien teen die agtergrond van verset teen die opvatting dat die blanke-Anglo-Saksiese kultuur superieur is, kom die ideaal van gesindheidsverandering daarop neer dat veral kinders uit hierdie kultuurgroepe se gesindheid teenoor etnisiteit gewysig moet word (Pratte, 1979: 29-30). Dit word bewerkstellig deur 'n skuldgevoel by hulle te wek oor hul eie kultuur-historiese situasie en deur alles wat nie eie aan hulle kultuur is nie, voor te hou as goed en reg. Die opvatting dat dit nie soseer die kind is wat moet verander nie, maar wel die onderwysopset in die algemeen, word egter deurgaans deur die pleitbesorgers van multikulturele onderwys beklemtoon (Ramirez & Castaneda, 1974: 32).

(3) Veranderinge ten opsigte van die kurrikulum

Wat veranderinge ten opsigte van die kurrikulum betref, is aspekte wat van deurslaggewende belang geag word onder andere "black-studies" (etniese studie), die onderrig van Geskiedenis en onderrighulpmiddele (Louw, 1981: 127).

Met Etniese Studie is die oogmerk om alle leerlinge bloot te stel aan die kulture van verskillende etniese groepe, en nie as 'n afsonderlike vak nie, maar deel van al die vakke van die gewone onderwysprogram (Valverde, 1978: 109).

Betreffende die onderrig van geskiedenis bepleit die voorstanders van multikulturele onderwys die aansluiting van helde en heldedade uit alle etniese groepe. Verder moet alle ander handboeke, onderrighulpmiddele en ander vorme van klasversierings verteenwoordigend wees van die etniese en kulturele verskeidenheid wat in die klas voorkom. Op dié wyse kan alle leerlinge tuisvoel in die klas en word die moontlikheid ook geskep vir leerlinge om hulle met persone van hul eie groep wat op die hulpmiddele voorkom, te identifiseer (Giles, 1977: 33; Gay, 1979: 328).

(4) Verandering ten opsigte van die samelewing

Voorstanders van multikulturele onderwys bepleit ook ingrypende verandering in die samelewing. Hul standpunt is trouens dat die veranderinge wat ten opsigte van die skoolopset moet plaasvind, uiteindelik ook neerslag moet vind in die verandering van die samelewing (Cross, Baker & Stiles, 1977: 67).

Verandering in die samelewing kom hoofsaaklik daarop neer dat die *status quo* moet wees om ander etniese groepe in hulle geledere op te neem deur byvoorbeeld af te sien van skole uitsluitlik vir kinders van daardie kultuurgroep en deur ingrypende veranderings in die betrokke kultuurgroep se waardestelsel (Oberholzer, 1989: 524).

Naas verandering is neutraliteit 'n verdere voorwaarde indien multikulturele onderwys suksesvol geïmplementeer wil word. Veral godsdiens en die daaruitvoortvloeiende waardes en norme word ten nouste geraak. "Those who adhere to particular religious beliefs cannot expect the public schools to reinforce those beliefs to the embarrassment of those who hold different tenants" (Campbell, 1976: 265). Daar word dus met sogenaamde "moral teaching" volstaan en die kind moet toegelaat word om uit die mengelmoes van religieuse en morele oortuigings self 'n keuse te maak (Gay, 1979: 328).

Die jeugdige soek na egtheid ten opsigte van godsdiens, geestelikheid en moraliteit. Hy het 'n besondere belangstelling en bewustheid ten opsigte van die godsdiens. Indien godsdiens vir hom irrelevant is en hy nie sin daarin ontdek nie, gaan hy op in verskynsels soos astrologie, okkultisme, dwelmmiddels, Yoga, humanisme en hedonisme (Pretorius, 1990: 148).

Staples en Van der Walt (1994: 101-107) het 'n empiriese studie onderneem waarby adolessente leerlinge van Transvaalse skole betrek is, in 'n poging om die basiese oorsake van Satanisme en afwykende okkultisme vas te stel. Hulle het bevind dat okkultisme bevorder word deur psigo-sosiale tekortkominge in die konvensionele godsdiens van die adolessent. Adolessente wat "godsdiensloos" is, is besonder geneig tot die ontwikkeling van 'n persoonlike geloof in okkultisme, en kan dus relatief maklik tot die satanistiese kultus bekeer word. Dieselfde geneigdheid was te bespeur by

Verandering in die samelewing kom hoofsaaklik daarop neer dat die *status quo* moet wees om ander etniese groepe in hulle geledere op te neem deur byvoorbeeld af te sien van skole uitsluitlik vir kinders van daardie kultuurgroep en deur ingrypende veranderings in die betrokke kultuurgroep se waardestelsel (Oberholzer, 1989: 524).

Naas verandering is neutraliteit 'n verdere voorwaarde indien multikulturele onderwys suksesvol geïmplementeer wil word. Veral godsdiens en die daaruitvoortvloeiende waardes en norme word ten nouste geraak. "Those who adhere to particular religious beliefs cannot expect the public schools to reinforce those beliefs to the embarrassment of those who hold different tenants" (Campbell, 1976: 265). Daar word dus met sogenaamde "moral teaching" volstaan en die kind moet toegelaat word om uit die mengelmoes van religieuse en morele oortuigings self 'n keuse te maak (Gay, 1979: 328).

Die jeugdige soek na egtheid ten opsigte van godsdiens, geestelikheid en moraliteit. Hy het 'n besondere belangstelling en bewustheid ten opsigte van die godsdiens. Indien godsdiens vir hom irrelevant is en hy nie sin daarin ontdek nie, gaan hy op in verskynsels soos astrologie, okkultisme, dwelmmiddels, Yoga, humanisme en hedonisme (Pretorius, 1990: 148).

Staples en Van der Walt (1994: 101-107) het 'n empiriese studie onderneem waarby adolessente leerlinge van Transvaalse skole betrek is, in 'n poging om die basiese oorsake van Satanisme en afwykende okkultisme vas te stel. Hulle het bevind dat okkultisme bevorder word deur psigo-sosiale tekortkominge in die konvensionele godsdiens van die adolessent. Adolessente wat "godsdiensloos" is, is besonder geneig tot die ontwikkeling van 'n persoonlike geloof in okkultisme, en kan dus relatief maklik tot die satanistiese kultus bekeer word. Dieselfde geneigdheid was te bespeur by

adolescente betrokke by "rand-godsdienste". Die mate waarin op konvensionele wyse geglo en godsdienste beoefen word het 'n omgekeerd-direkte verhouding met die mate van vatbaarheid van die adolessent vir satanistiese kultusbetrokkenheid.

Wát die kind dink, is dus nie so belangrik as die feit dát hy dink nie, sodat hy bevry kan word van die heersende etniese, kulturele en waardestelgroef waarin hy hom bevind en sodoende met nuwe oë na die wêreld kan kyk (Oberholzer, 1989: 525). Die kind moet dus self kies watter norme hy wil aanvaar en hierin moet sy verstand die deurslaggewende rol speel.

Wanneer norme gerelativeer, geminimaliseer en genihiliseer word, weet die kind nie meer wat reg of verkeerd is nie, en verkeer hy in 'n normkrisis. Daar heers vryheid vir almal en vir alles; norme tel minder en is aan voortdurende verandering onderhewig. Die opvoeder en die opvoedeling word in sy normverwerwing só deur verskeie sosiale instansies en groeperinge beïnvloed, dat daar vir hom nie 'n vaste, gedetailleerde normsisteem bestaan nie (maatskaplike normpluralisme). Dit bring 'n lewensonsekerheid mee, wat ook opvoedingsonsekerheid beteken (Pretorius, 1990: 120).

(5) Die relativiteitsbeginsel

Die relativiteitsbeginsel is 'n verdere voorwaarde vir die suksesvolle implementering van multikulturele onderwys en hou direk verband met die voorafgaande. Indien alles in die naam van etniese en kulturele diversiteit aanvaarbaar en rasioneel verklaarbaar is, en elke individu buitendien in eie oordeel oor alles wat behoorlik is kan uitspreek, het alles relatief geword en verval die gronde waarop bepaalde gemeenskappe etiese uitsprake regverdig (Oberholzer, 1989: 525). Die implikasies daarvan vir die onderwys blyk

duidelik uit die volgende uitspraak: "No tradition possesses the final truth, so why bother to know (or teach) one's own tradition, its theological heritage, or the social forms it has inspired" (Miller, 1979: 342-343).

Die verswakking van tradisionele bindinge kan vir die adolessent "kultuurskok" meebring. Le Roux (red.) (1992: 9) beskryf kultuurskok as sosiale en/of emosionele probleme wat ervaar word tydens kulturele verandering binne die bestaande kultuur, of aanpassing en inskakeling by 'n nuwe kultuur. Die gevolg is 'n toenemende mate van vereensaming (Le Roux (red.), 1992: 85).

Louw (1981: 153-156) gee breedvoerig aandag aan die invloed wat die toepassing van die relatiwiteitsbeginsel het op ander sosiale waardes soos byvoorbeeld die gesin, die huwelik, gesag en dissipline, persoonlike versorging, stiptelikheid en trots op die eie.

(6) 'n "Wêreldkultuur" as oogmerk

Die vroeëre opmerking is gemaak dat die voorwaardes vir die implementering van multikulturele onderwys terselfdertyd ook bepaalde oogmerke verteenwoordig en dat veranderinge wat in die bestaande skoolopset geëis word, neerslag in die samelewing moet vind. Dit verbaas dus nie dat die voorstanders van multikulturele onderwys die totstandkoming van 'n wêreldkultuur en 'n wêreldgemeenskap met "global education", "education for a global perspective" en "world citizenship" (Gay, 1979: 325) as uiteindelijke oogmerk stel nie (Oberholzer, 1989: 525).

Om wêreldburgerskap te bewerkstellig, is "oneness of humankind" (Cross, Baker & Stiles, 1977: 33), die ongedaanmaak van kultuurverskille en die

beklemtoning van menslike gemeenskaplikheid en onderlinge afhanklikheid nodig.

In die lig van die voorafgaande word dit dus begryplik waarom daar gepleit word vir groepvorming op ander gronde as kultuur, etnisiteit en godsdienst. Dit word dus só moontlik vir almal wat byvoorbeeld dieselfde beroep beoefen, aan dieselfde politieke party behoort en hulle vir dieselfde saak beywer, om hulleself tot etniese groep te "proklameer" (Oberholzer, 1989: 525). Belangegroep funksioneer dus as etniese groepe (Pratte, 1979: 162). Etniese en kulturele skeidslyne vervaag sodoende en die weg vir wêreldburgerskap word voorberei waarin "a set of ethnically learned behaviours that are shared regardless of ... individual heritages" (Longstreet, 1978: 24) geldig sal wees.

Oor één grondtrek van dié nuwe en uniforme wêreldgemeenskap is die voorstanders van multikulturele onderwys dit eens: naamlik dat dit 'n gesekulariseerde samelewing sal wees waarin die mens as redelike wese die maatstaf van alle dinge is.

2.2.3 Verseksualisering

Dit wil voorkom asof Esterhuyse (1980: 3) gelyk het wanneer hy beweer dat die mens se seksualiteit in die huidige tydsgewrig in "... vele opsigte en op verskillende vlakke uitermate problematies geword het". Sêks het in so 'n mate die hooftema van die menslike bestaan geword dat daar inderdaad van 'n verseksualiseerde samelewing gepraat kan word. Hierdie verseksualisering van die lewe het ook gepaard gegaan met ingrypende veranderinge in die mens se seksuele gedrag waarna in die gewone omgang soms verwys word met uitdrukkings soos "seksuele losbandigheid" en "seksuele

permissiwiteit". Louw (1991: 447) wys daarop dat permissiwiteit geen nuwe verskynsel is nie, maar dat dit gedurende die afgelope twee of drie dekades soveel momentum opgebou het dat dit wêreldwyd, en veral in die Westerse beskawings, 'n hoogbloei bereik het.

In reaksie teen die toekomspeessimisme wat dreig om die mens se ganse bestaan te oorspoel, het 'n hedonistiese gesindheid ontwikkel (Louw, 1991: 450). Seksualiteit is, in ooreenstemming met die hedonistiese tydsgees van die welvaartsamelewing, gereduseer tot seksuele genot en seksuele lus wat onmiddellike bevrediging eis. Die klem wat in die welvaartsamelewing op konsumpsie geplaas word, het 'n weggooi-kultuur laat ontstaan wat ook sy stempel afgedruk het op bykans alles wat met die mens se seksualiteit in verband gebring kan word. Trouens, selfs die huwelik is in so 'n mate gesubjektiveer dat die vervulling van seksueel-erotiese begeertes doel op sigself geword het (Beinert, 1988: 51). In dié verband moet daar ook kennis geneem word van die verwronge en permissiewe beeld van die liefde, die huwelik en seksualiteit wat deur die massamedia uitgedra word. Na buite-egtelike kinders word eufimisties as "liefdesbabas" verwys, terwyl 'n buite-egtelike verhouding as 'n opwindende seksuele avontuur voorgelou word.

Louw (1991: 452) waarsku dat daar in gedagte gehou moet word dat die gangbare opvatting oor seksualiteit 'n wesenlike uitwerking op die strukturering en ordening van 'n samelewing het. Waar absolute vryheid op die gebied van die seksuele gepropageer word, moet verwag word dat dié gesindheid na die ganse samelewing en alle terreine daarvan sal deursuur. Die aanslag op die huwelik en gesin staan sentraal in die daarstelling van 'n "nuwe" samelewing.

(1) Seksualiteit en kulturele verskeidenheid

Die huidige samelewing word gekenmerk deur kulturele diversiteit, en aandrag word gemaak op 'n sogenaamde multikulturele benadering ten opsigte van alle fasette van die mens se lewe, insluitende sy seksualiteit. In aansluiting daarby word respek vir die diversiteit van die moderne sogenaamde demokratiese samelewing en die waardepluralisme wat daarmee gepaard gaan, bepleit (Louw, 1991: 452). In die praktyk kom dit daarop neer dat onder andere allerlei seksuele praktyke as aanvaarbaar/toelaatbaar voorgelê word. Dit word selfs as die staat se plig beskou om, in die gees van ware demokrasie, die diversiteit en die geldigheid van die seksuele norme van verskillende groepe te verdra en te beskerm (Kluge, 1989: 70). Dat so 'n opvatting 'n vrugbare teelaarde skep waarin seksueel-afwykende gedrag kan floreer, benodig geen verdere betoog nie.

Die rede wat aangevoer word waarom alle gedragsvorme aanvaar moet word, is dat moraal 'n sogenaamde "private" aangeleentheid is, en daar geen objektiewe maatstaf is waarvolgens bepaal kan word of 'n spesifieke gedragsvorm reg of verkeerd is nie (Louw, 1991: 452-453). Om dié rede mag multikulturele skole ook nie 'n bepaalde opvatting van seksuele moraal aan leerlinge voorhou nie, omdat dit aanstoot kan gee aan, of verwarring kan veroorsaak by leerlinge behorende tot verskillende etniese en/of kulturele groepe. Dit word ook as 'n aantasting beskou van die beginsels waarop 'n ware plurale demokrasie berus indien daar op enige wyse teen losbandige en sedelose onderwysers gediskrimineer sou word (Klein, 1978: 89).

Veral na die uitbreek van VIGS word met hernieude ywer daarop aangedring dat leerlinge so volledig moontlik oor selfs die mees walglike seksuele

handelinge ingelig moet word (Almond, 1988: 153). Breedvoerige uiteensettings van sogenaamde "safe sex practices" word ook gegee.

Dit skyn egter of seksuele inligtingskursusse waaraan jeugdige onderwerp word in die naam van die sogenaamde moderne opvatting van seksualiteit juis seksuele eksperimentering en perverse praktyke wil bevorder (Louw, 1991: 456). Al weet 'n mens wat reg is, stel dit jou nog nie in staat om korrek op te tree nie, en daarom moet opvoeders versigtig wees om geslagtelike opvoeding nie onverantwoordbaar en oorhaastig te hanteer nie.

(2) Seksualiteit en die massamedia

Die seksuele rewolusie wat die eietydse samelewing kenmerk, wreek sigself noodwendig op die jeugdige. Van Rooyen en Louw (1993: 3) lewer die volgende uitspraak in dié verband: "Onsedelikheid onder die jeug word bevorder deur uitgebreide kommunikasienetwerke wat boodskappe van oral in die wêreld vinnig en duidelik na elke kind bring. Die grense van kuisheid, eerbaarheid en ordentlikheid word in so 'n mate oorskry, dat kinders van enige ouderdom aan enige denkbare invloed blootgestel is."

Volgens Pretorius (1990: 158-159) bevind die eietydse jeugdige hom in 'n samelewing wat gekenmerk word deur sedelike ontaarding en verval in 'n massale sekskultus met 'n naakkultuur. 'n Oppervlakkige, illusiewe en betowerende beeld van seksualiteit word toenemend deur die massamedia gekommunikeer. Volgens Treurnicht (1987: 33, 101) beskou die jeugdige die massamedia as 'n venster op die wêreld waardeur hy die gemeenskap kan waarneem. Omdat die jeugdige egter nog nie optimaal daartoe in staat is om

tussen werklikheid en fantasie te onderskei nie, kan hy moontlik gedrag wat hy deur middel van die massamedia waarneem, naboots. Abnormale en afwykende gedragspatrone wat herhaaldelik aangebied word, kan mettertyd deur die kind as die normale beskou word, en daartoe lei dat hy sy denke en optrede dienooreenkomstig daarvolgens rig.

Die media dien as stimulus vir tieners se vroeë belangstelling in seksuele aktiwiteite en dit kan tot geslagtelik-onverantwoordelike gedrag lei. In die eietydse tydvak staan die meeste jeugdige weerloos voor die aanslae wat die massakommunikasie op hul seksuele volwassewording loods (Brits, 1989: 53; Kilian, 1990: 1; Le Roux & Dey, 1994: 2).

Vervolgens val die fokus op enkele aspekte van massakommunikasie en die wyse waarop dit die jeugdige beïnvloed.

(a) **Musiek**

Min dinge in die wêreld is so ingestel op die mens se emosies as musiek. Die destruktiewe uitwerking van sekere vorms van musiek is al jare lank in die geskiedenis van die mens bekend. Die vroeë Egiptenare verwys daarna in 'n papyrusrol wat 2500 jaar voor Christus dateer. Pythagoras het beweer dat musiek 'n wetenskap is wat verreikende invloed op die emosies en sintuie van die mens uitoefen. Saam met sy volgelinge het hy 'n musiektegniek ontwerp waardeur hulle beweer dat die hartstogte van die menslike siel sekere wette navolg wat ooreenstem met wette wat onderliggend in die beweging van musieknote is. Plato het gewaarsku dat die ontwikkeling van enige nuwe musiekvorm met agterdog bejeën en as 'n moontlike bedreiging vir die staat gesien moet word. Ook Aristoteles was bewus van die vernietigende potensiaal van sekere musiekvorms. Hy het beweer dat alle vorms van

emosie deur bepaalde melodie en ritme opgewek kan word. Op dié wyse kan die mens gekondisioneer word om sekere emosies wat karaktervormende eienskappe besit, te ervaar (Seale, 1988: 90).

In ons hedendaagse samelewing word sekere vorme van musiek met klere en kleure, ligte en liggaamsbewegings, vertonings en massaopsweping gelaai om die emosiebelaaide gevoelslewe van veral die jeug, tot die uiterste toe in beweging te bring. Gevoelens van haat, rebellie en opstandigheid teenoor God en alle ander vorms van gesag word geskep, en die mens word aangevuur om homself tot 'n hoogmoedige en arrogante alleenheersende van sy lewe te verhef. Om dié gemoedstemming te skep, word oorverdowende populêre musiek in onuithoubare desibels uitgeblêr, terwyl gevoelens van onbeteulde wellus en selfs aggressie geskep word. Alle vreemde okkultiese magte wat die musikant en sy gehoor verder in die opwelling van hul gevalle natuur en ontvlugting van die werklikheid kan help, word verwelkom en aangemoedig. Dwelmmiddels en alkohol word as geesverruimend beskou om die kontak met die bonatuurlike wêreld te vergemaklik.

Volgens Krohn (1982: 210) is die doel met moderne jeugmusiek in baie gevalle om die jeug te demoraliseer, sekere sogenaamde onregverdigheede uit te wys, 'n kunsmatige neurose te skep, die bestaande orde af te kraak, chaos te verkondig en die jeug tot revolusie te lei. Botha (1977: 111-113) beweer dat die popkultuur die kontrakultuur of subkultuur van die radikaal-vervreemde jeugdige is, omdat die kultuurpatroon van die establishment vir hom onaanvaarbaar is. Deur middel van popmusiek gee die jeugdige dus enersyds uiting aan sy verzet teen en afwysing van die samelewing met al sy huigelagtigheid, materialisme en leegheid, en andersyds wil hy die boodskap van 'n nuwe wêreld sonder oorlog, huigelary en besoedeling verkondig.

(i) *Seksualiteit en popmusiek*

Godwin (1988: 11-12) berig dat ondersoek aangetoon het dat rock-musiek 'n chemiese wanbalans in die mens se liggaam veroorsaak. Die bastone en tromritmes bring 'n reaksie in die serebraal-spinale vloeistof en die pituïtêre klier in die brein teweeg, deurdat daar 'n ooraafskeiding van adrenalien en hormoonproduksie plaasvind. "This is why concert-going crowds 'bang their heads', raise their fists and destroy the arena. It's also why feelings of lust and sensuality wash over everyone there." Om die hormoonwanbalans te kompenseer, word bloedsuiker vanaf die brein onttrek. Bloedsuiker is die primêre voedingstof waarop die brein funksioneer, en daarom veroorsaak 'n tekort daaraan die onvermoë om willens en wetens besluite te kan neem.

'n Verdere ondersoek deur Diamond wat die verband tussen rock-musiek se ritme en fisiologiese veranderinge in die mens ondersoek het, het die volgende resultate aan die lig gebring (Godwin, 1988: 12):

- "... more than 90% registered an INSTANT loss of two thirds of their normal muscle strength while listening to rock.
- Haitian voodoo drum music has the same rhythms as rock.
- Above a certain decibel level, the same muscle weakening occurs, regardless of the rhythm.
- A phenomenon called 'switching' occurs in those listening to the stopped anapestic beats of rock music. A mixup in alpha waves between the two hemispheres of the brain results in the same brain wave synchronization found in schizophrenics and babies."

Vergelyk die negatiewe seksuele inslag van snitte uit liedjies van gewilde popgroepe op die psige van die jeugdige:

"... I know what you want
I can see what you're looking for
I know what you want from me
And I'm gonna give you more ...
I'm gonna slide it in ..."

(’n Uittreksel van Whitesnake se "Slide it in"-album, 1984).

"Tight leather pants that'll make you grunt
Two nice soft things right up front ...
If you're kinda confused as to what a skeezer is
It's a girl who's on my jock
Cause I'm in show biz ..."

(’n Uittreksel van LL Cool J se "Bigger and Better" rap-album, 1987).

David Coverdale van die Whitesnake-popgroep het die volgende uitspraak gemaak (Godwin, 1988: 157): "Isn't sex what rock and roll is all about? ... That's what Whitesnake has that so many younger bands are missing. They bash at rock and roll like two teen-agers in the back seat of a car. It takes the experienced hand to know how to take it slow and easy - how to build the excitement until there's a great climax ..." 'n Kenmerk van Whitesnake se konserte is dat David Coverdale die mikrofoon tussen sy bene hou terwyl die gehoor gil en skreeu, totdat 'n "elektroniese klimaks" bereik word. Sy toer saam met Motley Crue het hy beskryf as 'n "'Suitcase Full of Rubbers' tour"

(Godwin, 1988: 157). Dit is duidelik dat hulle rekening hou met VIGS, maar nogtans nie daardeur afgeskrik word nie.

Op die vraag waarom seksualiteit so 'n groot rol in popmusiek speel, antwoord Godwin (1988: 14) as volg: "Because immoral sex serves a specific purpose — to spread demons ... Since those engaged in sexual union are 'one flesh' physically, whatever demons are lodging in either body are free to pass back and forth ...". As hierdie uitspraak vergelyk word met Bybelse uitsprake soos in Spreuke 6: 20-32 en 7: 1-27 (Bybel OT, 1991:588-589), asook Paulus se eerste brief aan die Korinthiërs hoofstuk 6: 15-20 (Bybel NT, 1991: 193), wil dit lyk asof Godwin se standpunt water hou.

(ii) *Okkultisme en popmusiek*

Die okkultisme speel inderdaad 'n groot rol in baie van die algemeen-beskikbare populêre musiek. Henderson (1978: 0-61) beskryf hoedat die "blues" die brug tussen die Afrika-voodoo en moderne rock-musiek geslaan het.

Vanaf die dertiger- tot vyftigerjare het talle swart kunstenaars die "blues" populêr gemaak. Kenmerkende temas was moord, owerspel, egbreuk en depressie. Die oeroue, oorgelewerde stamritmes van die Afrika-voorvaders is deur die pioniers van die "blues" in voodoo-musiek omskep. Supersterre soos Lep Zeppelin, die Who-groep en die Rolling Stones het weer die "blues" verwerk deur van elektronika en geweldige sterk luidsprekers gebruik te maak. Hendrix, wat 'n alombekende kitaarspeler was, het die volgende oor sy musiek gesê (Henderson, 1978: 214-215): "The background of our music is a spiritual-blues thing ... We try to make our music so loose and hard-hitting so that it hits your soul hard enough to make it open. It's like shock

therapy or a can opener. Rock is technically blues-based ... We want them to realize that our music is just as spiritual as going to church."

Meyer (1985: 3-4) skryf die volgende: "Rock's incredible volume, coupled with screeching dissonance and the rhythmic beat of voodoo ... are combined with ELF (Extremely Low Frequency). These are subsonic tones that cannot be heard, but are felt in the physical body. ... Depending on the number of cycles per second, ELF can produce euphoria or violent, murderous reactions in those listening."

Tonele van vuur en vlamme speel ook 'n groot rol in die hedendaagse popfeeste, lirieke en uitbeeldings op albums wat sterk aan offerandes, geweld en die hel herinner. Vergelyk die volgende snitte uit bekende liedjies in dié verband:

"Generals gathered in their masses
Just like witches at Black Masses
Evil minds that plot destruction
Sorcerer of death's construction
In the fields the bodies burning
As the war machine keeps turning ..."

Vergelyk die volgende twee snitte uit die "Licensed to Kill"-album van die Beastie Boys, 'n bekende rap-musiekgroep (1986):

"I got money in the bank
I can still get high ...
Twin sisters in my bed

Their father had envy
So I shot him in the head
If I played guitar, I'd be Jimmy Page
The girlies I like are under age."
("The New Style")

"Our manager's crazy, He always smokes dust
He's got his own room at the back of the bus
Goin' round the word, You rock around the clock
Play to hotels, Girls on the job ..."
("No sleep Till Brooklyn")

("War Pigs" deur Black Sabbath, 1970).

"Taste the love, the Lucifer's magic
That makes you numb, you feel what it does
And you're drunk on love
You're sleeping in the fire ..."

("Sleeping in the Fire" deur W.A.S.P., 1984)

"My parents think I'm crazy
And they hate the things I do
I'm stupid and I'm lazy
Man, if they only know
How flaming youth will set the world on fire
Flaming youth, our flag is flying higher."

("Flaming Youth" deur KISS, 1976).

Die voorbeelde van okkultiese bedrywighede in popmusiek is legio. Die tans gewilde sanger Alice Cooper was byvoorbeeld twintig jaar gelede Vincent Furnier, die seun van 'n predikant. Hy het die naam van 'n demoon aangeneem wat aan hom verskyn het terwyl hy 'n Ouija-bord gebruik het. Op die omslag van Impaler se nuwe (1985) album, "Rise of the Mutants", word een van die groep se lede uitgebeeld waar hy besig is om by 'n doodskis die lyk se ingewande te verorber! Kannibalisme maak deel van Satanisme uit. Ozzy Osbourne se verhoogoptredes word gekenmerk deur sy bloedlustigheid — hy het al 'n duif se kop afgebyt en 'n vlermuis lewendig opgeëet tydens een van sy "suksesvolste" konserte (Godwin, 1988 & Cumbey, 1983)!

(iii) *Dwelmmiddels en popmusiek*

Baie kunstenaars en kwasi-kunstenaars is voortdurend soekend na nuwe skeppende bronne of inspirasie wat hulle 'n deurbraak op kunsgebied sal help maak, en psigedeliese middels is vir hulle die antwoord. Lank reeds huldig heelwat kunstenaars die opvatting dat dwelmmiddels hulle optredes verbeter. Linda Ronstadt het byvoorbeeld openlik erken: "I perform best with a shot in each arm" (Loedolff & Louw, 1973: 82-83). Vergelyk ook die volgende uitspraak: "Consciousness expansion, the search for what Dr Sidney Cohen has so aptly termed 'The Beyond Within', is as ancient as man" (Jaffe, Petersen & Hodgson, 1980: 54). Die Beatles was bekend vir hulle dwelmmisbruik, en veral Lennon het dwelmmiddels en okkultisme gekombineer in 'n poging tot optimale bewussynsverruiming (Coleman, 1984; Pang & Edwards, 1983). Deesdae is daar weinig popsterre wat nie dwelmmiddels gebruik nie — popmusiek het sinoniem met dwelmmiddels geword.

(iv) *Geweld en popmusiek*

Ná 'n Motley Crue-konsert het die polisie geweier om weer by popfeeste diens te doen (Godwin, 1988: 283-284): "About 150 police officers signed a petition telling superiors they no longer will work at heavy metal concerts in the Tacoma Dome following an incident in which a fan licked blood off the floor. The petition started out as a letter from Det. Bill Belante, who said the Motley Crue concert three weeks earlier was the last straw. Belante said he saw drug use, assault, open sex and half naked girls. Then, after the victim of a vicious beating was taken away, a young man crouched over the spilled blood and licked it ... His protest letter described the concerts as 'sanctioned war zones ...'."

Nadat 'n platejoggie John Lennon beskuldig het van 'n verhouding met die Beatles se homoseksuele bestuurder, het Lennon die volgende gesê (McCabe & Schonfeld, 1984: 30): "So I was beating the # @ %! out of him, and hitting him with a big stick, too, and it was the first time I thought, 'I can kill this guy'." Oor Paul McCartney se verhouding met sy vader het Lennon die volgende gal gebrak (McCabe en Schonfeld, 1984: 30): "And I was always saying, 'Face up to your Dad, tell him to # @ %! off. He can't hit you. You can kill him, he's an old man'." Hieruit kan duidelik afgelei word dat gewelddadige optrede en die minagting vir gesag tweede natuur by Lennon was.

L L Cool J (Ladies Love Cool James) is een van die heel bekendste en gewildste "rap"-musikante in die musiekindustrie. Godwin (1988: 130-132) beweer dat Smith (L L Cool J) se musiek geweld in Baltimore aangevuur het: "His music was whipping up violence in Baltimore ... An average of two teens were murdered every month for over a year in the black Baltimore inner

city. Children as young as 13 killed each other with .45s, shotguns and even automatic weapons." Die volgende uittreksels is van die treffer "P.S.K." (Parkside Killers):

"P is for the people
Who can't understand
How one home boy became a man
S is for the way you scream and shout
One by one I'm knocking you out ...

Put my pistol up against his head.
Said, 'Sucka @\$#! nigger
I should shoot you dead ..."

Aangesien feitlik alle jeugdige daagliks na popmusiek luister, kan aanvaar word dat die invloed wat popmusiek op hulle uitoefen, verreikend is. Een van die primêre bemarkingstrategieë waarvan popsterre gebruik maak, is seks. Die "geslagtelik-soekende" jeugdige word daagliks gebombardeer met seksuele impulse wat van alle sedelik-verantwoordelike norme en waardes ontnem is. Indien die jeugdige nie aan die hand van verantwoordbaar-genormeerde geslagtelike opvoeding gelei word nie, word hy uitgelewer aan die slagspreuke van popsterre wat met onvermoeide energie onverantwoordelike gedrag propageer (Kilian, 1990: 104; Seale, 1992: 27-35; Karsten, 1993: 15).

(b) **Lektuur**

Lektuur vertoon 'n bepalende en daadwerklike invloed op die jeugdige se seksualiteit. Vir baie jeugdige is koerante en tydskrifte 'n belangrike inligtingsbron.

Met groot reëlmaat verskyn daar daagliks artikels en berigte in tydskrifte en dagblaaië met 'n prikkelende seksuele strekking. Sodanige beriggewing is oorwegend ontdaan van enige verantwoordelike genormeerde en moreel-etiese waardes (Wessels, 1993: 28). die doel met sodanige berigte/artikels blyk te wees om die seksuele dekadensie van die samelewing op 'n sensasionele wyse aan te bied (Le Roux & Dey, 1994: 65). As toeligting word melding gemaak van die prominente dekking wat onlangs aan twee welbekende Suid-Afrikaners verleen is:

- Die buite-egtelike verhouding van dr. Piet Koornhof (voormalige kabinetslid en ambassadeur) met sy sekretaresse, wat volgens berigte voorheen by 'n "gesellin-klub" werksaam was.
- Die buite-egtelike kind van die twintigjarige supermodel Tanya Fourie, wat verwek is deur Nicola Caricola, 'n Italiaanse sokkerster.

Gesprekke rakende die seksualiteit van die jeugdige, wat eintlik tuishoort binne 'n intiem-vertroude ek-jy-verhouding, word op groot skaal in allerlei tydskrifte van ons dag gevoer. Aangeleenthede soos byvoorbeeld voorhuwelikse geslagsgemeenskap, wat eintlik met groot omsigtigheid binne die gesin hanteer behoort te word, het 'n alledaagse besprekingspunt geword. Die skrywers van sulke artikels deel dikwels nie die norme en waardes van verantwoordelike geslagsopvoeders nie, en hierdie teenstrydigheid kan die kind se oordeelsvermoë sodanig versteur dat sy keuseweerbaarheid daardeur beïnvloed word (Louw (red.), 1987: 32). Die pornografie wat daagliks in tydskrifte soos *Scope*, *Playboy* en *Hustler* vertoon word, het ten doel om matigheid en sindelikheid as kenmerke van behoortlikheid by die kind af te takel.

Indien die jeugdige nie toereikend ten aansien van sy seksualiteit begelei word rakende invloede wat uiters belemmerend op sy geslagtelike wording inwerk nie, kan hy seksueel-losbandige gedrag openbaar wat ooreenstem met die voorbeeld wat vir hom in die media voorgehou word.

(c) **Televisie en rolprente**

In navorsing is televisieprogramme deur tieners as een van die grootste beïnvloeders tot seksuele gedrag aangedui (90%), daarom kan dié vorm van massamedia beslis nie geïgnoreer word nie (Schutte 1988: 459; Dey, 1990: 149).

Opsigtelike seksuele verhoudings wat voorheen absoluut privaat was, word op 'n daaglikse basis vertoon. Gevolglik word dit uiters problematies om die norm van liggaamlike privaatheid te handhaaf (Le Roux & Dey, 1994: 68).

In Suid-Afrikaanse televisie-uitsendings word daaglik sowat 'n uur en 'n half aan die sogenaamde "sepies" afgestaan. Feitlik al sodanige reekse is van die VSA afkomstig. Geslagsgemeenskap binne 'n monogame huwelik is in programme soos "Santa Barbara, The Young and Restless, The Bold and the Beautiful" en "Loving" 'n absolute rariteit. Selfs in die Suid-Afrikaans-vervaardigde "Egoli", wat tydens prima-kyktyd gebeeldsend word, vier sake soos voorhuwelikse seks, promiskuïteit, ontrouheid en buite-egtelike kinders hoogty (Van der Merwe, 1993: 28).

Oor die invloed wat bovermelde "kykgenot" op jeugdiges se seksuele gedrag vertoon, spreek McDowell (1992: 108) homself soos volg uit: "Many teenage girls and even a few boys are hooked on soap operas. In

most soaps almost every person in the cast is involved in sex without marriage. Teenagers watch this and learn through those programs that premarital sex will make them happy and content."

Die jeugdige word mettertyd gekondisioneer om dit wat hy hoor, lees en sien as die normale en behoorlike te aanvaar. Beskou in die lig van die feit dat televisie seks buite die huwelik ses maal meer as seks binne die huwelik vertoon, en dat 94% van seksuele verhoudinge in strooisages buite die huwelik plaasvind, kan die daadwerklike invloed van televisie op die jeugdige se ontluikende seksualiteit nie geringgeskat word nie (Le Roux & Dey, 1994: 68).

Rolprente en televisie hou daaglik geslagtelik-onverantwoordelike gedrag as aanvaarbaar aan jeugdiges voor. Wanvoorstellings van volwasse seksualiteit word aan die jeugdige voorgehou deur byvoorbeeld seks as "liefde" uit te beeld. Die jeugdige raak in so 'n mate betrokke by die doen en late van karakters op die skerm, dat dit vir hom gaandeweg al moeiliker word om tussen fantasie en werklikheid te onderskei (Le Roux & Dey, 1994: 68). Indien die optrede van televisie- en rolprentakteurs nie aan jeugdiges in perspektief gestel word en daar aan hulle uitgewys word dat hulle gedrag dikwels nie aan verantwoordbare sedelike norme en waardes voldoen nie, kan jeugdiges geredelik gedrag openbaar om in pas te kom met hul heldeverering op die skerm (McDowell, 1992: 40).

(d) Advertensies en reklame

McDowell (1992: 42) spreek hom as volg uit oor die verband tussen seks en reklame: "The media bombards us daily with messages about sex. Sex is a primary ingredient in most advertising. It is used to sell everything from automobiles to deodorants. Our radios, television sets, movie screens, record

players, books, magazines, and newspapers loudly proclaim that sex is normal, available and certainly not restricted to adults, much less married people."

Dit is insiggewend in hoe 'n mate die trefkrag van 'n motoradvertensie verhoog word, indien 'n nakende meisie die mate van pret wat die aanskaf van die betrokke motor die eienaar kan bied, uitbeeld. Trouens, 'n uiters eroties geskakeerde televisie en rolprentreklameflits is verlede jaar met die hoogste toekenning in die reklame bedryf beloon (Engelbrecht, 1993: 13): "Die druppel kwiksilwer wat geluidloos oor die ronding van 'n naakte vrou rol en uiteindelik by haar naeltjie tot ruste kom, is in vanjaar se Loerietoekennings aangewys as die beste advertensie in die afdelings vir televisie- en rolprentreklame. Dit is Hunt Lascaris se BMW-advertensie ..."

Pistorius (1983: 199) sluit by bogenoemde aan deur te beklemtoon dat die handelswêreld die behepthed met die seksuele raaksien en op elke denkbare moontlikheid uitbuit. Die advertensies van motors, koeldrank, sjokolade, sigarette, seep, ensovoorts, het bedekte maar meestal blatante seksuele ondertone.

Wat die kommersialisering van seksualiteit in advertensies betref, is Seckinger (1975: 124-125) die volgende mening toegedaan: "A peculiarly modern distortion of human sexuality appears in modern societies where consumption is valued hand in hand with competition. Human beings become objects in such a society ... To commercialize, sell and display exaggerated conceptions of human sexuality is to reduce manhood and womanhood into subhuman object relations."

Bovermelde skets duidelik dat die advertensie- en reklamebedryf ruimskoots van seksuele erotiek gebruik maak ten einde hulle produkte te bemark. Die Christelike beskouing, naamlik dat die mens se liggaam die tempel van God verteenwoordig, verloor al hoe meer sy betekenis. Seksualiteit wat een van die intiemste aspekte van die menslike bestaan verteenwoordig, word sodoende gebanaliseer, gekommersialiseer en vervlak. Omdat die jeugdige op 'n deurlopende basis aan sodanige beïnvloeding blootgestel word, word sy geslagtelike volwassewording beslis nie ongedeerd gelaat nie (Pretorius, 1990: 158-159).

Dit blyk gevolglik dat 'n eietydse seksuele rewolusie, soos deur die massamedia verbeeld en vertolk, die problematiek rakende jeugseksualiteit dienoooreenkomstig intensiveer (Le Roux & Dey, 1994: 70).

SAMEVATTING

Waarskynlik sal die suider-Afrikaanse samelewing van die een-en-twintigste eeu só sterk deur die tegnologie gekenmerk en beheers word dat dit as teknokraties bestempel sal kan word. Veranderinge kan verwag word op die terreine van die demografie, ekonomie, politiek, ekologie, waarde-oriëntasies, beroepsbeoefening, rekreasie en sosiaal-maatskaplike verhoudinge. Ontwikkelings en ontdekkings op tegnologiese gebied is besig om die lewe ingrypend te verander en die ou geykte sisteem en manier van doen is net nie meer voldoende nie. 'n Golf van hoë snelheidsomwenteling is besig om ons te tref.

Die pluraliteit van die samelewingsamestelling in Suid-Afrika het aanleiding gegee tot die verpolitisering van die onderwys, en bewussynsmanipulasie is

besig om op groot skaal plaas te vind, met 'n "wêreldkultuur" as uiteindelijke oogmerk.

'n Verdere samelewingsverandering is die verseksualisering wat in die huidige tydsgewrig problematies geword het. Onsedelikheid onder die jeug word verder bevorder deur die massamedia.

Opvoeding in die huidige tydsgewrig sal die klem noodwendig moet laat val op kommunikasie — en oorleefvaardighede.

HOOFSTUK 3 (Inhoud)

DIE ADOLESSENT SE BELEWING VAN DIE VERANDERENDE LEEFWêRELD

	Bladsy
3.1	INLEIDING 53
3.2	DIE ADOLESSENT 53
3.2.1	Die periode van adolessensie 53
3.2.2	Verskillende beskouinge oor adolessensie 56
(1)	Biologiese beskouinge 56
(2)	Psigoanalitiese bekouinge 58
(3)	Sosio-psigoanalitiese beskouinge 59
(4)	Sosiologiese beskouinge 61
(5)	Antropologiese beskouinge 62
(6)	Die Psigologiese benadering 63
(7)	Die psigososiale beskouing 64
(a)	Aanvaarding van die eie liggaamsbou en die doeltreffende beskerming en gebruik van die liggaam 64
(b)	Verwerwing van emosionele onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes 65
(c)	Aanknoping van nuwe en meer volwasse verhoudings met portuurs van beide geslagte 66
(d)	Begeerte na en verwerwing van sosiaal verantwoordelike gedrag 66
(e)	Verwerwing van 'n stel waardes en 'n etiese sisteem as riglyn vir gedrag – ontwikkeling van 'n lewens- en wêreldbeskouing 67
(f)	Verwerwing van 'n manlike of vroulike geslagsrol 67
(g)	Vorbereiding vir 'n beroep 68
(h)	Vorbereiding vir 'n huweliks- en gesinslewe 69
(8)	Fasetorieë 70

HOOFSTUK 3 (Inhoud vervolg)

	Bladsy
(a) Idealistiese rebelsheid	71
(b) Egosentriese	72
(i) Die denkbeeldige gehoor	72
(ii) Die persoonlike fabel	72
(c) Desentrering en 'n lewensplan	73
(9) Behavioristiese beskouinge	74
3.3 BELEWING	75
3.3.1 Die wese en betekenis van belewing	75
3.3.2 Betekenisgewing en belewing	77
3.3.3 Betrokkenheid en belewing	78
3.4 LEEFWêRELD	80
3.4.1 Die betekenis van die begrip leefwêreld	80
3.4.2 Die verhouding met die self	83
(1) Dimensies van die selfkonsep	85
(a) Die fisieke self	85
(b) Die sosiale self	86
(c) Die materiële self	86
(d) Die psigiese self	87
(2) Faktore wat die ontwikkeling van die selfkonsep beïnvloed	87
(3) Bronne en gevolge van stres op adolessente	89
(a) Bronne van stres	89
(b) Die gevolge van stres	92
3.4.3 Die verhouding met ander	94
(1) Ouers	94
(a) Ouerlike liefde	94
(i) Kennis	94
(ii) Respek	95
(iii) Sorg	95
(iv) Verantwoordelikheid	96

HOOFSTUK 3 (Inhoud vervolg)

	Bladsy
(v) Vertroue	96
(b) Konflik tussen adolessente en hulle ouers	96
(c) 'n Versteurde ouer-kind-relasie	99
(2) Portuurgroep	100
(a) Die aard en ontwikkeling van die portuurgroep	101
(b) Funksies van die portuurgroep	103
(i) Emansipasie	104
(ii) Sosiale aanvaarbaarheid	104
(iii) Die portuurgroep as verwysingsgroep	105
(iv) Eksperimentering	106
(v) Kompetisie	106
(vi) Sosiale mobiliteit	106
(vii) Rekreasie/Vryetydsbesteding	107
(c) Sosiale probleme gedurende adolessensie	107
(i) Masturbasie	107
(ii) Homoseksualiteit	107
(iii) Tienerswangerskap en aborsie	108
(iv) Vroeë huwelike	109
(v) Voorhuwelike seksuele aktiwiteite	110
(3) Onderwysers	110
(a) Die onderwyser se selfkonsep	111
(b) Positiewe invloede op die leerling se selfkonsep	112
3.4.4 Verhouding met dinge en idees	114
(1) Versteurde verhouding met dinge in die wêreld	115
(a) Versteurde verhouding met tyd	116
(b) Versteurde verhouding met norme en waardes	117
3.4.5 Verhouding met God	119
(1) Rationele benadering	119
(2) Smartervaring en skuldbesef	120
(3) Twyfel	120

HOOFSTUK 3 (Inhoud vervolg)

	Bladsy
(4) Bekerings	121
(5) Die gebed	122
(6) Betekenis van sy godsdiens	122
(7) Versteurde verhouding met die transendente	123
(8) Soeke na egte godsdiensbelewinge	123
3.5 SAMEVATTING	124

Hoofstuk 3

DIE ADOLESSENT SE BELEWING VAN DIE VERANDERENDE LEEFWêRELD

3.1 INLEIDING

Muchow (Pretorius, 1990: 139) het 'n poging aangewend om 'n "tipologie van die jeugdige" te ontwerp en om tipiese, altyd geldige grondtrekke van die adolessent te beskryf. Hy stel die volgende as kenmerke: die volwassewording is nog nie voltooi nie; seksuele rypheid is bereik, maar nog nie die fisiese, persoonlike en kulturele funksionering van die seksualiteit nie; die adolessent/jeugdige toon 'n sosiale openheid of ongebondenheid; hy is nog onvas wat betref waardes; hy soek 'n identiteit en 'n taak in die lewe; hy oriënteer hom in navolging van of in opposisie tot die verskyningsvorme van sy tyd, waarvolgens hy dan ook sy eie persoonsontploffing rig; hy soek intens na sosiale bindinge; hy moet en wil selfstandig word.

Die adolessent voltrek egter sy volwassewording in 'n tegnokratiese en steeds veranderende samelewing wat hom aflei van sy eie wese en van die totaliteit van sy eie menswees. Dit gee dikwels aanleiding tot versteurde verhoudinge met homself, met betekenisvolle ander in sy lewe, met dinge/idees en met God.

3.2 DIE ADOLESSENT

3.2.1 Die periode van adolessensie

Adolessensie dui op 'n bepaalde periode in die lewe van die mens, waar

afbakening van spesifieke ouderdomsgrense problematies blyk te wees (Gouws & Kruger, 1994: 3). Nie net vervroeg die ouderdom waarop die fase van adolessensie 'n aanvang neem nie, maar word die ouderdom waarop die periode eindig al meer uitgestel (Papalia & Olds, 1981: 344). Daarby kan die duur van die periode ook wissel volgens individuele ontwikkelingstempo.

Die begin van die adolessentestadium word gewoonlik gestel as puberteit — 'n ontwikkelings stadium waartydens die vermoë tot reproduksie bereik word en sekondêre geslagskenmerke begin ontwikkel. By die dogter neem puberteit 'n aanvang met die eerste menstruasie, gewoonlik tussen 11 en 13 jaar, en by seuns ongeveer twee jaar later (Louw, 1982: 213; Hopkins, 1983: 3).

Die beëindiging van adolessensie word bereik met volwassenheid — 'n moeilik definieerbare begrip. In primitiewe samelewings word volwassenheid omskryf as geslagsrypheid (Craig, 1980: 349). Indien volwassenheid egter in intellektuele terme omskryf word, word adolessensie beëindig met die verwerwing van die vermoë om abstrak te dink (Papalia & Olds, 1981: 344). Sodra die individu selfonderhoudend is, tree ekonomiese volwassenheid in, terwyl sosiologiese volwassenheid intree sodra die individu in die huwelik tree (Papalia & Olds, 1981: 344; Hopkins 1983: 4).

Adolessensie word deur verskeie outeurs, waaronder Adams (1980: 2), Craig (1980: 349), Hopkins (1983: 6), Engelbrecht, Kok en Van Biljon (1982: 74) en Proefrock (1981: 850), as 'n betreklik resente verskynsel beskou. In primitiewe samelewings lei die behoefte aan die bydrae van die jeug vir die versorging, beskerming en instandhouding van die gesinslewe daartoe dat die jeug sonder die verposing wat vandag as adolessensie omskryf word, van kinder- na volwasse status vorder. Dié oorgang vind gewoonlik plaas tydens

een of ander ritueel, inisiasieproses en/of simboliese seremonie (Barnard (red.), 1987: 296).

Adolessensie as 'n fase van ontwikkeling het sy ontstaan te danke aan die totstandkoming van 'n stedelike en geïndustrialiseerde samelewing (Monteith, Postma & Scott, 1988: 17). Proefrock (1981: 850) hou vyf faktore verantwoordelik vir die voorkoms van adolessensie as ontwikkelingsperiode:

- 'n skeiding tussen woon- en werkplek;
- die noodsaaklikheid van 'n verlengde periode van voorbereiding vir 'n volwasse rol in die samelewing;
- ekonomiese welvaart onder die jeug;
- hoë sosiale mobiliteit; en
- die totstandkoming van verpligte onderwys.

Omdat die kwalifiserende eise vir volwassenheid in die moderne samelewing so hoog is, en die eietydse jeug vroeër geslagsryp word (De Wit & Van der Veer, 1982: 50) duur adolessensie vandag 'n lang tyd. Adams (1980: 4) wys daarop dat die hoë bevolkingsaanwas tesame met die snelle tegnologiese ontwikkeling ook aanleiding gee tot groter werkloosheid, en daarom beskou hy adolessensie as 'n "houperiode" waartydens onderwys, volwassewording en wag die belangrikste ontwikkelingsstake is. Engelbrecht *et al.* (1982: 74) praat tereg van die "Westerse kultuuradolessensie" en Hopkins (1983: 7) beskou adolessensie "as the 'invention' of Western industrialized societies".

Monteith *et al.* (1988: 18) wys daarop dat die verlengde adolessensie nie sonder meer as 'n nadeel beskou moet word nie, omdat dit 'n periode vry van verantwoordelike impliseer. Dit bied nie net meer geleentheid vir eksperimentering met rolle, beroepskeuses en heteroseksuele verhoudings nie, maar ook 'n uitdaging aan 'n meer doeltreffende voorbereiding op volwassenheid. Die blote verlengde periode van adolessensie bied egter geen versekering dat geleentheid benut sal word nie – daartoe moet die adolessent opgevoed en begelei word (Monteith *et al.*, 1988: 18).

3.2.2 Verskillende beskouinge oor adolessensie

Daar is verskillende benaderingswyses tot die vraag wie die adolessent of wat adolessensie is. Wat as 'n tipiese adolessent beskou word, word egter deur 'n persoon se basiese uitgangspunte bepaal. Op grond van hierdie basiese uitgangspunte kan onder andere onderskei word tussen biologiese en psigososiale teorieë of beskouinge oor adolessensie. Deur elkeen van hierdie benaderings kernagtig te bespreek, sal gepoog word om tot 'n duidelike beeld van die adolessent en adolessensie te kom.

(1) Biologiese beskouinge

Hall (Monteith *et al.*, 1988: 19) word deur baie navorsers as die vader van die navorsing oor die ontwikkeling van die kind beskou. Hall beweer dat ontwikkeling deur fisiologiese faktore wat geneties bepaal is, beïnvloed word (Gouws & Kruger, 1994: 75). Volgens Hall se rekapitulasieteorie gaan die individu in sy ontwikkeling deur al die evolusionêre ontwikkelingsstadia kenmerkend van 'n bepaalde spesie. Die dierlike ontwikkeling word tydens die babastadium herleef, wanneer die baba soos 'n dier kruip en hoofsaaklik sensories-motories georiënteerd is. Die kinderjare stem ooreen met die

periode van grotbewoners en die kinderspeletjies (soos wegkruipertjie) weerspieël die grotbewoners se jag- en visvang-aktiwiteite. Tydens die jeugjare gaan die kind deur 'n stadium van barbaarsheid, maar is hy ontvanklik om te leer lees, skryf en reken deur roetine-oefeninge en dissipline (Monterith *et al.*, 1988: 19). Vir Hall is adolessensie 'n tweede geboorte waartydens hoëre en meer volkome menslike eienskappe gebore word (De Wit & Van der Veer, 1982: 28). Adolessensie is vir Hall ook 'n periode van storm en drang na aanleiding van die negentiende-eeuse Romantiek (McCandless & Coop, 1979: 6). Die stemming van die adolessent wissel tussen uitbundigheid en depressie, 'n begeerte om alleen gelaat te word en 'n begeerte om tussen mense te wees. Hierdie emosionele konflik en teenstrydighede is te wyte aan die samelewingseise. In 'n stadium waar die adolessent worstel om sy fisieke groei te hanteer, word die emosionele-, kognitiewe- en sosialiseringseise al groter. Dit is juis hierdie disharmonie tussen die ontwikkelende adolessent- en samelewingseise wat tot die onvermydelike storm en drang aanleiding gee (Thornburg, 1975: 21; Rosenzweig, 1992).

Desondank die feit dat Hall se benadering vandag nie meer steun geniet nie, kan daar tekens daarvan in byvoorbeeld Erikson se ontwikkelingskrisisse waargeneem word.

Gesell (De Wit & Van der Veer, 1982: 29; Ames, 1989) sluit in sy benadering tot ontwikkeling aan by Hall, alhoewel hy groter klem op die invloed van omgewingsveranderlikes op die ontwikkeling van die adolessent gelê het. Liggaamlike ryping is vir Gesell die essensiële voorwaarde vir ontwikkeling en leer. Gesell sien ontwikkeling nie net as opwaarts nie, maar ook spiraalvormig met sowel opwaartse as afwaartse gradiënte en plato's op sowel die hoogtepunt as die laagtepunt soos wat die kind sy verworwe vermoëns konsolideer voordat verdere groei plaasvind (Rice, 1981: 51).

Die waarde van die biologiese bekouinge oor adolessensie lê daarin dat dit die biologiese determinante van gedrag uitlig (Monteith *et al.*, 1988: 20).

(2) Psigoanalitiese bekouinge

Freud se teorie van psigoseksuele ontwikkeling beklemtoon die belangrikheid van die vroeë kinderjare in so 'n mate dat relatief min aandag aan adolessensie gegee word (Rosenzweig, 1992). Volgens Freud (Fonagy, Steele, Moran & Steele, 1993: 947-989) het die ontwikkeling van die adolessent sy wortels in die suksesvolle (of onsuksesvolle) oplossings van ontwikkelingstake tydens die kinderjare.

Adolessensie word veral gesien as 'n periode waarin die konflikte van die kinderjare (byvoorbeeld die Oedipus- en Elektrakonflik) herleef. Orale fiksasie uit die eerste lewensjare lei byvoorbeeld tot 'n sterk afhanklikheidsprobleem tydens adolessensie. Onverwerkte oedipale konflikte kan weer lei tot seksuele beheptheid (De Wit & Van der Veer, 1982: 37).

Vir Freud (Gouws & Kruger, 1994: 76) was adolessensie primêr 'n periode waartydens die individu geslagsrypheid ontwikkel. Die adolessent moet die oorgang maak van outoërotisme, dit wil sê die opwekking en/of bevrediging van seksuele behoeftes deur 'n persoon se eie handeling of gedagtes sonder die deelname van 'n ander persoon en die beheptheid van die kind met die vader of moeder as liefdesobjekte tot volwasse seksualiteit en die keuse van heteroseksuele liefdesobjekte (McCandless & Coop, 1979: 7). Freud het adolessensie beskou as 'n periode van interne konflik, psigiese disekwilibrium en wisselvallige gedrag, waar die adolessent enersyds egoïsties is, maar andersyds bereid is tot selfopoffering (Magid (ed.), 1993). Die oorsaak van sodanige teenstrydige gedrag word voor die deur gelê van die psigiese

Adolesensie is vir Erikson (Gouws & Kruger, 1994: 80) 'n normatiewe basis wat met identiteitsverwerwing gepaard gaan. Tydens hierdie soeke na identiteit kry die jongmens die geleentheid om met verskillende rolle te eksperimenteer, sodat hy uiteindelik 'n rasionele keuse kan maak van hoe en wat hy wil wees.

Marcia (1980) het Erikson se teorie verder verfyn deur sy onderskeiding van vier basiese identiteitstatusse tydens adolesensie. Identiteitstatusse verwys na die wyse waarop die identiteitskrisis tydens adolesensie opgelos word, en is die volgende (Monteith *et al.*, 1988: 22):

- **Status 1: Identiteitsbereiking**
Die adolessent se identiteitskrisis is opgelos en 'n eie identiteit is verwerf.
- **Status 2: Identiteitsmoratorium**
Die identiteitskrisis is nog onopgelos en die adolessent eksperimenteer nog met verskillende rolle.
- **Status 3: Vooruitbesliste identiteit**
Die adolessent maak geen keuse nie en aanvaar die keuses en besluite wat sy ouers vir hom maak. Hy word dus wat ander besluit het hy moet word.
- **Status 4: Identiteitsverwarring**
Die adolessent ervaar nie 'n krisis nie, en is nog totaal onverbonde. Hy het nog geen belangrike besluit ten opsigte van sy toekoms geneem nie.

(4) Sosiologiese beskouinge

Volgens Davis (Monteith *et al.*, 1988: 23) is adolessensie 'n proses van sosialisering, waar sosiaal-aanvaarbare gedrag beloon en nie-aanvaarbare gedrag gestraf word. Herhaalde straf lei tot wat Davis as gesosialiseerde angs omskryf en wat as negatiewe motivering vir sosialisering dien. Davis beklemtoon verder dat middel- en laerklaskulture verskillende verwagtinge vir die adolessent koester. Omdat middelklaskulture sosiale status en sukses beklemtoon, veroorsaak hierdie verwagtinge sosiale angs by die adolessent wat hom motiveer om steeds meer na sosiaal aanvaarbare doelwitte te strewe. Laerklaskulture plaas nie soveel klem op status en sukses nie, en daarom ontwikkel adolessente van lae sosio-ekonomiese status nie genoeg angs om hulle tot dieselfde hoogtes as die middelklas-adolessente aan te spoor nie.

Die waarde van Davis (Rice, 1981: 64) se benadering lê daarin dat dit die aandag vestig op die invloed wat die samelewing op die ontwikkeling van die adolessent uitoefen.

Volgens Bandura (1993: 117-148) leer die kind deur gekose persone/modelle uit die sosiale milieu na te boots. Hierdie handeling word omskryf as modellering. Versterking speel hier 'n belangrike rol. Bandura onderskei tussen plaasvervangende en selfversterkende modellering. Eersgenoemde bestaan uit die waarneming van die positiewe of negatiewe gevolge van ander persone se optrede. Die kind kan byvoorbeeld op televisie waarneem dat 'n ander persoon vir aggressiewe optrede beloon word, en sodoende word die moontlikheid verhoog dat hy ook aggressie sal openbaar. Selfversterking beïnvloed gedrag egter net so doeltreffend as eksterne versterking. Indien adolessente byvoorbeeld redelike standaarde vir hulself stel en dit dan

bereik, voel hulle trots en tevrede met hulself en raak hulle sodoende toenemend onafhanklik van ander om hulle te beloon (Rice, 1981: 66).

(5) Antropologiese beskouinge

Antropologiese teorieë oor adolessensie word beskou as kultuur deterministies of kultuur relativisties vanweë die antropoloë se beklemtoning van die invloed van die sosiale omgewing op die ontwikkeling van die persoonlikheid van die kind. Die tipe van faktore wat die kind beïnvloed, is kultureel bepaald (Monteith *et al.*, 1988: 24).

'n Antropoloog soos Mead (Gouws & Kruger, 1994: 77) ontken die universaliteit van bepaalde adolessente kenmerke en gedrag – ook ouderdom word nie as 'n belangrike faktor beskou nie. Hierdie bevindinge grond sy op navorsing onder primitiewe volke soos dié in Samoa en Nieu-Guinee wat laat blyk dat die jeug nie dieselfde spanninge as dié van die Westerse adolessent ken nie (Mabee, 1987: 3-13).

Samoaanse kinders volg byvoorbeeld 'n kontinue groeipatroon sonder skielike of drastiese veranderinge as hulle tot 'n ander fase in hulle lewens oorgaan. Die seuntjie wat met sy pyl en boog speel, leer al spelende jag – sy taak om te jag is dus bloot 'n voortsetting van sy jagspel. Hierteenoor is dit egter 'n lang en ingewikkelde proses om die Westerse adolessent vir 'n beroep voor te berei (Pretorius, 1990: 137).

Daar is in primitiewe kulture ook nie die gedifferensieerde geslagsrolle van kinders en volwassenes soos dit in Westerse kulture bestaan nie. Vir die Samoaanse jeug is lewe en dood, seksuele aktiwiteite, borsvoeding,

swangerskap en kindergeboorte niks vreemd nie, terwyl seks en alles wat daarmee gepaard gaan vir die Westerse adolessent taboe is (Rice, 1981: 68).

Die waarde van die antropologiese beskouing lê daarin dat dit die aandag vestig op die kulturele konteks waarin die adolessent tot volwassenheid ontwikkel (Caton (ed.), 1990).

(6) Die Psigologiese benadering

Spranger (Thornburg, 1975: 31) beskou adolessensie as 'n oorgangsperiode tussen die kinderjare en fisiologiese volwassenheid – daardie stadium waartydens die adolessent se onderontwikkelde en ongedifferensieerde verstandstruktuur en psige volwassenheid bereik. Adolessensie is vir Spranger dus hoofsaaklik psigologies van aard. Volgens Spranger lê drie basiese beginsels adolessensie ten grondslag (Monteith *et al.*, 1988: 26), naamlik:

- Adolessensie is — benewens 'n periode van storm en drang — 'n vorm van hergeboorte waardeur die individu homself as 'n ander persoon sien sodra hy volwassenheid bereik het.
- Ontwikkeling is 'n stadige en geleidelike groeiproses waardeur die adolessent die kulturele waardes en idees van sy samelewing verwerf.
- Aktiewe deelname is 'n voorwaarde vir die adolessent se groei. Hy verbeter homself, en los steurnisse en krisisse op deur sy eie doelgerigte pogings wat deur selfdissipline en selfbeheer gekenmerk word.

(7) Die psigososiale beskouing

Havighurst (Gouws & Kruger, 1994: 79) het in sy beskouing van adolessensie gepoog om die individuele behoeftes van die adolessent te versoen met die eise van die samelewing. Dit staan bekend as ontwikkelingstake. Bemeestering van dié take tydens elke stadium lei tot aanpassing en voorbereiding vir die moeiliker take wat voorlê. Mislukking in die bemeestering van hierdie take lei weer tot angs, sosiale afkeur en 'n onvermoë om as 'n volwasse persoon te handel (Sagy, Antonovsky & Adler, 1990: 11-25).

Volgens Hurlock (1980: 225) is hierdie ontwikkelingstake op die oorbrugging van kinderlike houdings en gedragspatrone gerig ter voorbereiding op volwassenheid. Nie alle adolessente bemeester al die take ewe vinnig nie, aangesien puberteit (fisieke ryping) tussen individue varieer en as die aanvang van adolessensie en die basis van die ontwikkelingstake beskou word.

Havighurst onderskei agt ontwikkelingstake wat tot die vorming van 'n eie identiteit lei. Elkeen sal kernagtig bespreek word (Monteith *et al.*, 1988: 39-45).

(a) **Aanvaarding van die eie liggaamsbou en die doeltreffende beskerming en gebruik van die liggaam**

Suksesvolle bemeestering van hierdie ontwikkelingstaak lei tot 'n ewewigtige siening van die self, liefde en seks (Manaster, 1977: 15). As die eie liggaam nie ten volle aanvaar word nie, strem dit die adolessent se vermoë om op 'n gemaklike en onbevange wyse met lede van die teenoorgestelde geslag om te gaan (Manaster, 1977: 15).

Die groot klem wat deur Westerse kulture (soos vergestalt in tydskrifte, koerante en op televisie) op uiterlike voorkoms gelê word, versterk by die stadig ontwikkelende adolessent die gevoel van ontoereikendheid en kan lei tot 'n identiteitskrisis en verwerping van die eie liggaam (Hurlock, 1980: 226). Bernard (1975: 282) beklemtoon die belangrikheid van opvoedingspraktyke wat die klem laat val op intellektuele, kunssinnige en sosiale vaardighede ten einde die adolessent bewus te maak dat die liggaamlike slegs 'n enkele faset van sy ontwikkeling behels.

(b) Verwerping van emosionele onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes

Die gee-en-neem-verhouding ten opsigte van onafhanklikheid wat tussen die adolessent en sy ouers ontstaan, berus op 'n gebalanseerde afname in dissipline gebou op 'n basis van wedersydse vertroue (Manaster, 1977: 15; De Wit & Van der Veer, 1984: 212-214). Emosionele onafhanklikheid word bevorder deur 'n positiewe houding en goeie kommunikasie tussen die ouers en die adolessent (Bernard, 1975: 283; De Wit & Van der Veer, 1984: 202).

Die afname in emosionele afhanklikheid van die ouers gaan gepaard met 'n toename in emosionele betrokkenheid by die portuurgroep, en veral by lede van die teenoorgestelde geslag (Sagy *et al.*, 1990: 11-25). Mislukking in die bemeestering van hierdie ontwikkelingstaak lei dikwels tot swak verhoudings met die portuurgroep en die onvermoë om werklik emosioneel standhoudend by 'n lid van die teenoorgestelde geslag betrokke te raak (Gouws & Kruger, 1994: 79-80).

(c) Aanknoping van nuwe en meer volwasse verhoudings met portuurs van beide geslagte

Indien die adolessent hierdie ontwikkelingstaak kan bemeester, lei dit tot die suksesvolle aanknoping van vriedskapsbande met lede van beide geslagte en gemaklike inskakeling by die gemeenskap (Hurlock, 1980: 226). Die groepsgevoel is baie sterk en goedkeuring van die portuurgroep – veral wat die uiterlike voorkoms betref – is noodsaaklik vir ewewigtige psigologiese ontwikkeling. Word hierdie ontwikkelingstaak nie bemeester nie, kan dit lei tot 'n gevoel van afhanklikheid en swak emansipasie tydens volwassenheid (Havighurst, 1972: 45-48).

(d) Begeerte na en verwerwing van sosiaal verantwoordelike gedrag

'n Aanvaarbare lewens- en wêreldbeskouing vorm die basis van sosiaal aanvaarbare gedrag. Die adolessent se sedelike ontwikkeling berus dus op die verstaan en aanneming van die waardes en gewoontes van die spesifieke gemeenskap (Manaster, 1977: 17).

Die tempo van veranderinge binne die gemeenskap wat onsekerheid en 'n gebrek aan vertrouwe meebring, maak die bemeestering van hierdie taak baie moeilik. Die adolessent se behoefte aan outonomie, aanvaarding en 'n eie identiteit word bevredig deurdat hy die tipiese waardes, gedragswyses en sosiale rolle van sy portuurgroep aanneem. Op dié manier berei hy homself dus voor op die sosiale rolle wat hy tydens volwassenheid moet vervul en die waardes wat hy moet naleef (Monteith *et al.*, 1988: 41; Bernard, 1975: 305).

Volgens Havighurst (1972: 79) is 'n adolessent wat hierdie taak nie bemeester nie óf 'n radikale aktivis wat gereed is om met behulp van rewolusie die swakhede van die gemeenskap omver te werp, óf 'n onbetrokke individu wat weier om ter wille van die welsyn van die gemeenskap op te tree en dus passief bly.

(e) Verwerwing van 'n stel waardes en 'n etiese sisteem as riglyn vir gedrag – ontwikkeling van 'n lewens- en wêreldbeskouing

Die volwassewording van die kind word sterk beïnvloed deur die waardes van die ouers, die portuurgroep, die gemeenskap en die kerk. Dit berus egter by die individu om hierdie waardes te aanvaar of te verwerp. Hierdie vryheid van keuse kan lei tot konflik tussen die adolessent en sy ouers, die portuurgroep of gemeenskap (Manaster, 1977: 16; Hurlock 1980: 226). Die ontwikkeling van die waardesisteem word bevorder deur identifikasie met navolgenswaardige volwassenes (Bernard, 1975: 306-307).

Die sentrale ontwikkelingstaak van die adolessent, naamlik die verkryging van 'n eie identiteit, verg volgens Havighurst (1972: 69) onder andere die vorming van 'n eties gekwalifiseerde waardesisteem. Hoe laer die intellektuele vermoë van die adolessent en hoe swakker die sosio-ekonomiese milieu waarin hy opgroei, hoe moeiliker kom die adolessent tot die opbou van 'n goeie waardesisteem (Gouws & Kruger, 1994: 79-80).

(f) Verwerwing van 'n manlike of vroulike geslagsrol

Hierdie ontwikkelingstaak verg volgens Sagy *et al.* (1990: 11-25) 'n groter aanpassing van die dogter as van die seun. Die dogter speel op primêre skoolvlak aanvanklik 'n meer dominante rol as die seun (vanweë haar vinnige

fisieke en psigiese ontwikkeling), maar moet tydens adolessensie geleidelik haar dominansie onderdruk en oorkom ten einde 'n geslaagde verhouding met die seun (wat nou die dominante rol begin vertolk) te kan aangaan.

Hierdie ambivalensie in die vroulike geslagsrol kan tot 'n identiteitskrisis by die dogter lei (Black & De Blassie, 1985: 281-290; Monteith *et al.*, 1988: 43).

'n Verdere probleem by geslagsrolaanvaarding is die diskrepansie wat bestaan ten opsigte van fisieke en seksuele volwassenheid teenoor voorhuwelikse seksomgang. Alhoewel die adolessent voorberei moet word om sy rol in die huwelik te kan volvoer, moet hy hom terselfdertyd van geslagtelike gemeenskap onthou. Die waardesistiem van die ouers en die gemeenskap wat aan die adolessent voorgeleef en oorgedra is, sal bepaal of hy positief sedelik of negatief permissief sal handel. Hoe groter die sin vir eiewaarde en hoe meer vertrou in die self, hoe makliker sal die adolessent die keuse ten opsigte van die ideale geslagsrol maak (Serbin, Powlishta & Gulko, 1993: 93-95; Bernard, 1975: 281; Black & De Blassie, 1985: 281-290).

(g) Voorbereiding vir 'n beroep

Die doelstelling van hierdie ontwikkelingstaak is die maak van 'n beroepskeuse op grond van die adolessent se eie begeerte en evaluering van sy eie vermoëns (Manaster, 1977: 16). Aangesien ekonomiese onafhanklikheid aan volwassenestatus gekoppel is, is dit een van die adolessent se hoofstrewes (Hurlock, 1980: 226).

Die moderne adolessent in die Westerse samelewing se bercepsbeoefening word tot 'n erge mate deur die snel veranderende kultuurverbande van die laat twintigste eeu beïnvloed. Werkloosheid is 'n wêreldwye probleem – met

gevolg dat etiese waarde verbonde aan beroepsvoorbereiding en -beoefening afgeneem het (Sagy *et al.*, 1990: 11-25).

Intensiewe psigologiese en filosofiese voorbereiding is noodsaaklik om die gekompliseerde taak van ekonomiese onafhanklikheid te verseker. Vir die adolessent uit die laer sosio-ekonomiese milieu is die wagtydperk soveel moeiliker, omdat die druk tot ekonomiese selfstandigheid soveel groter is. Dit is belangrik om die adolessent tydens hierdie fase sover moontlik van 'n skuldbesef ten opsigte van die hoë onkoste verbonde aan die voorbereiding van 'n beroep te vrywaar (Monteith *et al.*, 1988: 44).

Beroepsvoorligting op sekondêre skoolvlak is 'n kernaspek wat kan meehelp tot die suksesvolle bemeestering van hierdie ontwikkelingstaak (Havighurst, 1972: 68). So ook deelydse werk of vakansiewerk wat die gevoel van totale ekonomiese afhanklikheid by die adolessent verlig. Volgens Bernard (1975: 285) is 'n moontlike oplossing van die probleem die inskakeling van sekere skoolkursusse by die arbeidsmark, sodat adolessente betaal word vir arbeid gelewer terwyl hulle nog op sekondêre skool verkeer. Dit sal die adolessent terselfdertyd die versekering gee dat hy wel die vermoë tot ekonomiese onafhanklikheid besit.

(h) Voorbereiding vir 'n huweliks- en gesinslewe

Die sukses van 'n huwelik kan grootliks toegeskryf word aan die vermoë om suksesvolle verhoudings met die teenoorgestelde geslag binne die portuurgroep te vestig en om emosionele onafhanklikheid van die ouers te verkry (Manaster, 1977: 16). Die voorbeeld van die ouers en die opvoedingspraktyke binne gesinsverband bepaal dus in 'n groot mate die sukses van die huwelik (Monteith *et al.*, 1988: 44).

Hierdie ontwikkelingstaak berus sterk op kultuurnorme, aangesien die huwelik kultureel bepaald is. Veranderende waardes maak dit vir die adolessent egter moeilik om op 'n beginselvaste waardesisteem te bou. Volgens Havighurst (1972: 60) word die adolessent se begrip van die ware karakter van die huwelik bemoeilik deur die teenswoordige neiging om voor die huwelik saam te bly, asook die vinnige en gemaklike egskeidingsprosedures.

Die waarde wat aan 'n huwelik geheg word, word ook in 'n groot mate deur die sosio-ekonomiese status van die huwelikspaar bepaal. Omdat die ekonomiese peil nie in ag geneem word nie, is huwelike van laer sosio-ekonomiese status geneig om meer onstabiel te wees. Meer kinders kom ook in dié gesinne voor. Die hoër ekonomiese groep neig om ekonomiese realiteite in ag te neem en pas beter gesinsbeplanning toe (Havighurst, 1972: 60).

Geslags- en huweliksvoorligting is dus reeds op skool noodsaaklik. Huishouding-bestuurskursusse en geleenthede om ervaring van die versorging van jong kleuters op te doen, kan help met die bemeestering van hierdie ontwikkelingstaak (Havighurst, 1972: 62; Black & De Blassie, 1985: 281-290).

(8) Faseteorieë

Piaget (Papalia & Olds, 1981: 15) beklemtoon in sy teorie oor ontwikkeling by uitstek die kognitiewe ontwikkeling van die kind.

Volgens Piaget ontwikkel die denke van die kind deur vier hoofstadia, te wete (Monteith *et al.*, 1988: 27):

- 'n sensories-motoriese stadium: 0 - 2 jaar;
- 'n vooroperasionele stadium: 2 - 7 jaar;
- 'n konkreet-operasionele stadium: 7 - 11 jaar; en
- 'n formeel-operasionele stadium: 12 - 15 jaar.

Die denke of kognitiewe vermoëns van die kind ontwikkel deur prosesse van organisasie en aanpassing onder invloed van bepaalde faktore deur elkeen van bogenoemde stadia (Vir volledige uiteensetting kyk Monteith *et al.*, 1988: 122-140).

Faktore wat volgens Piaget kognitiewe ontwikkeling beïnvloed, is die volgende: ryping ervaring en sosiale interaksie (Lourenco, 1993: 91-106).

Volgens Monteith *et al.* (1988: 138-140) is die invloed van formeel-operasionele denke op die adolessent die volgende:

(a) **Idealistiese rebelsheid**

Soos wat die adolessent homself tuis maak in die volwasse wêreld, stel sy vermoë tot refleksiewe denke hom in staat om dit wat hy leer, te evalueer. Op grond van sy vermoë om tussen werklikheid en moontlikheid te kan onderskei, sien hy die wêreld soos wat dit werklik is, maar ook hoe die wêreld onder ideale omstandighede kan lyk. Die adolessent word sodoende 'n kritiese waarnemer van die werklikheid en is gewoonlik uitermate krities teenoor volwassenes (Rice, 1981: 181). Die vermoë om te kan onderskei tussen wat is en wat kan wees, maak dus van die adolessent 'n idealistiese rebel.

(b) **Egosentrisme**

Die adolessent se vermoë tot formeel-operasionele denke vorm die wese van sy egosentrisme, omdat dit hom in staat stel om oor ander mense se denke te dink. Die adolessent vind dit egter moeilik om te differensieer tussen sy eie denke en die denke van ander, en daarom aanvaar hy dat ander mense net so behep is met sy voorkoms en gedrag as wat hy self daarmee is (Gouws & Kruger, 1994: 49).

Adolessente egosentrisme openbaar sig in wat as die adolessent se denkbeeldige gehoor en persoonlike fabel omskryf kan word.

(i) *Die denkbeeldige gehoor*

Die adolessent glo — as gevolg van sy egosentrisme — hy is die middelpunt van aandag en reageer voortdurend op 'n denkbeeldige gehoor. Hy is baie krities teenoor homself en daarom glo hy dat ander mense ook so krities teenoor hom is. Sy behoefte aan privaatheid en skuheid kan 'n reaksie wees op die voortdurende kritiese oë van ander.

Die adolessent is egter dikwels ook selfbewonderend — op sulke tye is die denkbeeldige gehoor baie positief. Baie van die adolessent se luidrugtigheid, onbeskoftheid en vreemde kleredrag word waarskynlik toegeskryf aan sy onvermoë om te onderskei tussen sy sin vir aantreklikheid en ander se idee daarvan (Monteith *et al.*, 1988: 139; Lourenco, 1993: 91-106).

(ii) *Die persoonlike fabel*

Omdat die adolessent glo dat hy só belangrik is vir ander mense (sy

denkbeeldige gehoor), beskou hy homself en sy gevoelens as iets besonder. Hy glo dis net hy wat só intens kan seerkry of soveel opwinding kan geniet.

Die persoonlike fabel kom ook tot uiting in die adolessent wat glo dat niks met hom of haar verkeerd sal loop nie en wat daarom met seks, dwelms of alkohol eksperimenteer.

(c) Desentrering en 'n lewensplan

Wanneer die adolessent nadink oor sy eie toekoms en plek in die samelewing, misluk hy soms om te onderskei tussen sy eie lewensplan en die belange van die groep wat hy wil hervorm (Gouws & Kruger, 1994: 47).

Algaande verander die adolessent egter van 'n idealistiese hervormer na 'n presteerder. Soos wat sy persoonlikheid ontwikkel, vind daar volgens Rice (1981: 185) 'n desentrering van sy ego plaas en begin hy 'n lewensplan vestig en 'n volwasse rol vertolk. Sodanige lewensplan is 'n bevestiging van sy outonomie – 'n vereiste vir volwassenheid.

Geïnspireer deur Piaget, het Kohlberg (Gouws & Kruger, 1994: 177) 'n faseteorie ontwikkel wat die sedelike ontwikkeling van die mens verklaar. Volgens Kohlberg verloop sedelike ontwikkeling deur drie hoofstadia wat elk deur twee substadia saamgestel word, te wete (Gouws & Kruger, 1994: 177-178):

- 'n prekonvensionele fase;
- 'n konvensionele fase; en
- 'n postkonvensionele fase.

Die konvensionele fase word tydens adolessensie bereik en word gekenmerk deur die ontwikkeling van outonome morele beginsels (Monteith *et al.*, 1988: 27). Tydens die konvensionele fase konformeer die adolessent met sy persoonlike verwagtinge en ook met dié van die familie, groep en sosiale orde. Hy voel dat neerlegging by die gevestigde norme sy sedelike plig is (Rich, 1993: 129-144). Goeie gedrag (of sedelike gedrag) word gemeet aan die standaard van ander betekenisvolle persone se goedkeuring. Die adolessent probeer dus goedkeuring verkry en kritiek vermy (Gouws & Kruger, 1994: 178). Wanneer iemand sy plig doen, gesag respekteer en die bestaande sosiale wet en orde handhaaf, word dit as goeie gedrag geïnterpreteer (Grinder, 1978: 287; Slavin, 1986: 49). Sedelike voorskrifte en evaluering word geregverdig deur gemeenskapsbehoefte en -waardes (Rich, 1993: 129-144).

(9) Behavioristiese beskouinge

Die Behavioristiese ontwikkelingsteorieë beskou die mens as 'n reaksie — eerder as 'n inisiërende wese (Papalia & Olds, 1981: 13). Die mens is dit wat die omgewing van hom maak en reageer bloot net op omgewingstimulering. Kondisionering met gepaardgaande straf en beloning is die basiese meganisme wat die gedrag van die mens bepaal. Gedrag word as veranderlike beskou en ontwikkeling — deur kondisionering — is kontinu oor die hele lewensverloop (Monteith *et al.*, 1988: 27).

Die Behavioristiese teorieë spreek hulle nie eksplisiet oor die ontwikkeling van die adolessent uit nie, maar daar is tog aanhangers van hierdie teorieë wat ontwikkeling volgens die beginsel van kondisionering en gedragsmodifikasie verklaar. Die werk van Skinner kan in dié verband vergelyk word (Skinner, 1990: 1206-1210).

'n Analise van bogenoemde beskouinge van adolessensie laat blyk dat elke teorie van adolessensie slegs 'n bepaalde aspek daarvan beklemtoon. Die adolessent is 'n biologiese, psigologiese, sosiale en kulturele wese wie se ontwikkeling gelyktydig deur genetiese, psigologiese en sosiologiese faktore beïnvloed word.

Daar sal vervolgens op sekere aspekte van die adolessent se belewing van sy leefwêreld gelet word.

3.3 BELEWING

3.3.1 Die wese en betekenis van belewing

Van Rensburg en Landman (1986: 17) definieer belewing soos volg: "Elke mens belewe die werklikheid op sy eie unieke manier wat daarop neerkom dat die kind in sy opvoedingsituasie gesteun word om vir homself 'n eie betekeniswêreld (as beleweniswêreld) te stig." Die kind ervaar en terselfdertyd belewe hy, maar hy moet hom vir die situasie oopstel sodat die situasie op hom kan inwerk. Gevoelens, byvoorbeeld opgeruimdheid, droefheid en lusteloosheid is uitingswyses van belewing van die werklikheid (Pretorius, 1972: 11). Belewing is 'n wyse van singewing en sinbelewing wat op verskillende niveaus voltrek word, naamlik affektief, kognitief en normatief. Deur sy belewenisse van die werklikheid kom 'n eie unieke leefwêreld by die mens tot stand, met ander woorde dit kry 'n individueel persoonlike dimensie by.

Deur bewus te wees en te beleef verwys na die hele spektrum van die mens se dinamiese interrelasies met sy wêreld (Vrey, 1979: 43-44). "Vanweë die

individu se totaliteitsbetrokkenheid by betekenisgewing word sukses of mislukking beleef, wat die kwaliteit van betekenis gaan bepaal (Vrey, 1979: 45). Volgens Sonnekus en Ferreira (1979: 53) behels die wesenlike komponente van die kategorie beleving die volgende:

- Die kind is 'n intensionele wese en gee voortdurend sin en betekenis aan die wêreld rondom hom en wel deur die handeling van belewe.
- Beleving is affektief en kognitief van aard.
- Beleving is op die inhoud van die lewenswerklikheid soos norme, waardes, gedragskodes en leerinhoude gerig. Hieraan gee die kind voortdurend sin.
- Elke belevingsmoment in die stroom van betekening het gevoels-, kennende- en normatiewe momente.
- Beleving is selekterend van aard. Die kind gee dus sin en betekenis aan iets waarop hy gerig is.
- By beleving is daar voortdurend sprake van verandering. Namate die kind leer en word, is sy beleving telkens anders.
- Omdat elke kind op 'n unieke wyse sin en betekenis aan die wêreld gee, is beleving persoonsgebonde.
- Die kind belewe deur middel van sy liggaam.

3.3.2 Betekenisgewing en belewing

Betekenisgewing is 'n gegewe saam met kind-wees. Volgens Van Rensburg en Landman (1986: 20) moet die opvoeder en die opvoedeling in die opvoedingsituasie voortdurend saam betekenis gee. By die kind moet daar in 'n steeds toenemende mate 'n hunkering na definitiewe betekenis as menslike singewinge bestaan. Hierin moet hy deur die opvoeder pedagogies gesteun word. Betekenisgewing kan as die pedagogiese bedrywingstruktuur beskryf word, en omsluit die volgende: betekening, inspanning, genormeerdheid, waag, dankbaarheid vir geborgenheid, aanspreeklikheid, hoop op die toekoms en ontwerp; dit wil sê, verlange na die toekoms en sedelike selfbepaling, asook opneem van verantwoordelikheid (Van Rensburg & Landman, 1986: xxii). Deur betekenisgewing is dit vir die kind moontlik om hom te oriënteer en vir hom 'n betekenisvolle leefwêreld daar te stel (Nel & Urbani, 1990: 96). As die opvoedeling betekenis gegee het, dan weet, ken, kan en begryp hy en kom hy tot selfaktualisering (Du Plooy, Griessel & Oberholzer, 1983: 125).

Vrey (1979: 36) beskryf die psigopedagogiese kategorie van belewing soos volg: 'n kind is ten opsigte van 'n objek of ander persoon of eie liggaam georiënteer sodra hy dit ken en verstaan:

- Betekenisgewing is idiosinkraties omdat dit altyd 'n *persoon* is wat betekenis vind of verstaan.
- In die kognitiewe struktuur hou betekenis verband met ander betekenis.

- Betekenis maak gemeenskaplike verstaan moontlik, want daar is altyd 'n logiese dimensie.
- Betekenis het ook 'n psigologiese dimensie, want 'n bepaalde persoon ken unieke betekenis toe.
- Opvoedingshulp is nodig sodat die kind toenemend betekenis *ontdek*.
- As 'n persoon betekenis wil toeken is betekenisgewing moontlik.
- Betekenisgewing is altyd 'n handelingskomponent.
- Betekenisgewing berus altyd in 'n mindere of meerdere mate op differensiasie, integrasie, vergelyking, memorisering, ensovoorts, omdat dit kognitief van aard is.
- Betekenisgewing het altyd 'n affektiewe dimensie.
- Betekenis het altyd 'n normatiewe komponent.
- Die persoon is altyd in totaliteit betrokke by betekenisgewing.
- Die betekenis wat 'n persoon aan die objek of ander persoon gee, bepaal die kwaliteit van sy relasies.

3.3.3 Betrokkenheid en belewing

Die stamwoord van betrokkenheid is trek. Die saak trek die opvoedeling

omdat hy meer daarvan wil weet. Om betrokke te wees beteken om betrokke te wíl wees (Van Rensburg & Landman, 1986: 21). Vrey (1979: 38) benoem sekere wilsbesluite wat onderskei kan word by betrokkenheid:

- Kennis is 'n faktor in die wilsproses.
- Doelstellings. Die kind rig sy bewussyn op 'n doel wat hy wil bereik en die doelstellings is belaaï met waardes.
- Keuse. Nadat moontlike doelstellings se implikasies oorweeg is, kan 'n besluit geneem word en daarna kan handeling volg.
- Psigiese of motoriese handeling begin sodra die besluit geneem is.

Die taak van die wil is die toenemende dinamiese oriëntering, vorming en hervorming van die totale bestaan van die mens. Deur verandering en verbetering is die kind op weg na 'n meer geïntegreerde en gestruktureerde lewe (Sonnekus & Ferreira, 1979: 70-71). Vrey (1979: 41-42) beskryf die volgende wesenlike komponente van betrokkenheid:

- Betrokkenheid dui op 'n psigiese en motoriese handeling.
- 'n Persoon wat betrokke is, is gerig op 'n doel.
- 'n Persoon se betrokkenheid is 'n aanduiding dat hy juis wil besig wees met die saak.
- Om betrokke te wees moet daar belangstelling in die doel en die handeling wees.

- 'n Persoon se betrokkenheid oortuig hom dat hy daardeur sy doel sal bereik.
- As 'n persoon aandag aan 'n saak gee is hy daarby betrokke.
- Deur betrokke te wees voorsien die persoon dat hy sy doel sal bereik.
- Die selfaktualiseringsgebeure word deur die betrokkenheid as handeling beskryf.
- Deur sy betrokkenheid beleef 'n persoon onder andere sukses of mislukking, angs, vreugde, frustrasie, ensovoorts (Du Plooy, Griessel & Oberholzer, 1983: 64-65).

3.4 LEEFWêRELD

3.4.1 Die betekenis van die begrip leefwêreld

Die begrip "leefwêreld" word so dikwels vrylik deur skrywers gebruik sonder enige opheldering van die betekenis daarvan, dat dit nodig is om eers duidelikheid oor die begrip te verkry. Vervolgens word die standpunte van enkele navorsers in oënskou geneem.

Ten aanvang moet egter daarop gewys word dat die kind uit die aard van sy omstandighede te make het met twee wêreldes – dié van die volwassene en dié van die kind (Gordon, 1975: 166).

Volgens Van Vuuren (red.) (1976: 52) is die kind se leefwêreld "... 'n betekeniswêreld waarin die mens in kommunikasie met homself, sy medemens, die dinge en God (of 'n god) verkeer". Wanneer Van Vuuren (red.) (1976: 336) verder sê: "... die kind wil tot kennis van die wêreld kom, want so stig hy 'n leefwêreld en verower hy 'n staanplek vir hom in die wêreld", is dit duidelik dat leefwêreld nie 'n gebied of 'n toestand is wat alreeds bestaan nie, maar wel 'n konstellasie van verhoudinge wat gestig of geskep moet word (Le Roux, 1979: 100). Die kind konstitueer dus die leefwêreld van die volwassene tot 'n leefwêreld vir homself.

Le Roux (1979: 100) wys daarop dat die kind se leefwêreld van die volwassene se leefwêreld verskil hoofsaaklik in die opsig dat die kind nie op dieselfde wyse as die volwassene relasies vorm nie. Nogtans kan die kind nie sonder die volwassene se hulp daarin slaag om die volwassene se wêreld tot 'n eie wêreld te konstitueer nie.

Gouws (Le Roux, 1979: 102) meen die leefwêreld is: "Die omgewing van die individu soos hy dit konstitueer en interpreteer", en vertaal dit met "life world" en met "life space". Hy sê verder (1979: 173) dit is "Die ruimte wat alle faktore insluit wat die individu se gedrag op 'n bepaalde oomblik beïnvloed. Dit sluit die persoon sowel as sy psigologiese omgewing in".

Vir Sonnekus (1968: 20) is die leefwêreld "... die wêreld wat deur elke subjek intensioneel gestig en gekonstitueer word in sy verhoudinge tot al die syndes waartoe hy hom rig". Le Roux (1979: 101) wys daarop dat intensionaliteit op singewing dui. Die wyses waarop die kind tot singewing aan sy leefwêreld kom, maak dit beleweniswêreld. Deur sy beleving van

sy ervaringe stig die kind dus vir homself 'n geïntensionaliseerde leefwêreld wat nou 'n met-sinbeklede betekeniswêreld is (Sonnekus, 1968: 21).

Vrey (1979: 16) fokus op die vorming van relasies wanneer 'n leefwêreld ter sprake is. Volgens Vrey is die leefwêreld "... die Gestalt van die individuele persoon se betekenisvolle relasies". Die leefwêreld sluit alles waaraan die persoon betekenis gee in – self, mense en die transendente.

Uit die voorafgaande omskrywings is dit duidelik dat leefwêreld nie gestig kan word as die komponente betrokkenheid, betekenisgewing en beleving nie sterk figureer nie. Omdat leefwêreld gedurig verruim en horisonne verskuif word, is leefwêreld dinamies van aard (Van Vuuren, 1976: 261).

Kennis en leefwêreld gaan ook hand aan hand, want dit is juis sodra die kind die wêreld leer ken dat hy leefwêreld stig en só vir hom 'n staanplek verower (Le Roux, 1979: 103).

Die kind se gevoel van geborgenheid en veiligheid tuis, beïnvloed tot 'n groot mate die kwaliteit van die relasies wat hy gaan vorm (Le Roux, 1979: 103).

Leefwêreld impliseer verder ook dat die mens (kind) hom sal oriënteer ten opsigte van sy omgewing. 'n Bepaalde stelling word dus ingeneem teenoor ander mense, dinge, homself en God. Hierdie oriëntasie of stellingname sal beïnvloed word deur die individu se kennis van hierdie mense en dinge en sy gevolglike betekenisgewing daaraan (Le Roux, 1979: 104).

Omdat daar 'n gedurige wisselwerking is tussen die mens en dit waarmee hy relasies vorm, is daar sprake van 'n polarisasie-effek. In-dié verband

beskryf Vrey (1979: 130) die leefwêreld van die mens as die "... integrasie van wisselwerkende relasies wat die individuele persoon tot stand gebring het en waarvan hy dus die middelpunt, oftewel altyd die een pool van die veelheid relasies is ..."

Le Roux (1979: 104) gee 'n samevattende omskrywing van die leefwêreld van die kind as hy sê dit is "... die geïntegreerde totaliteit van die betekenisvolle relasies wat die kind met ander mense, objekte, idees en die transendente stig. Hierdie relasievorming word beïnvloed deur die mate waartoe die kind betrokke raak by die werklikheid, daaraan betekenis gee en dit belewe. Die leefwêreld van die kind is veel meer as sy blote geografiese omgewing, want dit sluit ook sy gedagtes, idees, verlangens, sy verlede en sy toekoms in".


Vervolgens word die leefwêreld van die adolessent bespreek aan die hand van die relasies wat hy vorm:

3.4.2 Die verhouding met die self

Die kind se relasies met homself vorm die kern van sy leefwêreld. Gordon (1975: 189) beweer tereg: "Self-acceptance, it seems, is connected to mastery of his world." Sinvolle relasie met homself beteken selfkennis, derhalwe kan die adolessent se relasies met homself beskryf word na aanleiding van 'n analisering van sy selfkonsep (Vrey, 1979: 124).

Burns (1979: 51) illustreer die self in terme van 'n hiërargiese struktuur (vergelyk Figuur 3.1).

Figuur 3.1 'n Hiërargiese struktuur van die selfkonsep (aangepas uit Monteith *et al.*, 1988: 187)



Die selfkonsep word omskryf as 'n bewuste, kognitiewe waarneming en evaluering van 'n persoon van homself (Rice, 1981: 198). Vir die Christen dui die selfkonsep op die besef dat hy kind van God is, geskape na Sy beeld, en hierop volg dan die evaluering van hoedanige kind en beelddraer hy is (Monteith *et al.*, 1988: 187; Gouws & Kruger, 1994: 91).

Die selfkonsep is multidimensioneel en impliseer dus dat 'n persoon oor vele selfkonsepte (byvoorbeeld akademiese, fisieke en sosiale selfkonsepte) kan beskik, wat óf positief óf negatief kan wees (Burns, 1979: 52).

Burns (1979:55) wys verder daarop dat daar by selfevaluering drie verwysingspunte is in terme waarvan die self geëvalueer word. Ten eerste word die selfbeeld soos dit aan die persoon bekend is vergelyk met die ideale selfbeeld. Hoe groter die diskrepansie, hoe laer die selfagting wat daaruit spruit. Hoe kleiner die diskrepansie, hoe hoër die selfagting wat die persoon ontwikkel. Tweedens evalueer die persoon sy self volgens sy interpretasie van die wyse waarvolgens ander mense hom evalueer. Ten derde evalueer die persoon sy self volgens die resultaat van dit waartoe sy identiteit aanleiding gee. Hier gaan dit nie om wat die persoon doen, goed is nie, maar of hy goed is in wat hy doen. Die gevoel dat 'n persoon belangrik en doeltreffend is, gee aanleiding tot 'n gevoel van selfwaarde. 'n Gevoel van selfwaarde lê ten grondslag van selfagting. Lae selfagting kan aanleiding gee tot selfverwerping, verkleining van die self en negatiewe self-evaluering, terwyl hoë selfagting lei tot selfaanvaarding (Burns, 1979: 55).

(1) Dimensies van die selfkonsep

Die selfkonsep bestaan uit verskeie dimensies, onder andere die liggaamlike (of fisieke) self, die sosiale self, die materiële self, die psigiese self en die waardesself.

(a) Die fisieke self

Die beeld wat die adolessent van sy liggaam het, beïnvloed sy evaluering van homself asook sy sosiale interaksie met ander mense. Die invloed van hierdie interaksies op die adolessent se selfkonsep speel weer 'n belangrike rol in die totale proses van die persoonlikheidsontwikkeling (Monteith *et al.*, 1988: 189).

Volgens Hamachek (1971: 108) word die liggaam as die mees materiële en sigbare deel van die self, en dikwels ook as die buitenste grens van die self, ervaar. Omdat fisieke voorkoms sosiale interaksie met ander mense beïnvloed, is dit 'n belangrike bepaler van selfagting. Adollesente wat hulle eie liggame aanvaar, manifesteer eerder hoë selfagting as diegene wat hul eie liggame negatief evalueer.

Die adollesent vergelyk sy eie liggaam nie net met sy ideaalbeeld daarvan nie, maar vergelyk dit ook met dié van sy portuurs. Indien hy ten opsigte van sy fisieke voorkoms afwyk van sy maats (groter, langer, vetter ensovoorts) kan dit lei tot 'n negatiewe evaluering van sy liggaamsbeeld. Aanvaarding deur die portuurgroep vereis konformerings aan die portuurgroep se standaarde.

(b) Die sosiale self

Volgens Burns (1979: 64) is die sosiale self die self soos wat die adollesent glo ander mense hom sien en evalueer, en die erkenning wat hy van daardie ander mense ontvang. Ver al die gesinslede en die portuurgroep speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die sosiale self.

(c) Die materiële self

Die materiële self bestaan uit die materiële besittings, klere, liggaam, die tuiste asook die gesin wat die persoon as deel van homself beskou. Indien hierdie dinge die aandag van ander trek en deur hulle geadmireer word, dra dit by tot die bevordering van selfagting.

(d) Die psigiese self

Die persoon evalueer sy beleving van eie doeltreffendheid. Indien die kind homself aanvaar soos hy is, is hy tevrede met sy psigies-geestelike vermoëns om situasies te hanteer en probleme op te los. So iemand glo hy kan en is tevrede met homself – gevolglik dra dit by tot sy eie selfkonsep (Le Roux, 1979: 196).

(2) Faktore wat die ontwikkeling van die selfkonsep beïnvloed

Soos wat die adolessent ouer word en kognitief ontwikkel, tree daar verandering in die ontwikkeling van die self in deurdat dit differensieer uit 'n betreklike algemene selfkonsep in verskillende selfevaluasies (Manaster, 1977: 267). Die ervaring tydens adolessensie het 'n tweërlei invloed op die selfkonsep. Dit kan eerstens die selfkonsep wat tydens die kinderjare ontwikkel het versterk en tweedens kan dit daardie selfkonsep wysig. Hoe dit ookal sy, die selfkonsep word gevestig. Voortdurende hersiening en verfyning vind egter plaas (Hamachek, 1980: 86).

Ouers en hul opvoedingstyl het ook 'n groot en belangrike invloed op die selfkonsep van die adolessent (Hamachek, 1980: 89; Pretorius, 1990: 241). Die eis wat aan ouers in hul opvoeding van hul kinders gestel word, is dat hulle 'n balans tussen ouerlike warmte en beslistheid moet handhaaf. Dit blyk ook verder dat ouerlike besorgdheid oor, belangstelling in, aanvaarding en begrip van die adolessent bydra tot 'n hoë selfagting (Rice, 1981: 206).

Die mate waarin die adolessent met sy ouers identifiseer, het ook 'n belangrike invloed op selfkonsepontwikkeling (Hamachek, 1980: 94).

Dogters wat ná aan hulle moeders voel, beskou hulself as vol vertrouwe, redelik en selfbeheerd in vergelyking met dogters wat verwyderd van hul moeders voel. Laasgenoemde beskou hulself as rebels, impulsief en taktloos (Rice, 1981: 205).

Ook die vader speel 'n rol in die ontwikkeling van die dogter se selfkonsep. 'n Warm, belonende vader-dogterverhouding help die dogter om haar vroulikheid hoog aan te slaan en haarself as vrou te aanvaar (Hamachek, 1980: 83).

Vaders wat ondersteunend teenoor hulle seuns is, dra daartoe by dat hulle seuns hoër selfagting ontwikkel, in teenstelling met affektief verwaarloosde seuns wat onseker voel en oor min selfvertroue beskik (Hamachek, 1980: 92).

Die konsep van beheer is 'n belangrike faktor wat die selfkonsepontwikkeling van die adolessent betref. Beheer dui op 'n persoon se vermoë om verantwoordelikheid vir sy besluite en dade te neem. Daar kan onderskei word tussen persone wat verantwoordelikheid vir hul dade aanvaar (interne beheer) en aanvaar dat belonings kontingent op hul gedrag is en persone wat daarvan oortuig is dat magte buite hul beheer – soos die noodlot – belonings beheer (eksterne beheer). Laasgenoemde persone se selfevaluatie is gewoonlik laag en hulle het problematiese interpersoonlike relasies. Persone met 'n groter mate van interne beheer, beskik oor 'n gevoel van bekwaamheid en hoër selfagting (Burns, 1979: 257).

Selfattribusie hou ook verband met beheer. Marsh (1984: 1305) het met 'n ondersoek na die verband tussen dimensies van selfattribusie, die

selfkonsep en akademiese prestasie gevind dat leerlinge wat hul akademiese prestasies toeskryf aan hul eie vermoëns en inspanning oor 'n positiewer (akademiese) selfkonsep beskik as leerlinge wat hul swak akademiese prestasies toeskryf aan 'n gebrekkige vermoë en halfhartige pogings (Marsh, 1984: 1305).


(3) Bronne en gevolge van stres op adolessente

(a) **Bronne van stres**

Die reeks faktore wat stresvol op die adolessent inwerk (stressors) kan hoofsaaklik in drie kategorieë verdeel word, naamlik: Stressors op mikro-, meso- en makrovlak (Gouws & Kruger, 1994: 98-99).

Vergelyk die voorstelling op die volgende bladsy van bronne van stres in die eietydse samelewing wat verhoudingversteuringe in die hand werk.

Figuur 3.2 Bronne van stres (aangepas uit Gouws & Kruger, 1994: 98)



Op mikrovlak is daar endogene stressors vanuit die individuele self, byvoorbeeld die vorming van 'n selfidentiteit, sy fisieke ontwikkeling, fisieke voorkoms en persoonlikheidstrekke.

Op mesovlak is daar die verhoudings met ouers, ander familie, die portuurgroep en met onderwysers wat almal stresvol op die adolessent inwerk. Stressors inherent aan die skoolsituasie kom ook op mesovlak voor. Die belangrikste stressors wat met die gesin verband hou is onder andere die volgende: dood of siekte van gesinslede, huweliksprobleme, egskeiding, sosio-ekonomiese probleme, uitermatige beroepsbetrokkenheid van ouers, verhuising, fisiese-, seksuele- of emosionele mishandeling, en ouerlike opvoedingstyle. Stressors wat met die portuurgroep verband hou, sluit die volgende in: druk van die portuurgroep, heteroseksuele verhoudings, kompetisie, eensaamheid, geweld, dwelmmisbruik, Satanisme, en okkultisme. Prominente stressors in die skoolkonteks is oororganisering, stres wat betref sekere skoolvakke, skoolangs en skoolfobie, onrealistiese verwagtinge, oormatige kompetisie en prestasiebeheptheid (Gouws & Kruger, 1994: 99).

Stres op makrovlak spruit voort uit die betrokke kultuur en nasionaliteit van die individu, maar wêreldgebeure beïnvloed ook sy selfaktualisering. Faktore op hierdie vlak is byvoorbeeld die volgende: rampe, geweld, rassehaat en -diskriminasie, politieke verandering, tegnologiese stres, beroepsonsekerheid, werkloosheid, televisie-stres en geregtelike stres. Die stres waaraan die blanke Afrikaneradolessent in die huidige politieke vulkaan in Suid-Afrika blootgestel is, verdien geen verdere verduideliking nie.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat elke individu 'n stresvolle situasie op sy eie, unieke manier belewe, met die gevolg dat verskillende stressors verskillende uitwerkings op verskeie adolessente sal hê. Gouws

en Kruger (1994: 99) wys ook daarop dat stressors die geneigdheid toon om te "... cluster and interact. They can therefore act additively and synergistically". Opvoeders moet daarom poog om te verstaan watter uitwerking 'n spesifieke stressor op 'n adolessent het en waarom adolessente se reaksies op dieselfde stressor so uiteenlopend van aard is.

(b) Die gevolge van stres

Die gevolge en gepaardgaande simptome wat met stres geassosieer kan word, word hoofsaaklik in twee kategorieë verdeel, naamlik psigies en fisies (Gouws & Kruger, 1994: 100).

Figuur 3.3 gee 'n opsomming van sodanige simptome.

Figuur 3.3 Die simptome van stres (Gouws & Kruger, 1994: 100).

Fisiese simptome	Psigiese simptome
Skeelhoofpyne; maagkrampe; stywe spiere; krampe; diarree; maagsere; gebrek aan eetlus; hunkering na voedsel; slapeloosheid; oormatige sweetafskeiding; senuagtige trekkings; naelbyt; naarheid; floutes; huilbuie; rusteloosheid; asma; pruritis; slegte spysvertering; dikdermontsteking; velkwale; depressie; hartkloppings; 'n droë mond; spraakprobleme; hiperventilasie; tandeknersing, ensovoors.	Angs; depressie; gebrek aan motivering; onttrekking; emosionele buierigheid; ongelukkigheid; selfmoordgedagtes; nagmerries; konstante geïrriteerdheid met mense; rusteloosheid; interpersoonlike probleme; swak eetlus of vraatsugtigheid; dwelm-middel-misbruik; swak prestasie; stokkiesdraaiery; regressiewe optrede; verbale en fisiese aggressie; dagdromery; vergeetagtigheid; selfafbreekende gedrag; minderwaardigheidsgevoelens; skuldgevoelens; onderprestasie; uitermatige skuheid; lag nie maklik nie, ensovoorts.

Een van die belangrikste simptome of gevolge van stres op makrovlak is dat dit aanleiding gee tot 'n versteurde verhouding met die self en waardes. As gevolg van die magtigheid wat die tegnologie en die wetenskap binne sy bereik geplaas het, ervaar die adolessent enersyds 'n gevoel van selfverheffing, maar andersyds is hy teleurgesteld in homself as hy hom vergelyk met die spesialiste en supermense.

Een van die kenmerke van die tegnokratiese bestel is sy onvermoë om aan te toon wat werklik die sin van sy gejaagde, prestasiebewuste bestaanstruktuur is. Sin lê dikwels vir hom in sukses. Die moderne mens (en adolessent) beleef dikwels 'n innerlike leegheid, omdat hy voel dat hy nie 'n sinvolle taak het om te verrig nie en omdat daar niks is wat sy lewe rig nie (Pretorius, 1990: 140; De Klerk, 1989: 447).

Die afwesigheid van duidelike norme gee aanleiding tot die huidige situasie-etiek, waar sedelike waardes wissel van situasie tot situasie (De Klerk, 1989: 447). Alberts (1988) wys tereg daarop dat die "nuwe moraliteit" niks anders is nie as die ou immoraliteit. In hierdie tyd van moreel-sedelike insinking het dit uit die mode geraak om te praat van reg en verkeerd.

Jeugmisdaad, dwelmmisbruik en tienerselfmoord is dikwels die gevolg van die belewing van die sinloosheid van die lewe as gevolg van die feit dat kinders nie deur hul ouers by die sinvolheid van norme betrek word nie, maar slegs met eensydige waardes van prestasie, kompetisie en materialisme gedurig deur middel van die media gekonfronteer word. Albei hierdie handelings van meerder- en minderwaardigheid gee aanleiding tot 'n ambivalente visie van die self (De Klerk, 1989: 447).

3.4.3 Die verhouding met ander

(1) Ouers

(a) **Ouerlike liefde**

Pretorius (1990: 49) verwys na die gesin as 'n opvoedingsmilieu. Die gesinsmilieu is 'n lewensruimte vanwaar die kind kan eksploreer. Dit is 'n toevlugsoord waarin hy vry en sorgeloos kan beweeg.

Die ouer-kindverhouding word by uitstek deur 'n wedersydse gevoel van liefde gekenmerk. In dié verband sê Vrey (1979: 102): "Die relasie tussen die kind en sy ouers is gegrond op liefde." Pedagogiese liefde en ouerlike liefde is nie identies nie, aangesien die ouer sy kind kan verwen of oorbeskerm, juis vanweë sy liefde vir sy kind. Uit 'n pedagogiese oogpunt gesien, kan daar egter heelwat komplikasies uit sodanige liefdesrelasie voortspruit. Pedagogiese liefde vind egter sy begroning in ouerlike liefde (Le Roux, 1979: 114; Engelbrecht, 1994: 28).

Ten einde 'n wetenskaplike greep op die subjektiewe en gevoelsmatige aangeleentheid van liefde te verkry, word dit vervolgens kortliks in vyf onderskeibare terme bespreek, naamlik: kennis, sorg, respek, verantwoordelikheid en vertroue (Vrey, 1979).

(i) *Kennis*

Slegs wanneer die ouer en kind mekaar waarlik leer ken, sal die liefdesband tussen hulle verstewig. Dit veronderstel nie 'n objektiewe kennisname van mekaar nie, maar dat die een die ander een sal ervaar (Vrey, 1979: 103). Die ouer weet wanneer die kind teleurgesteld of bly is, selfs al steek hy dit

weg. Die ouer is 'n medebelewer van die kind se belewenisse en gee betekenis aan hierdie medebelewenisse.

Van die kind se kant af is daar ook 'n medebelewing wat betref die stemminge en emosies wat die ouer beleef (Vrey, 1979: 103). Die liefdesband as ken-relasie tussen ouer en kind is dus eerder 'n relasie van medebelewing en betekenisgewing as wat dit 'n kwessie van objektiewe kennis van mekaar is. In dieselfde mate as wat die ouer en kind mekaar ken en verstaan en mekaar gevolglik liefhet, sal die adolessent bereid wees om met oorgawe sy leefwêreld te stig.

(ii) *Respek*

'n Gebrek aan wedersydse respek het al menige ouer-kindverhouding laat skipbreuk ly. "Respek veronderstel die erkenning van die uniekheid en integriteit van die persoonwees van die ander, sonder om hom na my beeld te probeer vorm" (Vrey, 1979: 105). Die ouer moet nie probeer om die kind te omvorm tot 'n afbeeldsel van homself as ouer op byvoorbeeld akademiese gebied nie. Terselfdertyd moet die kind ook tevrede wees met sy ouers soos hulle is en nie soos hy graag wil hê hulle moet wees nie.

Die mate van respek wat die ouer teenoor die uniekheid en selfsyn van die adolessent openbaar, sal in die kind se leefwêreld uitkristalliseer. Die adolessent sal òf respek en agting hê vir sy medemens se gevoelens en besittings, òf hy sal min waardering hê vir die bestaansreg van 'n ander (Le Roux, 1979: 118).

(iii) *Sorg*

Liefde kry ware betekenis in 'n verhouding as die een bereid is om vir die

ander te sorg. Om voor te sorg, is meer as om bloot in die materiële te voorsien. Dit beteken om te deel in die ander se lief en leed, sy verlies, sy geesdrif, sy vertrouwe – die ander een maak werklik saak. Die adolessent wat onversorg voel, gaan 'n leefwêreld stig waarin sy verworpenheid in die vorm van emosionele onstabilliteit sal manifesteer (Engelbrecht, 1994: 30).

(iv) *Verantwoordelikheid*

Die kind sal bereid wees om 'n leefwêreld te stig en verantwoordelikheid te aanvaar, dit wil sê: hy sal bereid wees om op die noodroep van 'n ander te respondeer as sy ouers bereid is en was om op sy noodroep te respondeer. Die sin van verantwoordelikheid teenoor sy omgewing word alreeds van jongs af by 'n kind ingeskerp of verwaarloos, afhange van sy relasie met sy ouers.

(v) *Vertroue*

Vrey (1979: 106) sê tereg: "Vertroue is 'n basiese voorwaarde vir gesonde en bevredigende interpersoonlike verhoudinge." 'n Kind vertrou sy ouers omdat hy hulle ken en deur hulle versorg word, en omdat hulle verantwoordelikheid teenoor hom openbaar. By gebrek aan versorging beleef die kind verwaarloosing en leer ken hy sy ouers as onbekwaam en liefdeloos. Wantroue teenoor sy ouers asook teenoor ander volwassenes spruit hieruit voort (Le Roux, 1979: 119).

(b) *Konflik tussen adolessente en hulle ouers*

Die veranderinge wat tydens adolessensie plaasvind raak nie net die adolessent nie, maar die ouer moet ook by die ontwikkelende kind aanpas

en hul opvoeding dienoreenkomsdig aanpas. Ouers word ook deur adolessente gesosialiseer, omdat hulle deur middel van die kinders in aanraking kom met ander norme en nuwe sieninge van sake wat beoordeel en geakkommodeer moet word (Peters, 1985: 932). Soms ondervind die ouers self ook probleme met hul oorgangsjare (Monteith *et al.*, 1988: 97). Daarom gebeur dit dikwels dat daar botsings tussen ouer en adolessent plaasvind, wat verwydering tussen die twee generasies teweeg bring. Le Roux (red.) (1992: 6) definieer 'n generasiegaping as: "Die psigososiale vervreemding, skeuring of gaping tussen verskillende generasies, as gevolg van verskille in opvattinge, waardes en norme, asook die probleme wat daaruit voortspruit."

Gouws en Kruger (1994: 115) noem die volgende redes as die vernaamste oorsake van konflik tussen ouers en adolessente:

- biologiese veranderinge gedurende adolessensie;
- ontwakende seksualiteit;
- behoefte aan onafhanklikheid;
- soeke na identiteit;
- ouers se ontrugtering gedurende hul middeljare met hulle eie beroepe en huwelike;
- ouers se onwilligheid om die adolessent onafhanklik te laat optree; en
- veranderde gesinsinteraksie-strukture.

en hul opvoeding dienooreenkomstig aanpas. Ouers word ook deur adolessente gesosialiseer, omdat hulle deur middel van die kinders in aanraking kom met ander norme en nuwe sieninge van sake wat beoordeel en geakkommodeer moet word (Peters, 1985: 932). Soms ondervind die ouers self ook probleme met hul oorgangsjare (Monteith *et al.*, 1988: 97). Daarom gebeur dit dikwels dat daar botsings tussen ouer en adolessent plaasvind, wat verwydering tussen die twee generasies teweeg bring. Le Roux (red.) (1992: 6) definieer 'n generasiegaping as: "Die psigososiale vervreemding, skeuring of gaping tussen verskillende generasies, as gevolg van verskille in opvattinge, waardes en norme, asook die probleme wat daaruit voortspruit."

Gouws en Kruger (1994: 115) noem die volgende redes as die vernaamste oorsake van konflik tussen ouers en adolessente:

- biologiese veranderinge gedurende adolessensie;
- ontwakende seksualiteit;
- behoefte aan onafhanklikheid;
- soeke na identiteit;
- ouers se ontnugtering gedurende hul middeljare met hulle eie beroepe en huwelike;
- ouers se onwilligheid om die adolessent onafhanklik te laat optree; en
- veranderde gesinsinteraksie-strukture.

Engelbrecht (Le Roux (red.), 1992: 54) sê dat die kind in die Westerse tegnologiese kultuuroopset albei sy ouers nodig het vir sy ewewigtige grootwording en menswording. Hedendaagse ouers toon die geneigdheid om die opvoedingstaak en -verantwoordelikheid op die skool en kerk af te skuif. Die gejaagde, besige, afwesige (weens werkverpligtinge) ouer se steungewing aan sy kind is dikwels ontoereikend, inkonsekwent, slegs gedeeltelik of wisselvallig van aard (De Klerk, 1989: 449). Gebeure by die huis beïnvloed ook die leerlinge se optrede by die skool.

Le Roux (red.) (1993: 38) beweer dat verbrokkelende gesinsverhoudinge in 'n kind-vyandige kultuur manifesteer. Dit beteken dat ouers dit moeilik vind om in 'n samelewing met steeds veranderende norme en waardes, kinders toereikend op te voed. Die kind ervaar die samelewing as 'n leefruimte waar daar nie toereikend vir hom plek deur sy ouers – wat hom moet opvoed – ingeruim word nie (Le Roux (red.), 1992: 83).

Oor die moderne gesin sê De Klerk (1989: 448) die volgende: "Gebrekkige kommunikasie, ontmoetingstraagheid en onbetrokkenheid as neweprodunkte van die tegnokratiese (era) wreck hom ook in die moderne gesin." Die ek-dit-verhouding (masjien-mens) het die ek-jy-verhouding vervang. Die gesin is onvervangbaar, maar as dit nie sy opvoedkundige rol vervul nie sal die kinders daaronder ly. Steyn, Bisschoff, Behr en Vos (1984: 87) beweer dat die voorbeeld van die ouers en die belewing van gesonde interpersoonlike verhoudinge binne die gesin soms belangriker is as die opvoedkundige bemoëienis. Daar is faktore wat die gesin as primêre opvoedingsinstansie kan laat misluk in sy opvoedingstaak en wat tot anti-sosiale gedrag by die adolessent kan lei (Phewa, 1992: 95-96):

- Die ongelukkige gesin waar daar min liefde en baie spanning is.

- Die enkel-ouergesin of waar een van die twee ouers vir lang tye afwesig is.
- 'n Paartjie wat trou omdat hulle 'n kind verwag en waar die kind onwelkom is.
- Die gesin waar een ouer die ander domineer. Waar die moeder die dominerende een is, sal die vader nie meer sy rol as gesagsfiguur behoorlik kan vervul nie.

Met betrekking tot die verband tussen die ouer-kind-relasie en die kind se persoonlikheidsvorming, bevind Le Roux (1979: 120) dat waar daar 'n hartlik-permissiewe verhouding tussen die ouer en kind heers, die kind lewenskragtig, na buitelewend, sosiaal aanvaarbaar, onafhanklik, vriendelik en kreatief is. As die verhouding hartlik-streng is, vertoon die kind net die teenoorgestelde trekke as wat hierbo genoem is.

As die verhouding tussen die ouers en kinders vyandig en streng is, bevind Le Roux (1979: 120) dat die kinders neurotiese trekke vertoon. Hulle is blootgestel aan selfkastyding, teruggetrokkenheid, is anti-sosiaal en toon min selfvertroue. In die geval van 'n vyandige, maar permissiewe verhouding tussen die kind en ouers, toon die kinders trekke van aggressie sowel as algemene swak gedrag.

Die ouer-kind-relasie dra dus sterk by tot die persoonlikheidsvorming van die kind.

(c) 'n Versteurde ouer-kind-relasie

Die mees ingrypende "erflating" van die tegnologie is die vervanging van die

ander – as medeganger – met 'n lewelose apparaat. Die onafwendbare gevolge hiervan is gebrekkige kommunikasie en eensaamheid. Die gedagte van die naaste as mededinger en nie medeganger nie, word by die huis en die skool by kinders ingeskerp deur gedurige kompetisie op elke gebied (De Klerk, 1989: 447).

Ontoereikende ouerskap is niks anders nie as ontoereikende begeleidingshulp aan die kind deur sy ouers waardeur die hunkerings van hul kind na steungewing, geborgenheid, aanvaarding, bevordering van intimiteit, vryheid-in-verantwoordelikheid en simpatieke gesagsleiding, nie verlig word nie. Dikwels is dit die gevolg van omstandighede wat verband hou met die kwaliteit van lewe in die tegnokratiese bestel. Versteurde gesinsagogie tree na vore waar ouers se antwoord op die appèl wat hul kinders tot hul rig, as gevolg van die veranderende wêreld, nie die nood aan begeleiding van die kind verlig nie, maar verhoog (De Klerk, 1989: 448).

Om saam te vat verwys navorser na 'n brief aan Beeld waarin Venter (1993: 16) oor die jeugproblematiek – wat onder andere deur die afwesigheid van ouers en gebroke gesinne veroorsaak word – skryf. Hy verwys na 'n gesinskongres in 1961 waartydens Staatspresident C.R. Swart gesê het dat die gesin vergelyk kan word met die klein eenheid van die atoom wat in die natuur aangetref word en "... hoe die ontbinding van daardie eenheid kragte kan vrystel wat onkeerbaar is en 'n nasie kan vernietig".


(2) Portuurgroep

Die portuurgroep van 'n kind bestaan basies uit sy ouderdomsgenote wat nie lede van sy gesin is nie – dit is 'n wêreld van sy eie met sy eie gewoontes, tradisies, maniere en soms ook 'n eie soort taal (Monteith *et al.*, 1988: 99).

Die adolessent se relasie met sy portuurgroep is betekenisvol vir sy selfaktualisering (Van den Aardweg, 1987: 174-181). Die soort portuurgroep en die aard van die portuurgroep bepaal grootliks wat die invloed daarvan op die sosiale ontwikkeling van die adolessent sal wees, daarom sal daar kortliks 'n beskrywing gegee word van die ontwikkeling van portuurgroepe en enkele soorte portuurgroepe, aan die hand van 'n model van Dunphy (Gouws & Kruger, 1994: 119):

(a) Die aard en ontwikkeling van die portuurgroep

Figuur 3.4 Stadia in die ontwikkeling van groepe (Gouws & Kruger, 1994: 119)



In dié model word daar tussen vyf stadia onderskei, maar daar moet daarop gelet word dat dié stadia nie absoluut is nie. Die een stadium vloei ineen met 'n daaropvolgende stadium, sodat daar tussenstadia aangetref kan word.

- **Stadium 1**

Hierdie stadium kom meestal in vroeë adolessensie voor. Sosialisering vind plaas in klieke (ongeveer 6 persone) en groepe (ongeveer 20 persone) wat uit dieselfde geslag bestaan. Aktiwiteite is gesentreer rondom die aanvaarde gedrag wat by seuns of dogters van daardie ouderdom pas. Streng reëls kom voor, en indien 'n persoon hierdie reëls oortree, word daar spottend teenoor hom opgetree.

- **Stadium 2**

Hierdie stadium stel die eerste egte adolessente portuurgroep voor. Lede van die groepe is van dieselfde ouderdom en die verskillende geslagte vind mekaar meer aanvaarbaar.

- **Stadium 3**

Heteroseksuele klieke word deur die meer gevorderde lede van die monoseksuele klieke gevorm. Hierdie klieke ontwikkel ook hiërargies volgens status. Individuele vriendskapsverhoudinge tussen lede van die teenoorgestelde geslag begin ontwikkel. Adolessente behoort dus aan sowel mono- as heteroseksuele groepe en klieke.

- **Stadium 4**

Die samestelling van die groepe en klieke is nou hoofsaaklik heteroseksueel.

- **Stadium 5**

Die groot groep verloor sy houvas op die adolessent. Groepe wat nou nog bestaan, vind hul bestaansreg in gemeenskaplike belangstellings en ideale. Afparing vind nou ook meer plaas.

Daar moet in gedagte gehou word dat alle adolessente nie noodwendig aan sulke groepe behoort nie. Afgesien van die verskil in die aard van die portuurgroep op verskillende ouderdomme, is daar nog ander verskille tussen verskillende portuurgroepe. Dié verskille kan toegeskryf word aan kulturele verskille en omgewingsverskille. Waar beide ouers van adolessente gedurig afwesig is, sal die portuurgroep 'n baie groot rol in die adolessent se lewe speel, en kan bendes vorm waarvan die gedrag antisosiaal is en waar daar teen volwassenes en die gesag van die samelewing in opstand gekom word (Gouws & Kruger, 1994: 133-134).

(b) **Funksies van die portuurgroep**

Omdat die portuurgroep tydens adolessensie so 'n belangrike rol in die sosialisering van die kind speel, is dit 'n bron van bekommernis vir 'n kind se ouers indien die kind nie deur ander aanvaar word nie en daarom geleenthede tot sosiale leer moet ontbeer. Vrey (1979: 110) noem enkele faktore wat belangrike voorvereistes is voordat die kind tot die portuurgroep toegelaat word: intelligensie, gesinsagtergrond, sosiale klas, voorkoms, fisiese vaardighede, geslagsrol en persoonlikheidskenmerke.

Die kind se betrokkenheid met sy portuurgroep en sy beleving van aanvaarding deur die groep sal verseker dat hy 'n veilige basis het vanwaar hy bereid sal wees om verder te eksploreer (Le Roux, 1979: 128).

(i) *Emansipasie*

Namate die adolessent meer onafhanklik van die ouers word, word die rol wat die portuurgroep in sy lewe speel al groter. Die wete dat sy maats medesoekers is, beteken by wyse van ondersteuning en motivering baie (Boshoff, 1982: 81). Die portuurgroep se kultuur verskaf die geleentheid om 'n vorm van outonomie te ontwikkel sonder om die verbintenis met volwasse perspektiewe en waardes wat met die breër gemeenskap gedeel word, te verbreek (Fasick, 1984: 152).

Indien die portuurgroep se waardes en norme van dié van die adolessent se ouers verskil, moet die adolessent 'n keuse maak. Terreine waar die portuurgroep se norme voorkeur sal geniet, is waarskynlik die alledaagse sake soos kleredrag, haarstyl en vorme van vryetydsbesteding. Waar daar egter sprake is van belangrike morele waardes en sake wat die adolessent se toekoms raak, speel die ouers nog meestal die deurslaggewende rol (Monteith *et al.*, 1988: 102).

(ii) *Sosiale aanvaarbaarheid*

Die adolessent vrees eensaamheid – die simbool van sosiale verwerping – en daarom is sosiale aanvaarbaarheid en populariteit onder sy portuurs vir hom baie belangrik (Gouws & Kruger, 1994: 121). Uiterlike en oppervlakkige eienskappe wat populariteit in die adolessente portuurgroep bepaal is onder andere die volgende (Coleman, 1980: 101): goeie sportmanskap, persoonlikheid, aantreklikheid en mooi klere. Daar bestaan egter 'n negatiewe of afgunstige gevoel teenoor hoëstatus-dogters wat goed presteer. Volgens Vrey (1979: 181) is die populêre adolessente opgeruimd,

vriendelik, aktief en natuurlik. Adolesseente wat swak aanvaar word is soms buierig, terneergedruk, bekommerd en voel onveilig.

Gedurende middel-adolessensie is die adolessent geneig om – ter wille van aanvaarding deur die groep – te konformeer ten opsigte van sake soos kleredrag, taalgebruik en musieksmaak, omdat hy meer onafhanklik van die ouers wil raak (Thompson, 1985: 501). Die ontwikkeling van sy eie uniekheid en individualiteit moet egter nie daaronder ly nie, want dit sal sy volwassewording as volwaardige mens ernstig strem.

(iii) *Die portuurgroep as verwysingsgroep*

Die groepe waarop 'n goeie indruk gemaak wil word, word die persoon se verwysingsgroepe genoem – in die geval van die adolessent is dit die portuurgroep (Gouws & Kruger, 1994: 121). Die mate van deelname aan aktiwiteite en die verskeidenheid van ervarings in die portuurgroep toon 'n positiewe-korrelasie met die adolessent se selfkonsep (Brennan, 1985: 464). Die portuurgroep verskaf 'n raamwerk waarteen die adolessent sy idees en opinies kan toets, ook in verband met sake wat hy nie met volwassenes wil bespreek nie. Volgens De Wit en Van der Veer (1982: 109) help die portuurgroep die adolessent ook om die waardes en norme wat hy by die familie geleer het, te evalueer. Die portuurgroep speel dus ook 'n belangrike rol in die ontwikkeling van 'n lewens- en wêreldbeskouing.

As verwysingsgroep is die portuurgroep ook 'n belangrike bron van inligting, veral ten opsigte van heteroseksuele verhoudings en voortplanting, ongeag of dit reg is aldan nie (Monteith *et al.*, 1988: 105). Daar word ook geleentheid vir nabootsing, identifikasie en ander sosiale maniere van leer geskep.

(iv) *Eksperimentering*

Die portuurgroep bied aan die adolessent die ideale geleentheid om met verskillende sosiale rolle te eksperimenteer, sonder die vrees van teregwysing deur volwassenes. Die portuurgroep speel ook 'n belangrike rol deurdat dit morele ondersteuning bied teen volwassenes wat soms nie verstaan nie (Monteith *et al.*, 1988: 105).

(v) *Kompetisie*

In die portuurgroep word die adolessent die geleentheid gebied om met sy ouderdomsgenote op 'n gelyke grondslag mee te ding en sodoende vir hom 'n plek in die sosiale groep te verower. Vir die adolessent beteken kompetisie 'n beoordeling van sy vermoëns, en vergelyking met andere. Dit speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van sy selfkonsep (Gouws & Kruger, 1994: 122). Die kompetisie is ook 'n belangrike voorbereiding vir die volwasse lewe wat vol kompetisie op alle terreine is. Kompetisie moet egter nooit oordryf word nie. Op skool kan die soms ongesonde hoë mate van kompetisie met groepswerk uitgeskakel word (Manning & Allen, 1987: 173).

(vi) *Sosiale mobiliteit*

Die portuurgroep in sy verskillende vorme bied ook aan die adolessent die geleentheid om met adolessente met verskillende agtergronde in aanraking te kom. Daardeur kan nuwe gedragspatrone, waardes en norme aangeleer word (Gouws & Kruger, 1994: 122).

(vii) *Rekreasie/Vryetydsbesteding*

In die portuurgroep kan adolessente vryelik uiting gee aan opgekropte emosies, en daarom spandeer hulle soveel tyd in mekaar se geselskap. Wanneer hulle verbied word om saam met die groep uit te gaan, voel hulle gewoonlik uitermate seergemaak en geïsoleerd (Gouws & Kruger, 1994: 122).

(c) *Sosiale probleme gedurende adolessensie*

Gedurende adolessensie word die jeugdige met onder meer die volgende probleme gekonfronteer:

(i) *Masturbasie*

Een van die verskynsels wat die gesonde ontwikkeling van seksuele verhoudinge van adolessente kan benadeel, is masturbasie. Hoewel die verskynsel nie as abnormaal beskou kan word nie, kan dit die sosiale ontwikkeling van die adolessent strem deurdat daar nie oorgegaan word tot die aanknoop van heteroseksuele verhoudings met ander mense nie. Indien masturbasie oormatig toegepas word lei dit daartoe dat die adolessent se gedrag egosentries bly. Skuldgevoelens en onnodige vrese oor die gevolge van masturbasie, soos onvrugbaarheid, wat verkeerdelik aan die adolessent voorgehou word, skep emosionele probleme (De Wit & Van de Veer, 1982: 125; Monteith *et al.*, 1988: 112; Gouws & Kruger, 1994: 129).

(ii) *Homoseksualiteit*

Die mees algemene oorsake van homoseksualiteit is waarskynlik in die kind

se omgewing te vinde. Gebrekkige identifikasie met die lede van dieselfde geslag wat daartoe lei dat die regte geslagsrol nie aanvaar word nie, kan 'n oorsaak wees. Hormonale wanbalans en genetiese faktore kan ook moontlike oorsake van homoseksualiteit wees. Die gemeenskap en sekere samelewingsverbande wat daarin voorkom waar daar net een geslag teenwoordig is (byvoorbeeld gevangenis, die leër, koshuise, ensovoorts) is ook bydraende faktore.

(iii) *Tienerswangerskap en aborsie*

In Suid-Afrika skenk dogters van 16 jaar en jonger elke jaar geboorte aan \pm 50 000 babas. Gouws en Kruger (1994: 131) voer die volgende redes hiervoor aan:

- Om 'n baba te hê word as teken van volwassenheid gesien – 'n tipe statussimbool.
- Moederskap word gebruik om identiteit en liefde te verkry.
- Swangerskap is 'n vlugroete uit 'n ongelukkige huisgesin uit.
- Swangerskap kan die reaksie wees op die verlies van 'n ouer as gevolg van egskeiding, die dood, hospitalisasie of institusionalisering.
- Menige adolessente moeders was slagoffers van kindermishandeling of -verkragting, of kom uit huise waar ouers onbetrokke by die opvoeding was.

- Gebrekkige inligting aangaande voorbehoedmiddels veroorsaak tienerswagerskappe.

Aborsies in Suid-Afrika is tans onwettig. Tog word daar beraam dat sowat 200 000 onwettige aborsies jaarliks in Suid-Afrika uitgevoer word (Gouws & Kruger, 1994: 133). Enkele van die psigologiese probleme wat ná 'n aborsie ondervind word, is die volgende (Gouws & Kruger, 1994: 133):

- depressie;
- vrees vir straf;
- nagmerries;
- obsessie met die baba se ouderdom;
- verdriet en spyt;
- verwronge moederinstinkte;
- woede, haat, gramskap; en
- verlies van die behoefte aan seks.

(iv) *Vroeë huwelike*

Indien die jeugdige 'n negatiewe selfbeeld het en destruktiewe gevoelens van selfverwerping en minderwaardigheid beleef, kan 'n vroeë huwelik as 'n skyn-oplossing voorkom, omdat hy deur seksuele omgang kontak (alhoewel kortstondig en oppervlakkig) met sy medemens verkry (Pretorius, 1990: 159).

(v) *Voorhuwelikse seksuele aktiwiteite*

'n Verregaande beheptheid met en verabsoluttering van die erotiese in die moderne maatskappy is onder andere die oorsaak dat jeugdiges op 'n baie vroeë leeftyd in seksuele aktiwiteite betrokke raak. Omdat hierdie intiemste vorm van medemenslike omgang egter sonder geestelike kommunikasie geskied, beleef baie jeugdiges daarna erge gevoelens van vernedering, skande, leegheid, skuld en ontnugtering. Hulle stel hulself ook bloot aan moontlike geslagsiektes – onder meer die gevreesde VIGS (Gouws & Kruger, 1994: 129-130).

(3) Onderwysers


Naas die huis bring die leerling gedurende sy ontwikkelingsjare die meeste tyd by die skool deur. Die meeste van hierdie tyd word saam met die onderwysers deurgebring. Die onderwyser is dus in 'n baie gunstige posisie om elke leerling goed te leer ken, omdat hy hulle in baie verskillende situasies waarneem. 'n Baie prominente plek in die leefwêreld van die kind word dus deur die onderwyser beklee.

Omdat die kind dikwels met die onderwyser wil identifiseer, is dit belangrik dat daar 'n gunstige relasie tussen die onderwyser en kind sal wees. Die onderwyser moet die kind in 'n positiewe lig beskou en verheffende verwagtinge van hom koester, omdat navorsing (Vrey, 1979: 126) aandui dat die kind se selfpersepsie positief korreleer met sy persepsie van die onderwyser se gevoel teenoor hom (die kind), terwyl sy akademiese prestasie verband hou met die evaluering van die verhouding tussen hom en die onderwyser (Le Roux, 1979: 121). "Dit blyk ... dat as die onderwyser

glo die kind kan presteer is hy geneig om hoër te presteer as wanneer die onderwyser oortuig is dat die kind nie kan presteer nie" (Vrey, 1979: 126).

Die onderwyser oefen dus 'n groot invloed op die persoonsontplooiing van die kind uit. Die volgende diagram illustreer die verband tussen selfkonsep, gedrag en onderwyser-veranderlikes.

Figuur 3.5 Die verband tussen selfkonsep en gedrag (Burns, 1985: 154)



Onderwysers, met hulle aura van kennis, gesag en evaluasie, verteenwoordig die "betekenisvolle ander" wat die leerling se selfkonsep voer met 'n spyskaart van positiewe, neutrale of negatiewe versterking, en so 'n direkte invloed op die kind se akademiese prestasie uitoefen (Burns, 1985: 154).

(a) • Die onderwyser se selfkonsep

Volgens Burns (1985: 155) word die kind se gedrag en akademiese prestasie grootliks deur die onderwyser se selfkonsep beïnvloed. 'n Effektiewe onderwyser toon die volgende eienskappe:

- buigsaamheid;
- 'n vermoë tot empatie;

- 'n vermoë om hul onderwysing te verpersoonlik;
- 'n waarderende houding;
- 'n gemaklike, informele, warm onderwysstyl; en
- emosionele aanpasbaarheid.

Burns sê tereg (1985: 155): "Only when the teacher has self awareness and sufficient self esteem can his own needs (e.g. for recognition, importance, power, etc.) be reduced so that teaching is based on the needs of the children and not on those of the teacher." Selfaanvaarding toon dus 'n sterk korrelasie met die aanvaarding van ander.

(b) Positiewe invloede op die leerling se selfkonsep

Burns (1985: 156-157) noem die volgende maniere waarop 'n onderwyser die leerlinge se selfkonsep positief kan beïnvloed:

- **Behandel leerlinge met respek**
Gun die leerling tyd om sy standpunt te verduidelik. Straal warmte uit en vermy afkrakende aanmerkings.
- **Kommunikeer met elke leerling**
'n Persoonlike groet aan elke leerling beteken baie vir laasgenoemde se eiewaarde.
- **Wees opreg**
Opregtheid word ook op nie-verbale wyse gekommunikeer, byvoorbeeld deur stemtoon, gebare, gesigsuitdrukking en oogkontak wat gepas is by dit wat verbaal gekommunikeer word (McLaughlin & Erickson, 1981: 393).

- **Demonstreer empatie**

Moedig leerlinge aan om hulself realisties te evalueer.

'n Leerling met 'n swak selfkonsep is geneig om homself aan hoë, onbereikbare ideale of doelstellings te evalueer. Realistiese evaluasie is gegrond op vorige prestasies. Kinders moet ook leer om mislukkings te aanvaar.

- **Onderrig kinders om realistiese doelstellings daar te stel**

Redelike en bereikbare doelwitte word oor 'n lang tydperk deur harde werk en opoffering bereik (Boshoff, 1989: 49).

- **Moedig leerlinge aan om hulself te prys**

Op dié wyse verkry die leerling interne versterking.

- **Onderrig kinders om mekaar te prys**

Burns (1985: 157) sê "Praising others brings praise and reinforcement in return, a very therapeutic process."

- **Wees 'n vertroueling**

Vir baie leerlinge word probleme verlig en opgelos indien hulle dit met 'n vertroueling – wat die nodige begrip en ondersteuning kan verleen – kan bespreek (Wagner, 1984: 51).

Indien die kind 'n bevredigende verhouding met die onderwyser het – vry van skuldgevoelens, senuspanning, angs en vrees – sal dit meewerk tot sy emosionele stabiliteit, geestesgesondheid en uiteindelik tot bevredigende akademiese prestasie (Boshoff, 1989: 48).

3.4.4 Verhouding met dinge en idees

Die adolessent staan, onder andere, in verhouding met dinge in die wêreld: die wêreld van die natuur soos plante, minerale, diere, water ensovoorts, en met objekte uit die kultuurwêreld waaraan lewenslank betekenis gegee moet word. Die Bybelse kultuuroopdrag om oor die natuur te heers en dit op te pas is vir elke mens bedoel, en deur opvoeding word die kind gehelp om hierdie opdrag uit te voer. Die kind se horisonne om die wêreld van dinge te begryp brei voortdurend uit. Hy moet geleer word om skeppend te wees en nie die natuurbronne uit te put of te vernietig nie (Steyn *et al.*, 1984: 170-171; Urbani, 1993: 37).

In sy kognitiewe ontwikkeling vorder die kind ook ten opsigte van intellektuele volwassenheid deur abstrakte idees te verstaan en aan te wend. Nuwe verhoudings word ingesien en logies gegroepeer. Die adolessent se outonome denke stel hom in staat om op selfstandige wyse besluite te kan neem. Soos wat sy woordeskat algaande uitbrei, oorweeg hy verskillende waardes en norme en neem daarvolgens besluite. Verder verkry hy insig wat betref verskillende begrippe, idees en verhoudings – ook ten opsigte van sy skoolwerk (Du Toit & Kruger, 1991: 14; Dreyer & Duminy, 1986: 63).

Die adolessent se vermoë om krities te kan dink stel hom in staat om na verskillende kante van 'n saak te luister, alle feite in ag te neem, ongeag die oorsprong daarvan, en selfs die moontlikheid te erken dat die eie oortuiging nie voldoende begrond mag wees nie (Romanish, 1986: 50). Kritiese denke is vir Martinelli (1987: 21) ook die aktiewe evaluering van inligting of oortuigings om die waarde en geldigheid daarvan te bepaal. Volgens Romanish (1986: 50) is daar ook 'n morele aspek aan kritiese denke verbonde, te wete 'n verbondenheid aan intellektuele eerlikheid. Om oor

intellektuele integriteit te beskik, impliseer om die eie oortuiginge aan dieselfde kritiek bloot te stel as dié waaraan oortuiginge wat as vals beskou word, onderwerp word (Monteith *et al.*, 1988: 141).

Die vermoë om krities te kan dink, is 'n vereiste vir die mens wat homself in 'n komplekse wêreld met sy gepaardgaande verlies aan tradisionele praktyke en sosiale strukture wil aanpas en handhaaf (Romanish, 1986: 45). Die adolessent moet toegerus word om uitsprake, gebeure, situasies en politieke, sosiale en ekonomiese instellings aan kritiese evaluering te onderwerp.

Romanish (1986: 46) ag kritiese denke veral in 'n demokrasie belangrik, omdat enige stel praktyke dogmaties is as dit nie gegrond is op 'n kritiese analise van die onderliggende beginsels daarvan nie. 'n Dogma kan ten eerste omskryf word as oortuigings wat die lewe van mense bepaal en ten tweede as oortuigings wat deur die mense wat dit huldig teen kritiek afgeskerm word. Die geldigheid van die oortuigings word dus nie bevraagteken nie. Die inprenting van dogmas word omskryf as indoktrinasie (Monteith *et al.*, 1988: 141). 'n Adolessent word geïndoktrineer indien hy verhoed word om die waarom-vraag te vra.

Dit is die adolessent wat tot outonome en kritiese denke toegerus is, wat sy lewensweg sal kan baan te midde van die groot hoeveelhede inligting en ander eise wat die huidige era aan hom stel (Monteith *et al.*, 1988: 142).

(1) Versteurde verhouding met dinge in die wêreld

Die moderne mens (en adolessent) se verhouding met die dinge in sy wêreld het verander van besitter na verbruiker. Onder invloed van die valse beloftes

van moderne reklame, koop hy dikwels dinge wat hy later weer weggooi. Só ontwikkel 'n weggooi- of vervangingsmentaliteit wat nie net beperk is tot sy verhouding met dinge nie, maar ook deurdring tot die verhouding met sy medemens (Pretorius, 1990: 157).

Omdat die sukses-georiënteerde samelewing vandag soveel waarde het aan ekonomiese welvaart, het materiële besittings soms belangriker geword as eg menslike kwaliteite. Hy is ryk aan besittings, maar arm aan tyd, omdat sy hoë lewenspeil 'n groter inkomste en langer werksure vra. Hierdie gebrek aan tyd is sekerlik een van die belangrikste oorsake van versterkte gesinsagodie in die 20ste eeu. Moderne ouers besef dikwels nie dat hul fisiese teenwoordigheid vir hul kind kosbaarder is as materiële dinge nie (De Klerk, 1989: 446).

Omdat arbeid nie meer deur die mens verrig word nie, maar deur die masjien, word kreatiwiteit gedemp. Die moderne mens begin dink dat die totale manipuleerbaarheid van die werklikheid binne sy bereik gestel is deur die rekenaar en die masjien, maar vergeet dat hy self onder die voorskiftelike mag van die masjien staan (De Klerk, 1989: 446).

(a) Versteurde verhouding met tyd

Die manier waarop die moderne mens tyd ervaar, verskil van die manier waarop mense in ander tydvakke tyd ervaar het. Sy tyd word deur die tegnieke geskematiseer in kleiner fragmente waardeur sy menslike eksistensie gefragmenteer word. Hy ervaar sy eie bestaan as fragmentaries en dit is vir hom moeilik om tot 'n eenheidsbeleving te kom, omdat daar nie koherensie tussen die fragmente is nie. Hierdie gefragmenteerde tydskedule

skaad die gesinseenheid, want daar is eenvoudig nie genoeg tyd vir intimiteit en nabyheid in die huis nie (De Klerk, 1989: 446). Uiteindelik lei dit tot vervreemding van mekaar en verbroekeling van gesinne.

(b) **Versteurde verhouding met waardes en norme**

In die hedendaagse samelewing wat gekenmerk word deur 'n gees van verseksualisering en permissiwiteit, tree 'n verlaging in morele peil toenemend in. Die gesin van vandag funksioneer in 'n samelewing waar waardes en norme op seksuele gebied redelik laag op die prioriteitslys aangetref word. Dit hou verreikende gevolge in: "Teenagers without guidelines are adrift in a world they neither made nor chose ... they find themselves in chaos. Everything is said to be relative. There are no absolutes, no universal truths. Cultural relativism has taken away our framework for making decisions. Our culture says: 'Do what you think is right and what you think will bring you pleasure'" (McDowell, 1992: 90).

Waardes en norme in geslagsopvoedingsverband impliseer dat spesifieke geslagsopvoedingshandelinge ooreen sal stem met waardes en norme, aan die hand waarvan dit beoordeel en geëvalueer word. Wanneer die ouer sy kind op 'n verantwoordbare wyse opvoed, is hy deurgaans besig om sekere waardes en norme, insgelyks ten aansien van die geslagtelikheid van die kind, aan laasgenoemde deur te gee (Le Roux & Dey, 1994: 76).

Die versteurde verhouding wat die adolessent ten opsigte van seksualiteit vertoon, is in 'n groot mate te wyte aan die dubbele standaarde wat deur ouers gestel word, deurdad hulle een norm predik en 'n ander in hul eie lewens verwerklik. Dikwels handhaaf ouers 'n traak-my-nie-agtigheid

aangaande die standarde van fatsoenlikheid, sedelikheid en verantwoordbaarheid wat hulle aan hul kinders voorleef (Traub & Dodder, 1988: 986; Baker, Stanton, Thalberg & Morrison, 1988: 279).

Dit wil voorkom asof ouers dink dat gesindheidsvorming tog wel by hul kinders sal plaasvind, al tree hulle nie met hul kinders in gesprek oor geslagsaangeleenthede nie. Stilsy aan die kant van die ouer rakende geslagsake het egter tot gevolg dat die kind in 'n "waardevakuum" grootword, en sonder toereikende normatiewe toerusting sy lewe-ingeslagtelikheid tegemoetgaan (McDowell, 1992: 178; Le Roux & Dey, 1994: 77).

Problematiese geslagsrolidentifikasie bring ook dikwels mee dat adolessente homoseksuele of lesbiese verhoudinge aanknoop. Positiewe geslagsrolidentifikasie verwerklik in 'n opvoedingsmilieu waar faktore soos liefde, medemenslikheid en ware huweliksgenootskap geredelik beskikbaar is. Die invloed van ouers op die ontwikkeling van geslagsrolidentiteit begin waarskynlik – met die gerief van moderne tegnologie – reeds tydens swangerskap (Oosthuizen, 1990: 5; Snodgrass, 1991: 83; Le Roux & Dey, 1994: 77).

Die adolessent se nood aan geslagsrolidentifikasie word geïntensiveer deur die vader of moeder se afwesigheid uit sommige gesinne; hetsy weens gesinsverbrokkeling of beroepseise. Veral vaderlike afwesigheid oefen 'n negatiewe invloed uit op die geslagsrolidentiteit van die adolessent. Die moeder moet in die vader se afwesigheid speelmaat en sosialiseerder vir die kinders wees, maar kan weens oorbelading dikwels nie hieraan voldoen nie. Die gevolg daarvan is onverantwoordelike geslagtelike gedrag by die

adolescent (Fingerman, 1989: 15; Parish, 1990: 356; Young, Olsen, Cundick & Jensen, 1991: 977).

Veranderde geslagsrolvervulling wat deur hedendaagse samelewingstendense in die hand gewerk word, belemmer die optimale verwerkliking van die jeugdige se verhouding met seksualiteit, aangesien ouers dikwels nie beskikbaar is om diep emosionele geslagsopvoedende kontak met jeugdiges te bewerkstellig nie (Le Roux & Day, 1994: 78).

3.4.5 Verhouding met God

In die kultuurgemeenskap waarbinne die adolescent hom bevind is daar morele, godsdienstige en sosiale norme wat deur die gemeenskap hoog geag word. Die kind word opgevoed om uiteindelik uit eie oortuiging hierdie norme te onderskryf en dit deel te maak van sy lewensbeskouing. Dis 'n kenmerk van die mens om in God (of 'n god) te glo en 'n kenmerk van die relasie tussen mens en God is dat die mens op God vertrou, vir hom ontsag het en afhanklik is van God. Die Christen glo in Jesus Christus as sy persoonlike Verlosser. Volgens Paulsen (1992) is die kind volgens die Christelik-reformatoriese mensbeskouing 'n religieuse beelddraer en geroepene van God met 'n normatiewe keusevryheid en verantwoordelikheid teenoor God en sy medemens. Al voed ouers hul kinders volgens hul eie godsdienstige oortuigings op, kan 'n geloofsbelydenis nooit afgedwing word nie.

(1) Rasionele benadering

Omdat adolessensie deur rasionalisering gekenmerk word, wil die jongmens ook sy godsdiens, wat hy aanvanklik sonder meer aanvaar het, verstandelik

benader. Van die godsdiens wil hy nou beleving maak (Barnard (red.), 1987: 307). Sy gewete begin hom ook skerp aanspreek en die leer van sy kerk kry vir hom betekenisvolle innerlike vorme wat sy handel en wandel sterk beïnvloed. Sowel sy temperament as sy omgewing werk mee om tye van intense belangstelling in sy godsdiens af te wissel met tye van koudheid. Teleurstelling in sy godsdienstige verwagting (byvoorbeeld as hy nie dadelik antwoord op sy gebed kry nie) kan sy belangstelling laat verflou, terwyl die afsterwe van 'n vriend of dierbare dit weer kan laat opflikker (Schaefer & Garsuch, 1993: 136-147).

(2) Smartervaring en skuldbesef

Aan die begin van adolessensie is daar dikwels 'n tydperk waarin die jongmens reageer deur die openbaring van droefheid – 'n smartervaring in die vorm van heimwee na die onbekende. Soms gaan dit gepaard met 'n sterk skuldgevoel, omdat die mens onvolmaak en onvolkome is. Wanneer hierdie skuldgevoel die hele psigiese lewe beheers en die selfstandige persoonlikheid dreig om onder hierdie smartervaring te gronde te gaan, staan dit bekend as "Weltschmerz". Waar daar by die kind die besef ontstaan dat 'n sekere daad of handeling sleg is, ontwaak die besef by die adolessent dat hy sêlf 'n slegte hart het; sêlf sleg of verkeerd is (Barnard (red.), 1987: 308).

(3) Twyfel

Omdat die adolessent in staat is tot abstrakte denke, verwerp hy dikwels vroeëre opvattinge van God en godsdiens wat konkreet van aard was. As hy nou sy foutiewe voorstellings en opvattinge oor godsdiens omverwerp en nie dadelik iets in die plek daarvan kry nie, ontstaan daar by hom 'n

twyfelperiode. Hierdie twyfel mag egter van groot waarde wees omdat hy daardeur tot vastigheid geraak in gevalle waar hy eerlik na die waarheid soek en in hierdie soeke bevredigende, godsdienstige ondervindinge beleef (Gouws & Kruger, 1994, 189). Die adolessent duld geen middeweg in sy godsdiens nie en kan ongenadig wees in sy kritiek op enige vorm van huigelary. Volwassenes of godsdienstige leiers wat onverskillig of inkonsekwent optree kan oneindige skade aan die godsdienstige vorming van die adolessent berokken (Gouws & Kruger, 1994: 188).

As gevolg van die adolessent se algemene onsekerheid op godsdienstige gebied, bly hy gedurig besig met die vraagstuk van watter dinge hy mag doen en watter dinge hy nie mag doen nie. Die voordeel hieraan verbonde is dat dit hom lei tot selfondersoek en selfkritiek. Die nadeel is egter dat hy van onbenullighede groot probleme kan maak (Barnard (red.), 1987: 308).

(4) Bekerings

Na die tydperk van onsekerheid kom dikwels die tydperk van bekerings. Alhoewel dit nie in die lewens van almal voorkom nie is hierdie bekerings 'n normale verskynsel. Tydens 'n bekering "ontdek" die adolessent die gawe van God in hulle geloof in Jesus Christus as hulle persoonlike Saligmaker en Verlosser. Die resultaat is rus en vrede in die gemoed van die bekeerde.

Omstreeks die 16e/17e jaar ontstaan daar by die adolessent 'n meer bewuste vraag na die sin en waarde van daardie religieuse opvattinge wat hy nog altyd bely het en wat ook die opvatting van sy omgewing is. Hierdie tydperk word dan ook beskou as die beste geleentheid vir die adolessent om

belydenis van geloof af te lê. Normaalweg bind hy hom aan die kerk van sy ouers – dus in sy milieu (Schaefer & Garsuch, 1993: 136-147).

(5) Die gebed

Omdat gebed vir die adolessent 'n persoonlike omgang met God impliseer, bid hy nie graag in die openbaar nie. Hy sal ook liever swyg oor sy eie gebedslewe. Terwyl hy in onsekerheid verkeer, wil hy nie vir God iets vra nie, omdat hy nie daardie besliste sekerheid het dat God wel bestaan nie, omdat hy tog dinge kry sonder om daarvoor te bid en omdat hy dink dis sonde om God te probeer beïnvloed deur sy gebed. In sy dankgebed is die adolessent se egoïsme dikwels sy grootste struikelblok, omdat hy meen dat hy hard genoeg gewerk het vir wat hy kry en daarom nie nog vir God daarvoor wil dank nie. Alhoewel die adolessent dus 'n aktiewe gebedslewe het, is die motiewe wat daaragter sit gewoonlik angs, nood en 'n gevoel van verpligting (Scarlett & Perriello, 1991: 63-76).

(6) Betekenis van sy godsdienst

Godsdienst neem 'n belangrike plek in die lewe van die adolessent in en help hom om die betekenis en waarde van die lewe te begryp. Dit gee hom 'n besef van persoonlike verhoudinge en verpligtings, van waardes en norme; dit lei tot die vorming van hoë ideale en onselfsugtige diens en dit help die adolessent in die verkryging van selfbeheersing en selfdissipline (Gouws & Kruger, 1994: 188; Du Toit & Kruger, 1991: 66-67).

Nie alleen bied die godsdienst vir die adolessent vastigheid en 'n anker in 'n wêreld van wisseling en onsekerheid nie, maar hy kry ook die geleentheid

om sy jong lewe en bruisende krag in te rig en te gebruik in die diens van God (Barnard (red.), 1987: 309).

(7) Versteurde verhouding met die transendente

Vir die moderne tegnokraat gaan dit om die hiernoumaals en nie die hiernamaals nie. God het 'n hipotese geword, omdat die wêreld in eie krag beheers word (De Klerk, 1989: 446). Volgens Van Riessen (1974: 20) word die kontemporêr-moderne tydperk in die menslike wordingsgang gekenmerk deur die verdwyning van die vertikale gerigtheid van die mens wat, onder invloed van die tegnologie, in toenemende mate slegs horisontaal gerig is. Die Skrif, as normatiewe rigsgnoer by die maak van morele keuses, word vervang met die norm van vooruitgang, sukses en materialisme.

Die ontdekking van die transendente vind sy weerklank in die mens (en die adolessent) se verhouding met homself, met ander en met waardes. Wie die Skepper ontken, raak vervreem met die ware self van die skepsel en hy besit ook geen duidelike normatiewe fondament wat sy keuses rig nie. Omdat hy nie meer weet wie hy is en waarheen hy op pad is nie, kan hy nie uitreik na ander nie en verloor hy ook sy greep op die wêreld waarin hy leef (De Klerk, 1989: 447).

(8) Soeke na egte godsdiensbelewinge

Volgens Pretorius (1990: 147-148) spreek die kerk, kerklike norme en georganiseerde godsdiens die adolessent in 'n steeds mindere mate aan, omdat dit oor die algemeen vir hom irrelevant is, nie in sy behoeftes voorsien nie, hom bind en beperk en skynheiligheid bevat.

Die adolessent soek antwoorde vir die hier-en-nou, terwyl die godsdiens op die hiernamaals gerig is; hy soek aksie, maar moet in die kerk na 'n preek luister; hy is gerig op die aangeleentheid van intermenslike verhoudinge, terwyl dit in die godsdiens veral gaan om die mens se verhouding met God; hy wil ten opsigte van godsdienstige sake self kies, maar 'n keuse word deur die volwassene vir hom gemaak (Pretorius, 1990: 148).

Godsdienstige bewustheid en besorgdheid is 'n kenmerk van die adolessent, daarom soek hy liefde en betrokkenheid. Die afgelope dekade is daar 'n nuwe soeke na spiritualiteit en sin, 'n soeke na 'n verhouding met 'n krag groter as die mens (De Klerk, 1989: 447; Pretorius, 1990: 148).

3.5 SAMEVATTING

Adolessensie dui op 'n bepaalde periode of fase in die lewe van die mens, maar die afbakening van ouderdomsgrense blyk egter problematies te wees. Nie net vervroeg die ouderdom waarop die periode van adolessensie 'n aanvang neem nie, maar word die ouderdom waarop die periode eindig al meer uitgestel en kan die duur van adolessensie ook wissel volgens individuele ontwikkelingstempo.

Daar bestaan verskillende bekouinge of teorieë oor adolessensie, onder andere die biologiese en psigososiale teorieë. Een bepaalde beskouing bied slegs 'n gedeeltelike beeld van adolessensie. Om dus die ontwikkeling van die adolessent te verstaan, moet sy ontwikkeling vanuit verskillende hoeke, waaronder die biologiese, psigologiese en sosiale, benader word.

Die leefwêreld van die adolessent is 'n netwerk van verhoudinge met

homself, betekenisvolle ander in sy lewe, dinge/idees en God. Deur homself te oriënteer tot die totale werklikheid bepaal hy sy plek of posisie in hierdie verhoudinge; dus sy gesitueerdheid.

Dit is die taak van die opvoeder om aan die nog-nie-volwasse opvoedeling 'n veilige ruimte as leefwêreld te skep – te midde van die veranderende samelewing wat opvoedingsbelemmerend op beide inwerk – waarvandaan hy relasies kan stig.

In die volgende hoofstuk sal daar 'n uiteensetting gegee word van die beplanning van die ondersoek.

HOOFSTUK 4 (Inhoud)

NAVORSINGSONTWERP

	Bladsy
4.1 INLEIDING	126
4.2 VOORBEREIDING VIR DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	126
4.2.1 Toestemming	126
4.2.2 Keuse van respondente	127
4.3 DIE MEETINSTRUMENT	127
4.3.1 Konstruksie en inhoud	128
4.3.2 Voor- en nadele van die vraelys as meetinstrument	130
(1) Voordele van die vraelys	130
(2) Nadele van die vraelys	132
4.3.3 Vereistes van die vraelys	133
(1) Betroubaarheid	134
(2) Geldigheid	134
(a) Inhoudsgeldigheid	135
(b) Voorspellingsgeldigheid	135
4.4 DIE LOODSSTUDIE	136
4.5 VERSPREIDING EN AFNEEM VAN DIE VRAELYS	137
4.6 STATISTIESE TEGNIEKE	138
4.7 LEEMTES IN DIE ONDERSOEK	139
4.8 SAMEVATTING	140

Hoofstuk 4

DIE NAVORSINGSONTWERP

4.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is 'n literatuurstudie oor die adolessent se belewing van die veranderende leefwêreld gedoen. Die doel van hierdie studie is om te bepaal in watter mate die veranderende samelewing die psigiese lewe van die adolessent beïnvloed. Die doel van hierdie hoofstuk is om die samestelling van die vraelys, die vasstelling van die proefpersone en die insameling en verwerking van die data te bespreek.

4.2 VOORBEREIDING VIR DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Tydens die voorbereiding van die ondersoek is daar besluit om St. 9-leerlinge in blanke, sekondêre skole te betrek. As gevolg van finansiële oorwegings is slegs skole in die Durbanse metropolitaanse gebied by die ondersoek betrek.

2.1 Toestemming

Nadat die vraelyste (vergelyk bylae B) ontwerp is, is toestemming skriftelik by die Uitvoerende Direkteur, Natalse Onderwysdepartement (Administrasie: Volksraad) aangevra (vergelyk bylae A) om St. 9-leerlinge in geselekteerde sekondêre skole toe te laat om vraelyste in te vul. Die nodige toestemming

is verkry op voorwaarde dat (vergelyk bylae B): vrae 2.10 en 2.64 gewysig word deur dit in onpersoonlike vorm uit te druk; die samewerking van die betrokke skole vrywillig is; die name van skole en individue wat by die navorsing betrokke raak anoniem bly; en dat die navorsers die skole met die administrasie van die toets behulpsaam moet wees.

Toestemming is ook skriftelik by skoolhoofde aangevra om met die aflegging van die vraelyste behulpsaam te wees (vergelyk bylae A). Terwille van die tydsfaktor het die hoofde self die goedkeuring van die bestuursliggame verkry. Al die hoofde van die geselekteerde skole het hulle samewerking telefonies bevestig. Finale reëlins vir die aflewering van die vraelyste is daarna met die onderskeie skoolhoofde getref.

4.2.2 Keuse van respondente

Drie sekondêre blanke skole binne die grense van die Durbanse metropolitaanse gebied is by die ondersoek betrek. Die volgende skole is geselekteer:

- Hoërskool Dirkie Uys
- Hoërskool Geloofte
- Hoërskool Port Natal

Al die st. 9-leerlinge is versoek om die vraelys in te vul.

4.3 DIE MEETINSTRUMENT

'n Selfgestruktureerde vraelys (vergelyk bylae B) is gebruik om die leerlinge

se belewinge van hul gesitueerdheid vas te stel. Daar is gebruik gemaak van stellings waarop die respondente moes antwoord deur aan te dui of hulle saamstem, nie saamstem nie of onseker was.

4.3.1 Konstruksie en inhoud

In afdeling 1 van die vraelys is die instruksies gegee waarvolgens die vraelys ingevul moes word. Die doel met die studie is ook verduidelik. Relevante identifiserende besonderhede is ook met behulp van die vraelys bekom.

Afdeling 2 bevat sekere relevante bewerings rakende die adolessent en sy verhoudinge. Daar is gepoog om die items in duidelik-verstaanbare taal te stel om sinvolle antwoorde te bekom. Die adolessent beleef sy leefwêreld deur middel van verhoudinge, en die inhoud van die vraelys is op hierdie verhoudinge gebaseer. Die vrae kan saamgegroepeer word om die belewing van verhoudinge te bepaal.

Afdeling 1 Identifiserende besonderhede.

Afdeling 2 Stellings gebaseer op die onderskeie verhoudingsdimensies.

- Die adolessent se verhouding met homself:
 - Sy fisieke self: (2.13; 2.18; 2.23)
 - Sy akademiese self: (2.7; 2.35; 2.40)
 - Sy sosiale self: (2.21; 2.30; 2.44; 2.46)
 - Sy waardesself: (2.50)
 - Sy gesinself: (2.55)
 - Sy psigiese self: (2.60; 2.62; 2.65)

- Die adolessent se verhouding met ander:
 - Ouers: (2.2; 2.8; 2.14; 2.19; 2.25; 2.31; 2.37; 2.41; 2.47; 2.51; 2.56; 2.63; 2.66; 2.69; 2.71; 2.72; 2.74; 2.75)
 - Portuur (in die skool en in die woonbuurt): (2.4; 2.27; 2.42; 2.48; 2.52; 2.68)
 - Onderwysers: (2.3; 2.9; 2.15; 2.20; 2.26; 2.32; 2.38)

- Die adolessent se verhouding met dinge en idees:
 - die natuur: (2.5; 2.57)
 - leierskap: (2.22)
 - dwelmmisbruik: (2.10)
 - politiek: (2.11; 2.33)
 - skoolreëls: (2.16)
 - aborsie: (2.28)
 - die huwelik: (2.36; 2.39)
 - seks: (2.43; 2.49; 2.58; 2.67; 2.73)
 - homoseksualisme: (2.53)
 - popmusiek: ((2.61)
 - kindermishandeling: (2.64)
 - 'n toekomsgerigheid: (2.70)

- Die adolessent se verhouding met God:
 - (2.6; 2.12; 2.17; 2.24; 2.29; 2.34; 2.45; 2.54; 2.59)

4.3.2 Voor- en nadele van die vraelys as meetinstrument

Plug, Meyer, Louw en Gouws (1991: 391) definieer die vraelys kortliks soos volg: "... 'n reeks vroe wat 'n enkele onderwerp of 'n paar verwante onderwerpe dek en deur 'n toetsling of proefpersoon beantwoord moet word. Vraelyste kan gebruik word in die meting van belangstellings, houdings, menings en persoonlikheidseienskappe, asook vir die insameling van biografiese inligting." Volgens Ary, Jacobs en Razavieh (1985: 169) is die vraelys 'n doeltreffender en meer praktiese metode as byvoorbeeld die onderhoud.

De Wet, Monteith, Steyn en Venter (1981: 163) onderskei tussen gestruktureerde en ongestruktureerde vraelyste. Gestruktureerde vraelyste bestaan uit vroe of stellings met alternatiewe antwoorde daarop, terwyl dit met ongestruktureerde vraelyste nie die geval is nie. Die vraelys hou sowel voor- as nadele in.

(1) Voordele van die vraelys

Sekere voordele van die vraelys is die volgende (Sax, 1979: 244; Mouton & Marais, 1985: 91; Ary, Jacobs & Razavieh, 1985: 344).

- Data word teen 'n lae koste verkry.
- Inligting wat andersins moeilik bekombaar sou wees, word relatief maklik verkry; dit maak empiriese ondersoek op velerlei opvoedkundige terreine moontlik.

- 'n Wye veld kan binne 'n kort tydsbestek gedek word.
- Dit dien as 'n sinvolle plaasvervanger vir gevalle waar persoonlike onderhoude onmoontlik is.
- 'n Groot groep mense kan gelyktydig betrek word.
- Die respondente kry die geleentheid om rustig oor elke stelling na te dink.
- Met inagneming van die nodige riglyne, is dit relatief maklik om 'n eie vraelys te ontwerp.
- 'n Verskeidenheid van verkreeë data uit die vraelys kan met mekaar vergelyk word.
- 'n Groter mate van toetsobjektiwiteit kan verkry word aangesien:
 - die subjektiwiteit van die toetsopnemer uitgeskakel word;
 - die vraelys volgens uniforme en gespesifiseerde instruksies afgelê word;
 - die toetsresponse op 'n uniforme wyse nagesien en beoordeel word; en
 - die menings wat gemeet word, duidelik gedefinieer en gekonstrueer word en die rasionaal waarop die vraelyste berus, gegee word.

- 'n Wye veld kan binne 'n kort tydsbestek gedek word.
- Dit dien as 'n sinvolle plaasvanger vir gevalle waar persoonlike onderhoude onmoontlik is.
- 'n Groot groep mense kan gelyktydig betrek word.
- Die respondente kry die geleentheid om rustig oor elke stelling na te dink.
- Met inagneming van die nodige riglyne, is dit relatief maklik om 'n eie vraelys te ontwerp.
- 'n Verskeidenheid van verkreeë data uit die vraelys kan met mekaar vergelyk word.
- 'n Groter mate van toetsobjektiwiteit kan verkry word aangesien:
 - die subjektiwiteit van die toetsopnemer uitgeskakel word;
 - die vraelys volgens uniforme en gespesifiseerde instruksies afgelê word;
 - die toetsresponse op 'n uniforme wyse nagesien en beoordeel word; en
 - die menings wat gemeet word, duidelik gedefinieer en gekonstrueer word en die rasionaal waarop die vraelys berus, gegee word.

- Vraelyste is maklik administreerbaar.
- Omdat vertroulike inligting ter sprake is, maar respondente anoniem bly, is inligting dikwels meer betroubaar.

In hierdie ondersoek kon uniformiteit verkry word aangesien die toetsrespons maklik met behulp van 'n rekenaar verwerk kon word.

(2) Nadele van die vraelys

Alhoewel die gebruik van die vraelys een van die mees algemene metodes is wat vir die insameling van data gebruik word, hou dit ook sekere nadele in (Sax, 1979: 244; Mouton & Marais, 1985: 91; Ary, Jacobs & Razavieh, 1985: 344).

- In die gevalle waar die navorser nie self by die voltooiing van vraelyste teenwoordig is nie, kan dit gebeur dat nie al die vraelyste terugbesorg word nie. Dit kan meebring dat die geldigheid van die ondersoek ingeboet word.
- Waar van sekere groepe persone dikwels verwag word om vraelyste te voltooi, ontwikkel hulle soms 'n weerstand teen vraelyste, omdat hulle voel dat daar op hul privaattyd inbreuk gemaak word. Sodanige persone vul òf nie die vraelyste in nie, òf dan nie met die nodige akkuraatheid nie.
- As instruksies of items in die vraelys onduidelik of dubbelsinnig is, word dit verkeerd geïnterpreteer – gevolglik kan die geldigheid daarvan geïmpak word. ☹

- Die vraelys verwys soms na onderwerpe wat vir die respondent sensitief is of waarin hy geen belangstelling het nie, met die gevolg dat daar nie suiwer objektief op vrae gereageer word nie.
- Wanneer vraelyste te lank is, word dit of afgejaag, of onvoltooid terugbesorg.
- 'n Traak-my-nie-agtige houding is by sommige respondente te bespeur. Vraelyste word "afgejaag" en eerlike response word ingeboet.
- Respondente mag dalk verskillende vertolkings of betekenis aan sekere woorde of uitdrukkings heg.
- Soms maak opsies op die kontinuum nie voorsiening vir hoe die individu voel nie.
- Die navorser het nie beheer oor wie die vraelys voltooi indien dit nie in sy teenwoordigheid gedoen word nie.
- Wanneer vraelyste onvoltooid terugontvang word, kan dit meebring dat die geldigheid daardeur ingeboet word.

4.3.3 Vereistes van die vraelys

'n Goeie vraelys behoort onder andere aan die volgende vereistes te voldoen (Ary, Jacobs & Razavieh, 1985: 346; Bell, 1988: 61; Best, 1981: 176; Slavin, 1982: 12-13; De Wet *et al.*, 1981: 132; Mouton & Marais, 1985: 79).

- Vrae moet so eenvoudig en duidelik as moontlik gestel word.
- Vrae moet nie uniforme en stereotipe response uitlok nie.
- Vrae moet so kort as moontlik wees.
- Vrae moet nie hipoteties van aard wees nie.
- Vrae moet nie dubbelsinnig wees nie.

Vraelyste moet ook aan die beginsels van betroubaarheid en geldigheid voldoen.

(1) Betroubaarheid

Die betroubaarheid van 'n vraelys is dié eienskap wat dit moontlik maak om soortgelyke resultate te verkry as die metings op identiese wyse herhaal sou word – anders gestel, die mate van afwesigheid van ewekansige foute of fout-variëansie". In hierdie definisie word na 'hertoetsbaarheid' verwys (Kotzé, 1992: 262).

Betroubaarheid dui dus op die sentrale geldigheidsoorweging in die proses van data-insameling, dit wil sê of die toepassing van die meetinstrument op verskillende ondersoekgroepe onder verskillende omstandighede tot dieselfde waarnemings sal lei. Hoewel identiese resultate nie verwag kan word nie (omdat die meeste toetse nie absoluut betroubaar is nie), kan 'n sekere mate van ooreenkoms tog verwag word (Mouton & Marais, 1985: 79-95).

(2) Geldigheid

Volgens Kotzé (1992: 132) verwys geldigheid na die mate waarin 'n toets

meet wat dit veronderstel is om te meet. Inhoudsgeldigheid en voorspellingsgeldigheid word deur Kotzé (1992: 263-264) beklemtoon.

(a) Inhoudsgeldigheid

Inhoudsgeldigheid is 'n vorm van geldigheid wat bepaal of die inhoud wat deur die toetsitems gedek word, verteenwoordigend is van dit wat dit veronderstel is om te meet (Mouton & Marais, 1985: 100). Ten einde die inhoudsgeldigheid van die betrokke vraelys te evalueer, is al die items deeglik deur 'n groep senior onderwyskundiges geëvalueer. Die resultate van die voltooide vraelyste – soos dit deur die rekenaar bepaal is – laat blyk dat die vraelyste wel getoets het wat dit veronderstel was om te toets (vergelyk hoofstuk 5).

(b) Voorspellingsgeldigheid

Voorspellingsgeldigheid verwys na die mate waarin die toets of meetinstrument die toekomstige prestasie van die respondent kan voorspel. Dit word bepaal deur die korrelasie te bereken tussen die telling wat met die bepaalde toets verkry is en metings met die kriterium (De Wet *et al.*, 1981: 147). Daar is egter nie so 'n geldigheidstoets gedoen of 'n geldigheidskoëfisiënt bereken nie. Tog is skrywer van mening dat die vraelyste 'n hoë voorspellingsgeldigheid het, aangesien die tellings wat in die vraelyste verkry is, dit moontlik maak het om sekere vooropgestelde persepsies te identifiseer. Gevolglik kan sekere aanbevelings ter voorkoming van bepaalde tendense gemaak word.

4.4 DIE LOODSSTUDIE

Dit is belangrik om 'n loodsstudie te onderneem alvorens die finale studie aangepak word, omdat dit bykans onmoontlik is om 'n meetinstrument so te ontwerp dat dit met die eerste toepassing geen probleme sal oplewer nie.

Die waarde van 'n loodsstudie is daarin geleë dat (Slavin, 1982: 86):

- dit die navorser van leidrade, benaderings en idees voorsien wat nie voor die loodsstudie geantisipeer kon word nie;
- dit die voorkoms van probleme verminder, omdat onvoorsiene probleme wat tydens die loodsstudie na vore kom, in die finale studie uitgeskakel kan word;
- aanpassings in die finale studie die moontlikheid van dubbelsinnige bevindings tot die minimum beperk;
- dit mag verhoed dat die navorser 'n groot finansiële uitgawe aangaan wat uiteindelik niks kan oplewer nie;
- die loodsstudie die navorser gewoonlik voorsien van genoegsame inligting rakende die raadsaamheid van die projek;
- terugvoering verkry word wat kan lei tot belangrike aanpassings in die finale studie, alhoewel die loodsstudie nie baie van die finale studie behoort af te wyk nie;

- dit kan help bepaal of die meetinstrument te lank of te kort is; en
- vrae wat te maklik, te moeilik of te verwarrend is, reggestel of uitgeskakel kan word.

Die voorlopige items in die vraelys is wel met die loodsstudie toegepas op 'n groep van vyf-en-twintig St. 9-leerlinge wat nie by die finale opname betrek is nie. Geen hulp is aan hulle verleen nie en die vraelys is in die teenwoordigheid van skrywer afgeneem.

Alhoewel die loodsstudie nie noemenswaardige probleme opgelewer het nie, is die volgende aanpassings na identifikasie gemaak: In enkele gevalle was dit nodig om die formulering van sekere van die stellings te wysig sodat die betekenis daarvan duideliker na vore kon kom.

Nadat daar van bovermelde probleme kennis geneem is, is die vraelys gefinaliseer en na die geselekteerde skole geneem vir voltooiing.

4.5 VERSPREIDING EN AFNEEM VAN DIE VRAELYS

Die vraelyste is per hand by die onderskeie skole afgelewer en weer na voltooiing afgehaal. In al die skole het die hoofde onderneem om sowel die uitdeling as die invordering van die vraelyste persoonlik te hanteer.

Dit het die respondente ongeveer twaalf minute geneem om die vraelyste te voltooi. Die administrasie (aflewering van vraelyste, voltooiing en die

invordering daarvan) het tussen 1994-10-20 en 1994-10-25 plaasgevind. Al die hoofde van die geselekteerde skole is persoonlik vir hulle aandeel in die voltooiing van die vraelyste bedank.

4.6 STATISTIESE TEGNIEKE

Volgens De Wet *et al.* (1981: 135) is 'n frekwensietabel 'n duidelike voorstelling van gegroepeerde en verwerkte data. Uit die frekwensietabel kan ook die volgende data verkry word (Botha, 1988: 18-35; Huysamen, 1976: 21-29):

- Waarde – wat dui op die tellings soos wat dit op die voltooide vraelyste verskyn.
- Persentasie – wat dui op die totale response op 'n spesifieke vraag, uitgedruk as 'n persentasie van die totale aantal respondente.
- Frekwensie – wat 'n weergawe is van die aantal kere wat 'n bepaalde waarde deur die respondente weergegee is.
- Gemiddelde – dui op die somtotaal deur die aantal tellings gedeel.
- Mediaan – verwys na al die tellings in stygende volgorde. Die telling wat in die middel voorkom staan as die mediaan bekend.

- Standaardafwyking – is die vierkantswortel van die gemiddelde van die kwadrate van die afwykings.

Volgens Behr (1983: 24) is die frekwensietabel 'n visuele voorstelling van 'n groot hoeveelheid data in verkorte vorm. Die hele vraelys word deur middel van beskrywende statistiek gerapporteer.

4.7 LEEMTES IN DIE ONDERSOEK

Aangesien die inligting wat in hierdie ondersoek ter sprake is sensitief van aard is, bestaan die moontlikheid dat openheid en eerlikheid dalk in die slag gebly het. Sommige leerlinge kan dalk geantwoord het volgens wat hulle dink hulle behoort te antwoord.

Die volgende leemtes kan aangetoon word:

- Die kontinuum het moontlik nie altyd in die respondent se keuse voorsien nie.
- Omdat skrywer nie self tydens die voltooiing van vraelyste teenwoordig was nie, kon dit gebeur het dat onsekerhede wat respondente gehad het, dalk nie opgelos kon word nie.

Ten spyte van bovermelde probleme was die respondente se samewerking oor die algemeen baie bevredigend en 'n respons van 100% is verkry.

4.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsontwerp wat in die empiriese ondersoek aangewend is, aangetoon en die vraelys wat as meetinstrument gebruik is, is in die besonder beskryf. Die resultate van die vraelyste soos deur die rekenaarprogram bepaal, word in die volgende hoofstuk uiteengesit.

HOOFSTUK 5 (Inhoud)

DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

	Bladsy
5.1 INLEIDING	141
5.2 AANBIEDING EN ONTLEDING VAN DIE DATA	141
5.2.1 Biografiese gegewens	141
(1) Frekwensie volgens skole wat aan die ondersoek deelgeneem het	141
(2) Ouers/voogde	142
(3) Geslag van respondent	143
5.2.2 Response van adolessente op die verhoudingdimensies ..	143
(1) Verhouding met self	144
(2) Verhouding met ander	147
(a) Verhouding met ouers/voogde	148
(b) Verhouding met onderwysers	151
(c) Verhouding met portuur	152
(3) Verhouding met dinge/idees	154
(4) Verhouding met God	156
5.3 SAMEVATTING	158

Hoofstuk 5

DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

5.1 INLEIDING

In hierdie ondersoek gaan dit om die invloed wat die veranderende samelewing op die psigiese lewe van die kind-in-opvoeding het. Alle data wat ingewin is (vergelyk bylae C), word in hierdie hoofstuk deur middel van beskrywende statistiek weergegee.

5.2 AANBIEDING EN ONTLEDING VAN DIE DATA

5.2.1 Biografiese gegewens

(1) Frekwensie volgens skole wat aan die ondersoek deelgeneem het

Data wat van die geselekteerde skole versamel is, word vervolgens in tabelvorm weergegee.

Tabel 1 : Frekwensieverspreiding volgens skole wat aan die ondersoek deelgeneem het

Kode	Naam van skool	Frekwensie	%
16	Hoërskool Dirkie Uys	72	27,59
17	Hoërskool Geloofte	82	31,42
18	Hoërskool Port Natal	107	40,99
	TOTAAL	261	100,00

Volgens Tabel 1 is die Afrikaanse sekondêre skole by die ondersoek betrek. Die universum by dié drie skole was 261. Al die standaard 9-leerlinge by elke skool het as respondente opgetree.

(2) Ouers / voogde

Die frekwensie van die respondente se ouers/voogde word vervolgens in tabelvorm weergegee.

Tabel 2: Frekwensieverspreiding volgens ouers/voogde van respondente

Kode	Ouers/Voogde van respondente	Frekwensie	%
6	Eie ouers (Albei)	176	67,43
7	Slegs eie moeder	34	13,03
8	Slegs eie vader	9	3,45
9	Stiefouers (Albei)	1	0,38
10	Eie moeder en stiefvader	21	8,05
11	Eie vader en stiefmoeder	8	3,07
12	Slegs stiefvader	1	0,38
13	Slegs stiefmoeder	5	1,92
14	Grootouers	6	2,29
15	Ander	0	0,00
	TOTAAL	261	100,00

Dit is beduidend dat ongeveer 'n derde van die respondente nie by albei hulle ouers inwoon nie. Omdat egskeiding 'n besonder sensitiewe vraag aan die spesifieke respondente sou wees, is daar nie gevra of hulle ouers geskei is nie. Dit is egter opvallend dat meer as sestiens persent (16,48%) aangedui het dat hulle slegs by 'n eie vader/moeder inwoon.

(3) Geslag van respondente

Tabel 3: Frekwensieverspreiding volgens geslag van respondente

Kode	Geslag	Frekwensie	%
4	Manlik	127	48,66
5	Vroulik	134	51,34
	TOTAAL	261	100,00

Volgens Tabel 3 het min of meer dieselfde aantal seuns as dogters aan die ondersoek deelgeneem.

5.2.2 Response van adolessente op die verhoudingsdimensies

Die tweede afdeling van die vraelys (vergelyk bylae B) het die belewing van die adolessente ten opsigte van die veranderende samelewing ondervang. Die stellings wat gebruik is, is só gekies dat die verhoudings van die adolessente met hulself, ander, dinge/idees en God aandag geniet het (vergelyk 3.4).

Ter wille van eenvormigheid in die interpretasie van response, is negatiewe stellings se response *omgeswaai* om soos volg te lees:

- 1 (stem saam) = 2
 2 (stem nie saam nie) = 1
 3 (onseker) = 3

Vir die doeleindes van hierdie studie is die volgende stellings se response omgeswaai: 2.4; 2.10; 2.21; 2.27; 2.28; 2.36; 2.39; 2.58; 2.61; 2.71; 2.73; en 2.74.

(1) Verhouding met self

Die frekwensieverspreiding volgens die respondente se verhouding met hulself word vervolgens in tabelvorm weergegee. Die verskillende dimensies van die self wat ondersoek is behels die volgende:

- fisiese self : (2.13; 2.42; 2.43);
- akademiese self : (2.7; 2.35; 2.40);
- sosiale self: (2.3; 2.21; 2.46);
- waardesself: (2.50);
- gesinself: (2.55); en
- psigiese self: (2.60; 2.62; 2.65).

Tabel 4: Frekwensieverspreiding volgens respondente se verhouding met hulself

Item	Stelling	N %	Stem saam	Stem nie saam nie	Onseker	Totaal
2.13	My kleredrag is 'n verpersoonliking van myself.	N	211	32	18	261
		%	80,84	12,26	6,90	100

Tabel 4 (vervolg)

Item	Stellig	N %	Stem saam	Stem nie saam nie	Onseker	Totaal
2.18	My fisiese voorkoms vergelyk goed met dié van my maats.	N	146	66	49	261
		%	55,94	25,29	18,77	100
2.23	Ek presteer op sportgebied.	N	131	87	43	261
		%	50,19	33,33	16,48	100
2.7	Ek voel gelukkig in die skool.	N	174	41	46	261
		%	66,67	15,71	17,62	100
2.35	Ek blink uit in kulturele aktiwiteite.	N	54	126	81	261
		%	20,69	48,28	31,03	100
2.40	Ek is tevrede met my akademiese prestasie.	N	99	115	47	261
		%	37,93	44,06	18,01	100
2.21	Ek dink ander skinder van my.	N	60	96	105	261
		%	22,99	36,78	40,23	100
2.30	Die teenoorgestelde geslag vind my aantreklik.	N	101	37	123	261
		%	38,70	14,18	47,12	100
2.44	Ek beskou myself as 'n leier.	N	153	39	69	261
		%	58,62	14,94	26,44	100
2.46	Ek maak maklik vriende.	N	180	42	39	261
		%	68,97	16,09	14,94	100
2.50	Ek dink ek is 'n goeie mens.	N	213	9	39	261
		%	81,61	3,45	14,94	100
2.55	Ek hou daarvan as ons vir familie gaan kuier.	N	168	57	36	261
		%	64,37	21,84	13,79	100
2.60	Ek weet ek kan my probleme oplos.	N	197	20	44	261
		%	75,48	7,66	16,86	100
2.62	As ek iets moet doen, begin ek dadelik daarmee.	N	105	92	64	261
		%	40,23	35,25	24,52	100
2.65	Ek voltooi elke taak wat ek aanpak.	N	141	57	63	261
		%	54,02	21,84	24,14	100

Uit Tabel 4 blyk dit dat soveel as 80,84% van die respondente van mening is dat hul kleredrag 'n verpersoonliking van hulself is (vergelyk stelling 2.13). Dit is egter beduidend dat bykans die helfte van die respondente (25,29% + 18,77%) onseker is of voel dat hulle voorkoms nie goed met dié van hulle maats vergelyk nie (vergelyk stelling 2.18). Om deur die portuurgroep aanvaar te word, moet die adolessent ten opsigte van fisieke voorkoms konformeer met die standarde van dié van sy maats (vergelyk 3.4.2 en 3.4.3). Verder is fisieke voorkoms ook 'n belangrike bepaler van selfagting.

Wat die respondente se verhouding met hulle akademiese self betref, het bykans 'n derde (15,71% + 17,62%) van hulle aangedui dat hulle nie gelukkig in die skool is nie (vergelyk stelling 2.7). Ten aansien van kulturele aktiwiteite het 79,31% (48,28% + 31,03%) respondente laat blyk dat hulle nie in kulturele aktiwiteite uitblink nie (vergelyk stelling 2.35), en verder was slegs 37,93% tevrede met hul akademiese prestasie (vergelyk stelling 2.40).

Marsh (1984: 1305) het bevind dat leerlinge wat hul akademiese prestasie toeskryf aan hul eie vermoëns en inspanning oor 'n positiewer akademiese selfkonsep beskik as leerlinge wat hul swak akademiese prestasies toeskryf aan 'n gebrekkige vermoë en halfhartige pogings. Burns en Brassard (1982: 487) voer aan dat kinders in enkelouergesinne – waar daar min ouerlike leiding en hoë angsvlakke as gevolg van finansiële en versorgingsprobleme is – akademies baie swakker presteer as kinders uit normale gesinne. Vir baie ouers het die akademiese prestasie van hul kinders 'n statussimbool geword en verkeer kinders onder geweldige druk om te presteer. Gedurende adolessensie kan dit dan gebeur dat adolessente rebelleer en nie presteer soos dit hoort nie (vergelyk 3.4.3).

Wat betref die verhouding van die respondente met hulle sosiale self, stem 22,99% saam dat ander van hulle skinder (vergelyk stelling 2.21). Slegs

38,70% respondente dink dat die teenoorgestelde geslag hulle aantreklik vind (vergelyk stelling 2.30), en bykans 'n derde (16,09% + 14,94%) van die respondente maak nie maklik vriende nie (vergelyk stelling 2.46). Verder beskou slegs 58,62% respondente hulself as leiers (vergelyk stelling 2.44). Volgens Monteith *et al.* (1988: 190) beskik elke persoon oor net soveel selwe as wat daar mense en groepe is wie se evaluering van homself vir daardie persoon belangrik is. Die aanvaarding deur en erkenning wat die adolessent van belangrike persone – soos sy gesinslede, sy portuur en sy onderwysers – ontvang, speel 'n deurslaggewende rol in die ontwikkeling van 'n gesonde sosiale selfkonsep, en bepaal verder of the adolessent leierseienskappe aan die dag sal lê en gesonde heteroseksuele verhoudinge sal aanknoop (vergelyk 3.4.3).

Betreffende die verhouding wat die respondente met hulle waardesself het, is dit beduidend dat 81,61% aangetoon het dat hulle hulself as goeie mense beskou (vergelyk stelling 2.50).

Ten aansien van die respondente se verhouding met hul psigiese self, het 24,52% (7,66% + 18,86%) respondente aangetoon dat hulle nie hul probleme kan oplos nie (vergelyk stelling 2.60). Slegs 40,23% respondente pak dadelik 'n taak wat gedoen moet word, aan (vergelyk stelling 2.62) en verder voltooi slegs 54,02% elke taak wat hulle aanpak (vergelyk stelling 2.65). Hierdie houding spreek moontlik van 'n gebrek aan belangstelling en motivering.

(2) Verhouding met ander

Die respondente se verhouding met die volgende persone wat hulle leefwêreld deel is statisties ontleed:

- ouers/voogde;
- onderwysers; en
- portuur.

(a) Verhouding met ouers/voogde

Die respondente se verhouding met hulle ouers/voogde word vervolgens in tabelvorm weergegee.

Tabel 5: Frekwensieverspreiding volgens respondente se verhouding met hulle ouers/voogde

Item	Stelling	N %	Stem saam	Stem nie saam nie	Onseker	Totaal
2.2	My ouers stel vir my 'n navolgenswaardige voorbeeld.	N	187	40	34	261
		%	71,65	15,33	13,02	100
2.8	My ouers het my lief.	N	242	5	14	261
		%	92,72	1,92	5,36	100
2.14	My ouers gee my genoeg vryheid.	N	188	55	18	261
		%	72,03	21,07	6,90	100
2.19	Ek is lief vir my ouers.	N	249	2	10	261
		%	95,40	0,77	3,83	100
2.31	Ek het die vrymoedigheid om met my ouers oor persoonlike of sensitiewe aangeleenthede te gesels.	N	122	89	50	261
		%	46,74	34,10	19,16	100
2.47	My ouers vertrou my.	N	205	23	33	261
		%	78,54	8,81	12,65	100
2.25	Ek neem aktief deel aan gesinsaktiwiteite.	N	168	51	41	261
		%	64,37	19,54	16,09	100

Tabel 5 (vervolg)

Item	Stelling	%	Stem saam	Stem nie saam nie	Onseker	Totaal
2.41	My ouers doen moeite om betrokke te wees by alles wat ek doen	N	155	64	42	261
		%	59,39	24,52	16,09	100
2.63	My ouers verstaan die tye waarin ons leef.	N	128	95	37	261
		%	49,04	36,40	14,56	100
2.66	My ouers ken my onderwysers.	N	109	108	44	261
		%	41,76	41,40	16,84	100
2.69	My ouers erken my goeie prestasies.	N	197	31	33	261
		%	75,48	11,88	12,64	100
2.37	Ek respekteer my ouers se besluite.	N	189	25	47	261
		%	72,41	9,58	18,01	100
2.51	My ouers beskou my as gehoorsaam.	N	180	28	53	261
		%	68,97	10,73	20,30	100
2.56	My ouers gee my seggenskap in besluite wat my raak.	N	200	33	28	261
		%	76,63	12,64	10,73	100
2.71	As strafmaatreël pas my ouers lyfstraf toe.	N	26	204	31	261
		%	9,96	78,16	11,88	100
2.72	My ouers berispe my as ek nie na wense optree nie.	N	147	63	51	261
		%	56,32	24,14	19,54	100
2.74	As strafmaatreël word ek deur my ouers afgesonder.	N	28	190	43	261
		%	10,73	72,80	16,47	100
2.75	My ouers ontsê my sekere voorregte wanneer hulle my wil straf.	N	147	95	19	261
		%	56,32	36,40	7,28	100

Wat die respondente se verhouding met hul ouers betref, het bykans 'n kwart (15,33% + 13,02%) aangedui dat hulle ouers nie vir hulle 'n

navolgenswaardige voorbeeld stel nie (vergelyk stelling 2.2). Meer as 90% het egter laat blyk dat daar wel 'n band van liefde tussen hulle en hul ouers bestaan (vergelyk stellings 2.8 en 2.9). Alhoewel 78,54% respondente aangedui het dat hulle deur hul ouers vertrou word (vergelyk stelling 2.47), en 72,03% voel dat hul ouers hulle genoeg vryheid gee (vergelyk stelling 2.14), het slegs 46,74% respondente die vrymoedigheid om persoonlike of sensitiewe aangeleenthede met hulle ouers te bespreek (vergelyk stelling 2.31). Dit wil dus voorkom asof die vertrouensverhouding tussen ouer en kind by 'n beduidende aantal leerlinge nie goed is nie. Veral wat geslagsaangeleenthede betref, poog die ouers dikwels nie om kommunikasiekanale oop te hou nie. Vriende word dan die belangrikste inligtingsbron (Stone, 1990: 94; McDowell, 1992: 77; Van Rooyen & Louw, 1993: 8). Dit gee aanleiding tot ontoereikende geslagsopvoeding deur ouers aan kinders, wat dikwels tragiese gevolge het, omdat ons in 'n verseksualiseerde samelewing leef (vergelyk 2.2.3).

Uit Tabel 5 blyk dit dat meer as 'n derde (19,54% + 16,09%) van die respondente nie aan gesinsaktiwiteite deelneem nie (vergelyk stelling 2.25). Slegs 59,39% respondente se ouers doen moeite om betrokke te wees by alles wat hul kinders doen (vergelyk stelling 2.41). Die feit dat slegs 41,76% respondente se ouers hul kinders se onderwysers ken (vergelyk stelling 2.66), dui op onvoldoende ouerbetrokkenheid by die skool (vergelyk 3.4.3) en kan moontlik een van die redes wees vir die swak verhouding wat soveel van die respondente met hul akademiese self het (vergelyk Tabel 4). Slegs 49,04% respondente het aangedui dat hulle ouers die hedendaagse samelewing verstaan (vergelyk stelling 2.63), wat tekenend van die generasiegaping in die snelveranderende gemeenskap is (vergelyk hoofstuk 2). Verder het bykans 'n kwart (11,88% + 12,64%) van die respondente aangedui dat hulle ouers nie hulle goeie prestasies erken nie (vergelyk 2.69) – die kenverhouding tussen ouer en kind blyk dus ook gebrekkig te wees.

Wat die gesagsverhouding tussen die respondente en hulle ouers betref, het bykans 'n kwart (9,96% + 11,88%) van die respondente aangedui dat hulle ouers lyfstraf toepas (vergelyk stelling 2.71) en 27,2% (10,73% + 16,47%) het aangedui dat hulle as strafmaatreël deur hul ouers afgesonder word (vergelyk stelling 2.74). Slegs 56,32% respondente word berispe as hulle nie na wense optree nie (vergelyk stelling 2.72), en dieselfde persentasie respondente word as strafmaatreël sekere voorregte ontsê.

(b) **Verhouding met onderwysers**

Vervolgens word die respondente se verhouding met hulle onderwysers in tabelvorm weergegee.

Tabel 6: Frekwensieverspreiding volgens respondente se verhouding met hulle onderwysers

Item	Stelling	N %	Stem saam	Stem nie saam nie	Onseker	Totaal
2.3	Ek bespreek sensitiewe of persoonlike sake openhartig met my onderwysers.	N	34	198	29	261
		%	13,03	75,86	11,11	100
2.9	My onderwysers hou tred met die tyd.	N	119	51	91	261
		%	45,59	19,54	34,87	100
2.15	My onderwysers ken my vermoëns.	N	138	64	59	261
		%	52,87	24,52	22,61	100
2.20	My onderwysers behandel my regverdig.	N	177	39	45	261
		%	67,82	14,94	17,24	100
2.26	Ek is pligsgetrou wat my skoolwerk betref.	N	120	63	78	261
		%	45,98	24,14	29,88	100
2.32	Ek vertrou my onderwysers se akademiese vermoëns.	N	200	21	40	261
		%	76,63	8,05	15,32	100
2.38	My onderwysers se gesag is vir my aanvaarbaar.	N	198	28	35	261
		%	75,86	10,73	13,41	100

Gedagtig daaraan dat die pedagogiese verhouding tussen die leerkrag en die leerling voorwaarde is vir die suksesvolle oriëntering van die kind, is die essensiële elemente van die ken-, vertrou- en gesagsverhouding van deurslaggewende belang. Uit Tabel 6 blyk dit dat slegs 13,03% respondente bereid is om sensitiewe of persoonlike sake openhartig met hul onderwysers te bespreek (vergelyk stelling 2.3). Die vertrouensverhouding tussen onderwyser en kind is by vele van hierdie respondente ernstig geskaad (vergelyk 3.4.3). Slegs 45,59% respondente voel dat hul onderwysers tred hou met die tyd (vergelyk stelling 2.9), en verder meen 47,13% (24,52% + 22,61%) respondente dat hulle onderwysers nie hulle vermoëns ken nie (vergelyk stelling 2.15). Die kenverhouding tussen onderwyser en kind vertoon dus ook ernstige leemtes (vergelyk 3.4.3). Opvallend is dat 67,82% leerlinge aangedui het dat hulle onderwysers hulle regverdig behandel (vergelyk stelling 2.20). Slegs 45,98% respondente het aangedui dat hulle pligsgetrou is wat hulle skoolwerk betref – die res (54,02%) was eerlik genoeg om die teendeel te beken (vergelyk stelling 2.26). Dit is opvallend dat 76,63% respondente hulle onderwysers se akademiese vermoëns vertrou (vergelyk stelling 2.32). 'n Positiewe gesagsverhouding tussen onderwyser en kind spreek ook uit die feit dat 75,86% respondente aangedui het dat hulle hulle onderwysers se gesag aanvaarbaar vind.

(c) Verhouding met portuur

Vervolgens word die respondente se verhouding met hulle portuur in tabelvorm weergegee.

Tabel 7: Frekwensieverspreiding volgens respondente se verhouding met hulle portuur

Item	Stelling	N %	Stem saam	Stem nie saam nie	Onseker	Totaal
2.4	In my vriendekring rook ons sigarette.	N	14	176	71	261
		%	5,36	67,43	27,21	100
2.27	Ek en my maats gebruik sterk drank.	N	37	175	49	261
		%	14,18	67,05	18,77	100
2.42	Ek bespreek persoonlike probleme met my vriende.	N	162	62	37	261
		%	62,07	23,76	14,17	100
2.48	Ek word na partytjies uitgenooi.	N	193	38	30	261
		%	73,95	14,56	11,49	100
2.52	Ek vertrou my vriende.	N	191	33	37	261
		%	73,18	12,64	14,18	100
2.68	Ander mense aanvaar my soos ek is.	N	179	23	59	261
		%	68,58	8,81	22,61	100

Dit is opvallend dat 67,43% respondente aangedui het dat hulle nie in hul vriendekring sigarette rook nie (vergelyk stelling 2.4). Bykans dieselfde persentasie (67,05%) het aangedui dat hulle en hul maats ook nie sterk drank gebruik nie (vergelyk stelling 2.27). Slegs 62,07% respondente bespreek hul persoonlike probleme met hulle vriende (vergelyk stelling 2.42). Van dié respondente het meer as 'n kwart (26,05%) aangedui dat hulle nie na partytjies uitgenooi word nie (vergelyk stelling 2.48). Die implikasie is dus dat hulle nie deur die portuurgroep aanvaar word nie (vergelyk 3.4.3). Van die respondente het 26,82% (12,64 + 14,18%) ook aangedui dat hulle nie hulle vriende vertrou nie (vergelyk stelling 2.52). Bykans 'n derde (31,42%) van die respondente is van mening dat ander mense hulle nie aanvaar soos wat hulle is nie (vergelyk stelling 2.68).

(3) Verhouding met dinge/idees

Vervolgens word die verhouding van die respondente met dinge/idees in tabelvorm weergegee.

Tabel 8: Frekwensieverspreiding volgens respondente se verhouding met dinge/idees

Item	Stelling	N %	Stem saam	Stem nie saam nie	Onseker	Totaal
2.5	Dierebeskerming is noodsaaklik.	N	250	7	4	261
		%	95,79	2,68	1,53	100
2.57	Ek is 'n natuur liefhebber.	N	224	18	19	261
		%	85,82	6,90	7,28	100
2.10	Daar is niks daarmee verkeerd as mense dwelms gebruik nie.	N	9	246	6	261
		%	3,45	94,25	2,30	100
2.11	Politiek bepaal my toekoms.	N	111	100	50	261
		%	42,53	38,31	19,16	100
2.33	Aparte skole vir wit en swart is vir my belangrik.	N	121	90	50	261
		%	46,36	34,48	19,16	100
2.36	Saamwoon is beter as trou.	N	45	163	53	261
		%	17,24	62,45	20,31	100
2.39	'n Seun en 'n meisie wat mekaar liefhet mag maar saamslaap al is hulle nie getroud nie.	N	51	171	39	261
		%	19,54	65,52	14,94	100
2.43	Mans beskou dit as 'n prestasie om 'n meisie seksueel te oorwin.	N	135	89	37	261
		%	51,72	34,10	14,18	100
2.49	Meisies dink om by seuns te slaap maak hulle meer gewild onder hulle maats.	N	115	103	43	261
		%	44,06	39,46	16,48	100
2.58	In my vrye tyd kyk ek na videos wat nie vir my ouderdom wetig toelaatbaar is nie.	N	54	82	125	261
		%	20,70	31,42	47,88	100

Tabel 8 (vervolg)

Item	Stelling	N %	Stem saam	Stem nie saam nie	Onseker	Totaal
2.67	Ek reken voorhuwelikse seks skeep 'n skuldgevoel by die betrokkenes.	N	170	59	32	261
		%	65,13	22,61	12,26	100
2.73	Ontkleekompetisies by diskos is vir my opwindend.	N	21	170	70	261
		%	0,05	65,13	26,82	100
2.53	Homoseksualisme is vir my aanvaarbaar.	N	193	43	25	261
		%	73,95	16,48	9,57	100
2.61	Stedelike diskos is vir my 'n groot aantrekkingskrag.	N	62	99	100	261
		%	23,76	37,93	38,31	100
2.64	Ek glo dat kindermishandeling 'n ernstige probleem in ons land is.	N	223	12	26	261
		%	85,44	4,60	9,96	100
2.28	Aborsie moet wettig wees op aanvraag.	N	30	157	74	261
		%	11,49	60,15	28,36	100
2.16	Skoolreëls word billik toegepas.	N	138	79	44	261
		%	52,87	30,27	16,86	100
2.22	Prefekte is leiers na wie ek opsien.	N	128	87	46	261
		%	49,04	33,33	17,63	100
2.70	Ek weet presies wat ek wil word.	N	122	69	70	261
		%	46,74	26,44	26,82	100

Uit tabel 8 blyk dit dat soveel as 95,79% respondente dierebeskerming noodsaaklik ag (vergeelyk stelling 2.5), en 85,82% van die respondente hulself as natuurliefhebbers beskou (vergeelyk stelling 2.57).

Dit is ontstellend dat 5,75% van die respondente nie die gebruik van dwelms in 'n negatiewe lig beskou nie (vergeelyk stelling 2.10).

Slegs 42,53% van die respondente het aangedui dat politiek hul toekoms bepaal (vergelyk stelling 2.11). Minder as die helfte van die respondente (46,36%) het aangedui dat aparte skole vir wit en swart leerling vir hulle belangrik is (vergelyk stelling 2.33). Bykans twintig persent(19,16%) was onseker oor die belangrikheid van aparte skole.

Ten aansien van die huwelik het slegs 62,45% respondente aangedui dat saamwoon nie beter as trou is nie (vergelyk stelling 2.36). Net 65,52% respondente beskou voorhuwelikse seks in 'n negatiewe lig (vergelyk stelling 2.39). Die hedendaagse verseksualiseerde samelewing laat sy invloed dus duidelik geld (vergelyk 2.2.3). Van die respondente het 44,06% saamgestem dat meisies onder die indruk verkeer dat hul gewildheid toeneem indien hulle by seuns slaap (vergelyk stelling 2.49), en 51,72% het aangedui dat mans dit as 'n prestasie beskou om 'n meisie seksueel te oorwin (vergelyk stelling 2.43). Meer as 'n derde (22,61% + 12,26%) van die respondente het nie gereken dat voorhuwelikse seks 'n skuldgevoel by die betrokkenes skep nie (vergelyk stelling 2.67).

Ten aansien van hulle toekomsgerigtheid, het slegs 46,74% respondente aangedui dat hulle presies weet wat hulle wil word (vergelyk stelling 2.70). Die toekoms blyk dus vir baie van hierdie leerling uitsigloos te wees, en daarby is hulle moontlik verward ten opsigte van die groot moontlikheid van beroepe wat hulle kan volg (vergelyk 2.2.1).

(4) Verhouding met God

Vervolgens word die respondente se verhouding met God in tabelvorm weergegee.

Tabel 9: Frekwensieverspreiding volgens respondente se verhouding met God

Item	Stelling	N %	Stem saam	Stem nie saam nie	Onseker	Totaal
2.6	Ek neem aktief deel aan kerklike aktiwiteite.	N	135	80	46	261
		%	51,72	30,65	17,63	100
2.12	Kategese is vir my sinvol.	N	179	36	46	261
		%	68,58	13,79	17,63	100
2.17	God is in beheer van my lewe.	N	223	5	33	261
		%	85,44	1,92	12,64	100
2.24	Wanneer ek sterf, sal ek verseker by God in die hemel wees.	N	182	6	73	261
		%	69,73	2,30	27,97	100
2.29	Ek glo God vergewe my sondes.	N	242	4	15	261
		%	92,72	1,53	5,75	100
2.34	'n Gelowige moet kerk toe gaan.	N	187	56	18	261
		%	71,65	21,46	6,89	100
2.45	Dit is vir my belangrik dat my optrede in ooreenstemming met die Bybel se norme is.	N	199	13	49	261
		%	76,25	4,98	18,77	100
2.54	Die kerk verstaan my behoeftes.	N	127	57	77	261
		%	48,66	21,84	29,50	100
2.59	Godsdiensoonderrig op skool is belangrik.	N	220	24	17	261
		%	84,29	9,20	6,51	100

Uit Tabel 9 blyk dit dat slegs 51,72% van die respondente aktief deelneem aan kerklike aktiwiteite (vergelyk stelling 2.6). Soveel as 31,42% (13,79% + 17,63%) respondente vind kategese nie sinvol nie (vergelyk stelling 2.12). Die oorgrote meerderheid (85,44%) het egter aangedui dat God in beheer van hul lewens is (vergelyk stelling 2.17) en 92,72% glo dat God hulle sondes vergewe.

Soveel as 27,97% respondente is onseker of hulle by God in die hemel sal wees as hulle sterf (vergelyk stelling 2.24). Slegs 71,65% respondente het saamgestem dat 'n gelowige kerk toe moet gaan (vergelyk stelling 2.34). Soveel as 23,75% (18,77% + 4,98%) respondente ag dit nie belangrik om hul lewens volgens die Bybel se norme in te rig nie (vergelyk stelling 2.45). Slegs 48,66% van die respondente het saamgestem dat die kerk hulle behoeftes verstaan (vergelyk stelling 2.54), maar soveel as 84,29% het aangedui dat Godsdiensoonderrig op skool belangrik is (vergelyk stelling 2.59).

5.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die inligting wat verkry is van vraelyste wat uitgestuur is, as resultate aangebied en in tabelvorm weergegee.

Die eerste gedeelte van die hoofstuk is gewy aan die ontleding van biografiese inligting van die respondente. Daarna is van beskrywende statistiek gebruik gemaak om die adolessent se verhouding ten aansien van hulself, ander, idees/dinge en God te ontteed.

In die volgende hoofstuk word die studie saamgevat, en enkele aanbevelings word aan die hand gedoen.

HOOFSTUK 6 (Inhoud)

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

	Bladsy
6.1	SAMEVATTING 159
6.1.1	Probleemstelling 159
6.1.2	Die veranderende samelewing 159
6.1.3	Die adolessent se belewing van die veranderende leefwêreld 160
6.1.4	Navorsingsontwerp 161
6.1.5	Die empiriese ondersoek 162
6.1.6	Die doel met die ondersoek 162
6.1.7	Bevindinge van hierdie ondersoek 162
(1)	Verhouding met homself 162
(2)	Verhouding met ander 163
(a)	Verhouding met ouers 163
(b)	Verhouding met onderwysers 163
(c)	Verhouding met portuur 163
(3)	Verhouding met idees en dinge 164
(4)	Verhouding met God 164
6.2	AANBEVELINGS 165
6.2.1	Die kerngesin 165
(1)	Motivering 165
(2)	Aanbeveling 165
6.2.2	Die opvoedingsopgawe van die skool 165
(1)	Motivering 165
(2)	Aanbeveling 166
6.2.3	Die kerk 167
(1)	Motivering 167
(2)	Aanbeveling 168
6.2.4	Voortgesette navorsing 168
6.3	SLOTOPMERKING 168

Hoofstuk 6

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

6.1 SAMEVATTING

6.1.1 Probleemstelling

Die probleem wat in hierdie studie aangesraak is, het gewentel om die moontlike invloed van die veranderende samelewing op die psigiese lewe van die kind-in-opvoeding. In essensie het dit gegaan oor die kind se belewing – in terme van hoe sy verhoudinge deur die veranderende leefwêreld beïnvloed is (vergelyk 1.2).

6.1.2 Die veranderende samelewing

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan 'n samelewingsbeeld waarin die fokus op problematiese opvoedingsbelemmerende samelewingsveranderinge val. Die samelewing van ons tyd word gekenmerk deur die volgende dinamiese aspekte, wat as samelewingsfaktore die eietydse opvoedingsituasie medebepaal: industrialisasie, verstedeliking, massasamelewing, natuurwetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling, welvaart, bevolkingsontploffing, kontakinflasie, massafikasie, vervreemding en vereensaming, bewussynsmanipulasie, massakommunikasie, normkrisis, neurotisering, beplanning, organisasie en spesialisasie, snelle verandering, onvoorspelbaarheid en toekomsskok. Hierdie samelewingsveranderinge word bespreek onder die opskrifte: vertegnisering, verpolitisering en verseksualisering.

Bogenoemde beteken vir die adolessent van die negentigerjare 'n verlies aan lewens en opvoedingsekerheid. Geborgenheid, vastheid en vanselfsprekendheid het in 'n beduidende mate uit die bestaan van die mens verdwyn. Betekenisgewing het 'n besondere opgaaf geword.

6.1.3 Die adolessent se belewing van die veranderende leefwêreld

Adolessensie behels die oorgang tussen kindwees en volwassenheid. Dit impliseer om na iets heen te groei en te ontwikkel. Adolessensie staan verder bekend as die drumpeltydperk tussen kind-wees en volwassene-wees, en behels 'n voortdurende aanpassing by biochemiese en psigologiese veranderinge. Navorsers deel adolessensie in verskillende tydperke in (vergelyk 3.2.1).

Wat as 'n "tipiese adolessent" beskou word, word bepaal deur 'n persoon se basiese uitgangspunte. Op grond van hierdie basiese uitgangspunte kan onderskei word tussen onder andere biologiese, psigoanalitiese, sosiologiese, antropologiese en psigososiale beskouinge of teorieë in verband met adolessensie. Deur 'n kernagtige bespreking van elkeen van hierdie benaderings is gepoog om tot 'n duidelike beeld van die adolessent en adolessensie te kom (vergelyk 3.2.2).

Die leefwêreld van die adolessent kan gesien word as 'n netwerk van verhoudinge met homself, ander, dinge/idees en met God. Dit is ook dinamies van aard. Die adolessent oriënteer homself ten opsigte van sy leefwêreld deur middel van verskillende situasies. Op dié wyse skep hy vir homself 'n eie betekeniswêreld as beleweniswêreld. Sonder belewing is die leefwêreld nie moontlik nie. Elke belewingsmoment het gevoels-, kennende- en normatiewe momente (vergelyk 3.3.1).

Deur die opvoedingsteun van die opvoeder leer die opvoedeling dat belewinge gelaai is met gevoel en daardeur raak hy betrokke by dinge om hom. Die betekenis wat die adolessent aan 'n objek of persoon gee bepaal die kwaliteit van sy relasies. Deur betrokkenheid beleef hy sukses, mislukking, vreugde of angs (vergelyk 3.3.3).

Die adolessent se belewing van verskillende relasies in bepaalde situasies dra by tot die vorming van sy selfidentiteit – wat weer 'n element is van die begrip selfkonsep. Op sy beurt bestaan die selfkonsep uit verskeie dimensies, waaronder die fisieke self, die sosiale self en die materiële self (vergelyk 3.4.2).

Die adolessent se belewing vind deur relasies of verhoudinge plaas. Hy staan in verhouding met homself (vergelyk 3.4.2), met betekenisvolle ander (vergelyk 3.4.3), met dinge/idees (vergelyk 3.4.4) en met God (vergelyk 3.4.5).

So bestaan daar 'n veelvoudige wisselwerking, 'n kompleks van verhoudinge wat, wanneer probleme ontstaan, maklik ontaard tot 'n warboel versteurde verhoudinge. Verder is daar ook nog problematiese, opvoedingsbelemmerende samelewingsfaktore wat die adolessent se verhoudinge versteur.

6.1.4 Navorsingsontwerp

In hierdie hoofstuk is daar aandag geskenk aan die navorsingsontwerp wat in die empiriese ondersoek aangewend is. Die selfgestruktureerde vraelys wat as meetinstrument gebruik is, is volledig bespreek. Die opstel, verspreiding en voltooiing van die vraelys is ook behandel.

6.1.5 Die empiriese ondersoek

Gedurende die empiriese ondersoek is die response op 'n selfgestruktureerde vraelys bestudeer en die data wat op hierdie wyse ingewin is, is deur middel van beskrywende statistiek weergegee.

6.1.6 Die doel met die ondersoek

Skrywer is van mening dat daar wel daarin geslaag is om die doel van hierdie ondersoek te bereik, naamlik:

- om 'n literatuurstudie in verband met die veranderinge in die samelewing te onderneem (vergelyk hoofstuk 2);
- om die invloed van sodanige veranderinge in die samelewing op die psigiese lewe van die kind empiries te bepaal (vergelyk hoofstuk 5); en
- om op grond van die bevindinge aanbevelings te maak wat opvoeders in hul begeleiding van die kind tot volwassenheid moontlik behulpzaam kan wees (vergelyk 6.2).

6.1.7 Bevindinge van hierdie ondersoek

(1) Verhouding met homself

Uit die empiriese studie het dit geblyk dat portuurdruk tot konformasie met standarde van maats lei (vergelyk 3.4.2 en 3.4.3). Swak akademiese prestasie (vergelyk stelling 2.40), die gebrek aan 'n behoefte om leiding te

neem (vergelyk stelling 2.44) en die onwilligheid om eie probleme op te los (vergelyk stelling 2.60) kan moontlik toegeskryf word aan die adolessent se onvermoë om sinvol aan die veranderende leefwêreld betekenis te gee.

(2) Verhouding met ander

(a) **Verhouding met ouers**

Dit wil voorkom asof ouers nie altyd 'n navolgenswaardige voorbeeld vir die adolessent stel nie (vergelyk stelling 2.2), met die gevolg dat daar dikwels 'n gebrek aan wedersydse vertroue voorkom. Die gebrek aan kommunikasie tussen die adolessent en sy ouer verhoed ook dat spontane geslagsopvoeding plaasvind (vergelyk stelling 2.31). Onrusbarend is ook die feit dat so min ouers by skoolaktiwiteite betrokke is (vergelyk 2.43). Oor die algemeen blyk dit dat 'n gebrekkige ken-, vertrou- en gesagsverhouding tussen opvoeder en opvoedeling bespeur kan word.

(b) **Verhouding met onderwysers**

Die feit dat persoonlike en sensitiewe aangeleenthede nie maklik met die onderwyser bespreek word nie (vergelyk stelling 2.3), mag spruit uit 'n gebrekkige vertrouensverhouding tussen die adolessent en die onderwyser. Leerlinge voel egter dat hulle regverdig behandel word (vergelyk stelling 2.20). Opvallend is ook die spontane erkenning dat skoolwerk nie pligsgetrou uitgevoer word nie (vergelyk stelling 2.26).

(c) **Verhouding met portuur**

Dit is opvallend dat byna 'n derde van die respondente aangedui het dat

hulle verkies om nie te rook of sterk drank in die teenwoordigheid van vriende te gebruik nie (vergelyk stelling 2.27). Van die leerlinge het laat blyk dat hulle nie na partytjies uitgenooi word nie (vergelyk stelling 2.68), met die implikasie dat hulle nie vir hulle portuurgroep aanvaarbaar is nie (vergelyk 3.4.3).

(3) Verhouding met idees en dinge

Dit is ontstellend dat sommige leerlinge nie die gebruik van dwelmmiddels in 'n negatiewe lig sien nie (vergelyk stelling 2.10). Wat die respondente se houding jeens multikulturele onderwys betref (verpolitiseerde onderwys) (vergelyk stellings 2.11 en 2.33) wou dit voorkom asof 'n gevoel van mededeelsaamheid heers. Ten aansien van die huwelik het dit geblyk dat die invloed van die verseksualiseerde samelewing verwarring by vele leerlinge tot gevolg het (vergelyk stellings 2.39 en 2.23). Dit is onrusbarend om daarop te let dat respondente 'n toenemende gevoel van 'n gebrek aan toekomstgerigtheid ervaar (vergelyk stellings 2.70 en 2.21).

(4) Verhouding met God

Wat hierdie verhoudingsdimensie betref, het dit geblyk dat byna die helfte van die respondente nie aan kerklike aktiwiteite deelneem nie (vergelyk stelling 2.6). Ten spyte van die feit dat daar gevoel word dat God in beheer van hulle lewens is, het sommige respondente tog laat blyk dat Godsdiensoonderrig (kategeese) nie vir hulle sinvol is nie (vergelyk stelling 2.12). Van die leerlinge het gevoel dat dit nie nodig is om volgens Bybelse norme te lewe nie (vergelyk stelling 2.45).

6.2 AANBEVELINGS

6.2.1 Die kerngesin

(1) Motivering

Wanneer daar gepraat word van die krisis waarin die wêreld verkeer, word daar in dieselfde asem gesê dat daar by die gesin begin moet word om die wêreldprobleme op te los. Ouerskap impliseer dat die ouer verantwoordelikheid sal aanvaar vir die stig van 'n opvoedingsverhouding. Die geborgenheid wat deur die ouer verskaf word, vorm die grondvoorwaarde vir die sedelike-, morele- en biologiese ontwikkeling van die adolessent wat self nog nie vertrou is met die wyse waarop hy die wêreld moet bewoon nie. In hierdie opsig is hy van sy ouers afhanklik – hulle moet dit aan hom verpersoonlik. Die ouers moet dus vir die adolessent duidelike grense stel waarbinne hy met 'n redelike mate van veiligheid kan beweeg.

(2) Aanbeveling

Die aanbeveling is:

- dat daar 'n herwaardering en herbeklemtoning van die onmisbaarheid van die opvoedingstaak (opvoedingsroeping) van die kerngesin deur alle meningvormers (politici, kerkleiers, ensovoorts) moet wees.

6.2.2 Die opvoedingsopgawe van die skool

(1) Motivering

Omdat opvoedingstekorte in die gesin moontlik in wangedrag in die skool

kan manifesteer, is dit noodsaaklik dat die ouers en die skool nou met mekaar moet saamwerk om sodoende 'n gemeenskaplike keerwal vir negatiewe samelewingsfaktore te bou. Al die veranderinge in die samelewing, al die keuses, rolle, kennis en invloed waarvoor die adolessent te staan kom, laat hom beangs en verward voel. Daarom moet die skool in 'n nuwe relasie met die gemeenskap staan, sodat die adolessent binne 'n vertroude pedagogiese situasie die geleentheid kan kry om hom voor te berei en te oefen vir sy rol in die samelewing daarbuite. Dit is die skool van die toekoms se opvoedingstaak om sinvolle verbande te probeer vind tussen oorweldigende tegnologiese prestasies, knellende ekonomiese tye, verbrokkelende gesins- en samelewingsverbande en nuwe politieke bedelings. Die skoolvoorligter is by uitstek dié persoon wat besondere verantwoordelikheid kan en behoort te aanvaar in hierdie singewing aan die snelle veranderende samelewing.

(2) Aanbevelings

Die aanbevelings is:

- dat ouers deur middel van ouerverenigings op hulle verantwoordelikhede rakende hulle kinders se opvoedende onderwys attent gemaak moet word;
- dat sowel die ouergemeenskap as die skool hulle vir 'n vennootskap in die ware sin van die woord moet beywer. Hierdie vennootskap behoort te rus op wedersydse vertroue en respek vir die soewereiniteit van die betrokke partye;
- dat nasionale beleid rakende ouerbetrokkenheid gefarmuleer moet word;

- dat elke skool oor 'n geskrewe beleid rakende ouerbetrokkenheid moet beskik;
- dat die implementering van sodanige beleid moet geskied met inagneming van plaaslike omstandighede;
- dat skoolvoorgligters 'n deeglike studie moet maak van die aard en omvang van leerlingbehoefte ten einde antisiperend, prognosties, voorkomend en diagnoseerend te werk kan gaan;
- dat skoolvoorgligters op 'n gereelde basis moet vasstel wat die leerlinge in sy skool se spesifieke behoeftes is en die mate waarin daaraan voldoen word, al dan nie;
- dat voorgligters leerlinge van raad en hulp moet bedien hoe hulle hulle behoeftes op 'n doeltreffende wyse kan bevredig; en
- dat leerplanne wat in die skool gevolg word, beter voorsiening moet maak vir leerlingbehoefte.

6.2.3 Die kerk

(1) Motivering

Die kerk as samelewingsverband behoort 'n sinvolle bydrae tot die opvoedende onderwys van die adolessent te lewer. Hoewel as informele vennoot beskou, bly dit die taak van die kerk om sy verbondskinders met 'n grondige kennis ten opsigte van die wil van God toe te rus. Die kerk moet verder toesien dat ouers hulle verantwoordelikheid rakende die doopbelofte

moet nakom. 'n Kind-vriendelike-, vernuwende-, eie-tydse- en insiggewende benadering moet nagestreef word ten einde die jeugdige fisies, psigies en geestelik op die toekoms te rig.

(2) Aanbeveling

Die aanbeveling is:

- dat kerkgenootskappe moet toesien dat hulle betrokkenheid by die opvoedende onderwys gekenmerk word deur sowel 'n "kind-vriendelike" as 'n vernuwende en "samelewings-veranderende interpretasie" van die leefwêreld van die jongmens.

6.2.4 Voortgesette navorsing

Die snelle veranderende onderwysbedeling blyk onder andere ook 'n poging van die huidige regering te wees om deur middel van maatskaplike manipulering ("social engineering") 'n nuwe nasie te bou ("nation building"), en dit bring mee dat navorsingsmoontlikhede rakende veral die swart jeug en die beoogde "geïntegreerde jeug" van dié "nuwe nasie" na vore tree.

Navorsing rakende die invloed van bovermelde verskynsels op die psigiese lewe van die kind in opvoeding verg voortgesette studie.

6.3 **SLOTOPMERKING**

Hierdie ondersoek was 'n beskeie poging om meer te wete te kom

aangaande die adolessent se relasies in 'n veranderende samelewing. Op hierdie poging kan sekerlik nog baie voortgebou en uitgebrei word. In aansluiting hierby word die vertroude uitgespreek dat dit tot beter verhoudinge tussen opvoedlinge en opvoeders sal lei.

BRONNELYS

ABHILAK, V. 1992. *Child abuse: a psychopedagogical perspective*. Durban: University of Zululand. (M.Ed. dissertation)

ADAMS, J.F. (ed.) 1980. *Understanding adolescence: current developments in adolescent psychology*. Boston: Allyn & Bacon.

ALBERTS, L. 1988. Referaat gelewer by SAOU-kongres in Upington op 28-06-1988.

ALMOND, B. 1988. AIDS and the international ethics. *Ethics and Intenational Affairs*, 2: 139-153.

AMES, L.B. 1989. *Arnold Gesell: themes of his work*. New York: Human Science Press.

ANGENENT, H. 1985. *Opvoeding en persoonlijheidsontwikkeling*. Nijkerk: Intro.

ARY, D., JACOBS, L.C. & RAZAVIEH, A. 1985. *Introduction into research into education*. New York: Holt, Rinehart & Winston.

BAKER, S.A., STANTON, P., THALBERG, P. & MORRISON, M. 1988. Parents' behavioural norms as predictors. Adolescent sexual activity and contraceptive use. *Adolescence*, 23(90): 265-282.

BANDURA, A. 1993. Percived self-efficacy in cognitive development and functioning. *Educational Psychologist*, 28(2): 117-148.

BANKS, J.A. 1977. *Multi-ethnic education: practices and promises*.
Bloomington: Phi Delta Kappa.

BARNARD, J.S. (red.) 1987. *Opvoedkundig-sielkundige beginsels vir onderwysstudente*. Pretoria: HAUM.

BEHR, A.L. 1983. *Empirical research methods for human sciences*. Durban: Butterworths.

BEINERT, N. (red.) 1988. *Braucht Liebe (noch) die Ehe?* Regensburg: Verlag Friedrich Pustet.

BELL, J. 1988. *Doing your research project: a guide for first-time researchers in education and social science*. Philadelphia: Open University Press.

BERNARD, H.S. 1981. Identity formation during late adolescence: a review of some empirical findings. *Adolescence*, 16(62): 349-358.

BERNARD, H.W. 1975. *Human development in Western culture*. Boston: Allyn & Bacon.

BEST, J.W. 1981. *Research in education*. New Jersey: Prentice-Hall.

BLACK, C. & DE BLASSIE, R.R. 1985. Adolescent pregnancy: contributing factors, consequences, treatment and plausible solutions. *Adolescence*, 20(78): 281-290.

BOSHOFF, B. 1982. *Die adolessent: sy ontwikkeling en ontwikkelingstake*. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers.

BOSHOFF, L. 1989. *Persoonlikheidsvoorligting aan die leerling in die sekondêre skool*. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (D.Ed.-proefskrif)

BOTHA, M. 1988. *Statistiese berekeninge*. Pretoria: Daan Retief.

BOTHA, T.R. 1977. *Die sosiale lewe van die kind-in-opvoeding*. Pretoria: Pretoria Drukkers.

BRENNAN, A. 1985. Participation and self-esteem: a test of six alternative explanations. *Adolescence*, 20(78): 455-465.

BRITS, W.J. 1989. *Die ontoereikende verwerking van sosiopedagogiese essensies as aanleiding tot tienerswangerskappe*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (M.Ed.-verhandeling)

BRÛMMER, T.J. 1985. Seksvoorligting in skole. *SA Mediese Tydskrif*, 67(6): 190-195.

BURNS, C.W. & BRASSARD, M.R. 1982. A look at the single parent family: implications for the school psychologist. *Psychology in the Schools*, 19(4): 487-494.

BURNS, R.B. 1979. *The self concept: theory, measurement, development and consequences*. New York: Academic Press.

BURNS, R.B. 1985. The self-concept and teaching. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 5(3): 152-157.

CAMPBELL, R.F. 1976. Public schools and the challenge of cultural pluralism. *Theory into Practice*, 15(4): 260-266.

BYBEL, die. 1991. *Nuwe vertaling*. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

CATON, H. (ed.) 1990. *The Samoa reader*. Lanham: University Press of America.

COLEMAN, J.C. 1980. *The nature of adolescence*. New York: Methuen.

COLEMAN, R. 1984. *Lennon*. New York: McGraw Hill.

COMBS, A.W. 1981. What the future demands of education. *Phi Delta Kappan*, 62(5): 369-372.

CORRIGAN, C. 1974. The future: implications for the preparation of education personnel. *Journal of Teacher Education*, 25(2): 100-107.

COUWENBURG, S.W. 1959. *De vereenzaming van de moderne mens*. s'Gravenhage: Pax.

COX, H. 1966. *The secular city*. New York: Macmillan.

CRAIG, G.J. 1980. *Human development*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

CROSS, D.E., BAKER, G.C. & STILES, L.J. (eds.) 1977. *Teaching in a multicultural society. Perspectives and professional strategies*. New York: The Free Press.

CUMBNEY, C. 1983. *The hidden dangers of the rainbow*. Louisiana: Huntington House.

DE BEER, Z.J. 1985. Referaat gelewer tydens die wêreld-omgewingsdagkonferensie in Pretoria op 05-06-1985.

DE KLERK, J. 1989. Versteurde verhoudinge in die tegnokratiese era en die invloed daarvan op die opvoeding. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 9(3): 445-451.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. de K., STEYN, H.S. & VENTER, P.A. 1981. *Navorsingsmetodes in die opvoedkunde: 'n inleiding tot empiriese navorsing*. Durban: Butterworths.

DE WIT, J. & VAN DER VEER, G. 1982. *Psychologie van de adolescentie*. Nijkerk: Intro.

DEY, L. 1990. *Die problematiek van geslagsopvoeding in die gesinsituasie*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (M.Ed.-verhandeling)

DREYER, H.J. & DUMINY, P.A. 1986. *Education 2. A course in Psychopedagogics*. Cape Town: Maskew Miller.

DU PLESSIS, C.M. 1985. *Enkele kritieke sosio-ekonomiese determinante in ontwikkelende Suid-Afrika: aandruk van die skynbaar onmoontlike?* Referaat gelewer tydens Wêreldomgewingsdagkonferensie in Pretoria op 07-06-1985.

DU PLOOY, A.S. 1991. *Die uitwerking van stres op die akademiese prestasie van standerd ses-leerlinge*. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (D.Ed.-proefskrif)

DU PLOOY, J.L., GRIESSEL, G.J. & OBERHOLZER, M.O. 1983. *Fundamentele pedagogiek vir gevorderde studente*. Pretoria: HAUM.

DU TOIT, S.J. & KRUGER, N. 1991. *Die kind: 'n opvoedkundige perspektief*. Durban: Butterworths.

ENGELBRECHT, C.S. 1986. *Die digotomiese Suid-Afrikaanse samelewingsopset en die opvoedingsimplikasies daarvan*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

ENGELBRECHT, C.S. 1989. Saamleef en opvoeding in 'n tegnokratiese Suider-Afrika van môre. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 1989, 9(3): 460-469.

ENGELBRECHT, C.S. 1994. Die noodsaaklikheid van gesinsopvoeding. *Pedagogiekjoernaal*, 15(2): 21-37.

ENGELBRECHT, C.S., KOK, J.C. & VAN BILJON, S.S. 1982. *Volwassewording*. Durban: Butterworths.

ERIKSON, E.H. 1980. *Identity and the life cycle*. New York: Norton.

ESTERHUYSE, W.P. 1980. *Die mens en sy seksuele moraal*. Durban: Butterworths.

FASICK, F.A. 1984. Parents, peers, youth, culture and autonomy in adolescence. *Adolescence*, 19(73): 143-157.

FINGERMAN, L.K. 1989. Sex and the working mother: adolescent sexuality, sex role typing and family background. *Adolescence*, 24(93): 1-18.

FONAGY, P., STEELE, M., MORAN, G. & STEELE, H. 1993. Measuring the ghost in the nursery. *Journal of the American Psychoanalytic Association*, 41(4): 957-989.

GARBERS, C.F. 1985. *Technology: man-made monster in service to mankind*. Paper read at the world environment day confernece in Pretoria on 1985-06-06.

GARCIA, R.L. 1978. *Fostering a pluralistic society through multi-ethnic education*. Bloomington: Phi Delta Kappa.

GAY, G. 1979. On behalf of children: a curriculum design for multicultural education in the elementary school. *Journal of Negro Education*, 48(3): 324-340.

GIBBS, J.C. 1977. Kohlberg's stages of moral judgement: a constructive critique. *Harvard Educational Review*, 47(1): 43-61.

GILES, R.H. 1977. *The West Indian experience in British schools. Multi-racial education and social disadvantage in London*. London: Heinemann.

GODWIN, J. 1988. *Dancing with demons*. California: Chick Publications.

GORDON, I.J. 1975. *Human development*. New York: Harper & Row.

GOUWS, E. & KRUGER, N. 1994. *The adolescent. An educational perspective*. Durban: Butterworths.

GREYLING, D.J. 1976. *Voor- en vroegvolwassenheid in pedagogies-andragogiese perspektief met besondere verwysing na geskonde ouerskap in 'n tegnokratiese bestel*. Pretoria: Universitiet van Suid-Afrika. (M.Ed.-verhandeling)

GRINDER, R.E. 1978. *Adolescence*. New York: John Wiley.

- GUINNESS, O. 1972. *Asche des Abendlandes*. Neuhausen-Stuttgart: Hänssler.
- HAMACHEK, D.E. 1971. *Encounters with the self*. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- HAMACHEK, D.E. 1980. *Psychology and development of the adolescent self*. Boston: Allyn & Bacon.
- HAVIGHURST, J.C. 1972. *Developmental tasks and education*. New York: David McKay.
- HEESE, H. de V. 1978. Population peril. *Reader's Digest*, 113(678): 30.
- HENDERSON, D. 1978. *Scuse me while I kiss the sky*. New York: Bantam Books.
- HOPKINS, J.R. 1983. *Adolescence. The transitional years*. New York: Academic Press.
- HURLOCK, E.B. 1980. *Developmental psychology: a life-span approach*. New York: McGraw-Hill.
- HUYSAMEN, G.K. 1976. *Beskrywende statistiek vir die sosiale wetenskappe*. Pretoria: Academica.
- ITZKOFF, S.W. 1976. *A new public education*. New York: David McKay.
- JAFFE, J., PETERSEN, R. & HODGSON, R. 1980. *Addictions: issues and answers*. Curacao: Multimedia Publications.

JERSILD, A.T., BROOK, J.S. & BROOK, D.W. 1978. *The psychology of adolescence*. New York: Macmillan.

JONES, V.F. 1980. *Adolescents with behavior problems*. New York: Allyn & Bacon.

KARSTEN, C. 1993. Rock wat jou ruk. *Rapport*, 1993-03-07: 15.

KILIAN, C.J.G. 1990. *Rock music and the morals and values of teenagers: a christian perspective*. Johannesburg: Rand Afrikaans University. (M.Ed. dissertation)

KLEIN, J.T. 1978. A pluralistic model for educational policy making. *Educational Theory*, 28(2): 85-89.

KLUGE, N. 1989. *Die Liebe auf der Spur*. Düsseldorf: Albanus Verlag.

KOK, J.F.W. 1986. *Specifiek opvoeden*. Leuven: Acco.

KOTZÉ, C.J. 1992. *Die rol van die skoolvoorigter in die problematiek van wanaanpassing en wangedrag by leerlinge in sekondêre skole in die Oranje-Vrystaat – 'n psigopedagogiese ondersoek*. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (D.Ed.-proefskrif)

KOTZÉ, J.M.A. 1989. Vader-dogterinses – die verkragting van die pedagogiese verhoudingstrukture. *South African Journal of Education*, 10(1): 31-38.

KROHN, V.J. 1982. *Die sosiale lewe van die jeugdige-in-opvoeding*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (D.Ed.-proefskrif)

- LAMPRECHT, C. 1988. *My kind 'n wenner*. Kaapstad: Tafelberg.
- LANDMAN, W.A. 1972. *Leesboek vir die Christen-opvoeder*. Pretoria: N.G.-Kerkboekhandel.
- LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. & MENTZ, N.J. 1979. *Fundamentele pedagogiek, leerwyses en vakonderrig*. Durban: Butterworths.
- LAUER, R.H. 1989. *Social problems and the quality of life*. Dubuque: C. Brown Publishers.
- LEAR, E. 1986. Training South African blacks. *Africa Insight*, 16(1): 21-27.
- LE FLORE, L. 1988. Delinquent youths and family. *Adolescent*, 23(91): 629-642.
- LE ROUX, J. (red.) 1992. *Temas in die sosiopedagogiek*. Pretoria: Van Schaik.
- LE ROUX, J. (red.) 1993. *The black child in crisis. A social educational perspective*. Pretoria: Van Schaik.
- LE ROUX, J. & DEY, L. 1994. Massamedia as manifestasie van 'n eietydse verseksualiseerde samelewing. *Pedagogiekjoernaal*, 15(2): 63-73.
- LE ROUX, J. & DEY, L. 1994. Opvoedingsimplikasies van 'n eietydse verseksualiseerde samelewing. *Pedagogiekjoernaal*, 15(1): 74-85.
- LE ROUX, J.G. 1979. *'n Ondersoek na die selfkonsep as moderator-veradelike van die persoonlikheid met besondere verwysing na primêre skoolleerlinge*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (D.Ed.-proefskrif)

LOEDOLFF, J.F. & LOUW, D.A. 1972. *Dwelmmiddels: wat, hoe, waarom?* Johannesburg: McGraw-Hill.

LONGSTREET, W.S. 1978. *Aspects of ethnicity. Understanding differences in pluralistic classrooms.* New York: Teacher College Press.

LOURENCO, O.M. 1993. Towards a Piagetian explanation of the development of pro-social behaviour in children. *British Journal of Developmental Psychology*, 11(1): 91-106.

LOUW, D.A. (red.) 1982. *Inleiding tot die psigologie.* Johannesburg: McGraw-Hill.

LOUW, G.J.J. 1981. *'n Temporaliteitspedagogiese verantwoording van opvoeding in 'n veelvolkige samelewing met besondere verwysing na multikulturele onderwys.* Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth. (D.Ed.-proefskrif)

LOUW, G.J.J. 1991. Die sogenaamde moderne opvatting van seksualiteit en die implikasies daarvan vir die opvoeding. *Koers*, 56(3): 447-461.

LOUW, W.J. (red.) 1987. *Gesin in krisis.* Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

LYSTAD, M. (ed.) 1986. *Violence in the home: interdisciplinary perspectives.* New York: Mazel.

MABEE, C. 1987. Margaret Mead and behavioral scientists in World War II. *Journal of the History of the Behavioral Sciences*, 23(1): 3-13.

MAARTENS, M. 1992. *Motte en magrietjies.* Kaapstad: Lux Verbi.

MAGID, B. (ed.) 1993. *Freud's case studies: self-psychological perspectives*. Hillsdale: Analytic Press.

MANASTER, G.J. 1977. *Adolescent development and life tasks*. Boston: Allyn & Bacon.

MANNING, M. 1983. Three myths concerning adolescence. *Adolescence*, 18(72): 823-829.

MARAIS, H.C. (ed.) 1988. *South Africa: perspectives of the future*. Pinetown: Owen Burgess.

MARCIA, J.E. 1980. *Identity in adolescence*. New York: Wiley.

MARSH, H.W. 1984. Relations among dimensions of self-attribution, dimensions of self-concept, and academic achievements. *Journal of Educational Psychology*, 76(6): 1291-1308.

MARTINELLI, K.J. 1987. Thinking straight about thinking. *School Administrator*, 44(1): 21-23.

McCABE, P. & SCHONFELD, R.D. 1984. *John Lennon: for the record*. New York: Bantam Books.

McCANDLESS, B.R. & COOP, R.H. 1979. *Adolescents: behavior and development*. New York: Holt, Rinehart & Winston.

McDOWELL, J. 1990. *The myths of sex education*. San Bernardino: Here's Life Publishers Inc.

McDOWELL, J. 1992. *Why wait? What you need to know about the teen sexuality crisis.* San Bernardino: Here's Life Publishers Inc.

McKENDRICK, B. & HOFFMAN, W. (eds.) 1990. *People and violence in South Africa.* London: Routledge & Kegan Paul.

McLAUGHLIN, M.L. & ERICKSON, K.V. 1981. A multidimensional scaling analysis of the "ideal interpersonal communication instructor". *Communication Education*, 30(4): 393-398.

MEYER, D.J. 1985. Rock and subsonic tones. *Last Trumpet Newsletter*, 4(13): 3-4.

MILLER, D. 1979. Religious education and cultural pluralism. *Religious Education*, 74(4): 339-349.

MONTEITH, J.L. de K., POSTMA, F. & SCOTT, M. 1988. *Die opvoeding en ontwikkeling van die adolessent.* Pretoria: Academica.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1985. *Metodologie van die geesteswetenskappe: basiese begrippe.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

MULLER, A. 1990: *The influence of violence on children.* Occasional Paper no. 13. Centre for intergroup studies. Cape Town: University of Cape Town.

NEL, A. & URBANI, G. 1990. *An introduction to psychopedagogics.* Durban: Rapid Results.

NELL, I. 1993. Onderhoud gevoer oor geweld in die gesin te Amanzimtoti op 1993-03-18.

OBERHOLZER, M.O. 1989. Outentieke opvoeding in 'n multikulturele en tegnologies-georiënteerde tydsgewrig. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 9(3): 521-529.

OOSTHUIZEN, V. 1990. *The establishment of sexual values in the teenage girl*. Pretoria: University of Pretoria. (M.Ed.-dissertation)

PACKARD, V. 1983. *Our endangered children*. Boston: Little, Brown.

PANG, M. & EDWARDS, H. 1983. *Loving John*. New York: Warner Books.

PAPALIA, D.E. & OLDS, S.W. 1981. *Human development*. New York: McGraw-Hill.

PARISH, T.S. 1991. Ratings of self and parents by youth: Are they affected by family status, gender and birth order? *Adolescence*, 26(101): 105-112.

PAULSEN, W.J. 1992. *Die terrein en funksie van die psigopedagogiek*. (Klasaantekeninge: Departement Psigopedagogiek) Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

PETE, J.M. & DE SANTIS, L. 1990. Sexual decision making in young black adolescent females. *Adolescence*, 25(97): 145-154.

- PETERS, J.F. 1985. Adolescents as socialization agents to parents. *Adolescence*, 10(80): 921-932.
- PHEWA, G.V. 1992. *Problems experienced by black parents in relationship with their adolescent children: a psychopedagogic perspective*. Durban: University of Zululand. (M.Ed. dissertation)
- PIAGET, J. 1971. *Problems of equilibration*. Philadelphia: The Jean Piaget Society.
- PISTORIUS, P. 1983. *Kind in ons midde*. Kaapstad: Tafelberg.
- PLUG, C., MEYER, W.F., LOUW, D.A. & GOUWS, L.A. 1991. *Psigologiewoordeboek*. Johannesburg: Lexicon.
- POLAK, F.L. 1968. *Gesprek met morgen*. Bossum: Teleboek.
- PRATTE, R. 1979. *Pluralism in education: conflict, clarity and commitment*. Springfield: Charles C. Thomas.
- PRETORIUS, J.W.M. 1972. *Kinderlike belewing*. Johannesburg: Perskor.
- PRETORIUS, J.W.M. 1990. *Opvoeding, samelewing, jeug*. Pretoria: Van Schaik.
- PROEFROCK, D.W. 1981. Adolescence: social fact and psychological concept. *Adolescence*, 16(64): 851-858.
- RAMIREZ, M. & CASTANEDA, A. 1974. *Cultural democracy, bicognitive development and education*. New York: Academic Press.

RICE, F.P. 1981. *The adolescent, development, relationships and culture*. Boston: Allyn & Bacon.

RICH, J.M. 1993. Discipline and moral development. *High School Journal*, 76(2): 129-144.

ROMANISH, B. 1986. Critical thinking and the curriculum: a critique. *Educational Form*, 51(1): 45-56.

ROSENZWEIG, S. 1992. *Freud, Jung and Hall the king-maker*. St Louis: Rana House.

RUSSEL, M. 1988. The monster within. *Reader's Digest*, 132(794): 161-206.

SAGY, S., ANTONOVSKY, A. & ADLER, I. 1990. Explaining life satisfaction in later life. *Behavior, Health and Aging*, 1(1): 11-25.

SCARLETT, W.G. & PERRIELLO, L. 1991. The development of prayer in adolescence. *New Directions for Child Development*, 58(2): 93-95.

SAX, G. 1979. *Foundations of educational research*. New Jersey: Prentice-Hall.

SCHAEFER, C.A. & GARSUCH, R.L. 1993. Situational and personal variations in religious coping. *Journal for the Scientific Study of Religion*, 32(2): 136-147.

SCHUTTE, N.S. 1988. Effects of playing video games on children's aggressive and other behaviours. *Journal of Applied Psychology*, 18(5): 454-460.

SEALE, R. 1988. *Rock musiek*. Pretoria: Sigma Pers.

SEALE, R. 1992. *Rock musiek – die reg om te weet*. Pretoria: Sigma Pers.

SECKINGER, D.S. 1975. *A problems approach to foundations of teaching*. New York: John Wiley & Sons.

SERBIN, L.A., POWLISHTA, K.K. & GULKO, J. 1993. Sex roles, status, and the need for social change. *Monographs of the Society for Research in Child Development*, 58(2): 93-95.

SERFONTEIN, J. 1985. *Die see lewe*. Referaat gelewer tydens die wêreld-omgewingsdagkonferensie in Pretoria op 1985-06-05.

SHOSTAK, A.B. 1981. The coming systems break: technology and schools of the future. *Phi Delta Kappan*, 62(5): 356-359.

SKINNER, B.F. 1990. Can psychology be a science of mind? *American Psychologist*, 45(11): 1206-1210.

SLAVIN, R.E. 1982. *Research methods in education: a practical guide*. New Jersey: Prentice-Hall.

SLAVIN, R.E. 1986. *Educational psychology: theory into practice*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

SMAL, P.J.H. 1982. *'n Kritiese besinning oor die vormende bydrae van die fundamentele pedagogiek tot 'n perspektiefverruimde denkhouding by die onderwysstudent teen die agtergrond van die moderne tydsgewrig*. Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth. (D.Ed.-proefskrif)

SMITH, R. 1981. *Leer die kind ken: riglyne vir die maatskaplike werker*. Pretoria: Academica.

SNODGRASS, D.M. 1991. The parent connection. *Adolescence*, 26(101): 83-87.

SONNEKUS, M.C.H. 1968. *Die leefwêreld van die kind as beleweniswêreld*. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers.

SONNEKUS, M.C.H. & FERREIRA, G.V. 1979. *Die psigiese lewe van die kind-in-opvoeding*. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers.

STACEY, J. 1986. Non-formal education essential. *IPM-Journal*, 5(5): 23-24.

STAPLES, A.D. 1987. *A fundamental analysis and evaluation of multicultural education with special reference to the private school*. Pretoria: University of South Africa. (D.Ed. thesis)

